

#53

5 BESTANDELE... EN KOS IS OP DIE TAFEL!

FEBRUARIE-MAART 2023 | UITGAWE 53

Weg!

Ry & Sleep

Die Namib

Ry op sy soom waar goeie mense woon

Dinokeng
Kamp noord...
lángs die leeus

WOONWATOETS

TOURER SX ENDURO

Goed word sommer báie beter

Kaapse wynland

Span uit langs die Breërivier

NUWE RYGOED

RANGER VS. AMAROK

Só verskil die 'broers'

Wat maak 'n kampbakkie so lekker?

'n Leser spog met sy nuwe toertrokkie

NUWE KAMPGOED Alte luuks in die ELXV Ghari 4.7 | RY-INDRUK Beijing wys sy X55

SLEEPTOETS Defender 90 vat voor | NUWE RYGOED Mahindra se beste sportnuts nóg

ROETES WAT ROEP RY DIE KAAP SE KLEINSTE TAFELBERG

R100,00 (BTW ingesluit)
Namibië N\$100,00

DIE NUWE 165 kW

HILUX

GR SPORT



Model Vertoon: Hilux 2.8 GD-6 4X4 GR-Sport 6AT

LEGENDARIESE TAAIHEID

Suid-Afrika se gunsteling bakkie is terug – nou met meer krag, meer wringkrag en selfs nog meer GRRR as voorheen.


Beleef 165 kW in 'n bakkie wat met die perfekte balans tussen legendariese veldry-taaiheid en die opwindende van Toyota Gazoo Racing pronk. Detail van die Dakar-veldtydren is in die herontwerpte voorste buffer, indrukwekkende swart sierrooster met Toyota in blokletters, 'n stileerbalk, intrieke rooi Gazoo-stikwerk en 17" aliooi-sierwiele te sien.

Bespreek vandag nog 'n toetsrit by www.toyota.co.za

Onderworpe aan beskikbaarheid.    



Soveel keuses...



Wat is die Afrikaans vir “Time flies when you’re having fun”: Lekker is maar ’n vinger lank? Plesier is van korte duur?

Hoe ook al, my ouers het middel Desember al Kaap toe gekom vir die afgelope feestyd en amper ’n maand gebly. Omdat hulle so ver van ons af woon, sien ek hulle nie gereeld nie – dit

was dus wonderlik om hulle vir so lank hier te hê.

Toe hulle hier aankom, het ons nog vir mekaar gesê hoe heerlik dit gaan wees om vir so lank te kan kuier. Die kersie op die koek was dat al drie my broers en my sussie (met hulle gesinne) ook van reg oor die land (én van België!) af gekom het om Kersfees saam te wees.

Dit het my siel goed gedoen om al my mense ’n paar dae lank op een plek te hê. Die enigste klein struikelblok was toe ons êrens tussen Kersfees en Nuwejaar besluit om op te ruk na die Kaapse Waterfront toe vir aandete – sonder om ’n tafel iewers te bespreek. Nog nooit was “’n tafel vir 18” só ’n onredelike versoek nie...

Ons het heerlik gekuier, gebraai, geswem, tuinkrieket gespeel (my bene is nou nog styf), geëet... vaderland, het ons geëet... en opgevang met alles wat oor die laaste twee jaar in elkeen se lewe gebeur het.

“


Omdat hulle so ver van ons af woon, sien ek hulle nie gereeld nie – dit was dus wonderlik om hulle vir so lank hier te hê.

”

Maar dit was in ’n oogwink verby. Sommer net so.

Gelukkig het nie almal weer saam koers gekies nie. Dit het geleidelik gebeur, en die huis het elke paar dae ’n bietjie minder bedrywig geraak. En nou’s almal weer terug by hulle eie huis en die stilte hier is tasbaar.

Dit is die moeilikheid met iets waarna ’n mens so baie uit-sien: Dit gaan so verdomp vinnig weer verby! En hoewel dit ’n verrykende kuier was wat wondere verrig het vir liggaam



én gees, voel jy tog effens leeg wanneer dit klaar is, omdat jy soveel van jou energie en dryfkrag op die vooruitsig daarvan gestort het.

Wat nou? Hoe maak jy nou met hierdie leë kol op jou maag? Jy kry vir jou die volgende ding om na uit te sien, natuurlik! Met die Oordgids 2023 in jou hande kan dit beswaarlik makliker. Dit is die grootste Oordgids tot nog toe, met ’n allemintige 206 kampbestemmings van reg oor die land, en ons het vir jou al die inligting wat jy nodig het, netjies opgesom saam met die jongste foto’s sodat jy self kan sien hoe dit daar lyk.

As jy dus in die Bosveld wil gaan wegkruip, langs die see wil baljaar of die kinders met ’n kampvakansie trakteer waar waterwurms, minigolfbane en warmwaterswembaddens wag, is al jou keuses op een plek – en hy’s nou op rak.

Veilig reis!

Schalk

REDAKTEUR

schalk.jonker@media24.com

Inhoud

#53 | Februarie-Maart 2023




LESERSTORIE 68



4x4-BESTEMMING 44



NAWEEKBESTEMMING 54



ROETES WAT ROEP 60



ELKE MAAND

3 REDAKTEURSBRIEF

6 POSBUS

12 NUUS

24 NUWE KAMPGOED

28 NUWE RYGOED

64 MY WIELE

76 RY-INDRUK

80 SLEEPTOETS

84 WOONWATOETS

88 KAMPBOFFIN

92 4x4-PROFESSOR

94 TOERUSTING

98 KAMPKOS

113 BLOKRAAI

114 PRETBLAD

116 MIC SE RUBRIEK

118 NEELS SE STOEPENT

120 RUBRIEK


122 IETS ANDERS



6

KAMP & KATROL 74

KAMPBESTEMMING 32



#53 VOORBLADFOTO – TOAST COETZER

“ Met eerstelig by die Bushman's-woestynkamp naby Solitaire het Jeremy en Diana Kirkwood reeds die koffie en beskuit gereed sodat hulle die laaste dag kan geniet van hulle Namibië-vakansie. Hulle is van Mtunzini in KwaZulu-Natal en was op hulle wittebroodsreis in hulle Volkswagen California Coast-bussie. ”

Kameraverstellings Fujifilm X-E4; f6,4; 1/250ste van 'n sekonde; 18 mm-lens; ISO 400

REDAKSIE

REDAKTEUR SCHALK JONKER ✉ schalk.jonker@media24.com
JOERNALISTE LEON BOTHA ✉ leon.botha@media24.com
CYRIL KLOPPER ✉ cyril.klopper@media24.com
UITLEGKUNSTENAARS DOMINIC WIENAND ✉ dominic.wienand@media24.com
OWEN WILLOUGHBY ✉ owen.willoughby@media24.com
TEKSREDAKTEUR PETER VAN NOORD ✉ peter@subteks.co.za
KOSREDAKTEUR JOHANÉ NEILSON
MULTIMEDIA DESIREE HARTNEY ✉ desiree.hartney@media24.com

MEDIA24 KORPORATIEF

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 ISHMET DAVIDSON
HOOFBESTUURDER: LEEFSTYL EN NUUS MINETTE FERREIRA

UITGEWERSPAN: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOFBESTUURDER NERISA COETZEE
FINANSIËLE BESTUURDER JAMEELAH CONWAY
BEDRYFSBESTUURDER EDWINA LYNERS
SIRKULASIEBESTUURDER ARMAND KASSELMAN
✉ armand.kasselmann@onthedot.co.za
HOOF: PRODUKSIE JACQUES DU PLOOY

VERKOPE EN BORGSKAPPE

HOOF: BORGSKAPPE EN KOMMERSIEEL NIKKI RUTTIMANN
✉ nikkir@media24.com
HOOF: ADVERTENSIES DANIE NELL
✉ danie.nell@media24.com ☎ 082 859 0542
KLIËNTEBESTUURDER SHARLENE SMITH
✉ sharlene.smith@media24.com ☎ 083 583 1604

MEDIA24 DIVERSE INKOMSTE LISE VAN BREDA

✉ lise.coetsee@media24.com
HOOF: DIVERSE PROJEKTE FRANCOIS MALAN
✉ francois.malan@media24.com

KREATIEWE ATELJEE: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOF MICHAEL DE BEER
BESTURENDE REDAKTEUR: KOMMERSIEEL GERDA ENGELBRECHT
BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI ✉ andile.nkosi@media24.com
TEKSREDAKTEUR: ADVERTENSIES BRIGITTE BLANCKENBERG

AANLYNWINKEL YUMNA TOFEY ✉ yumna.tofey@media24.com

KONTAK ONS

YUMNA TOFEY ☎ 021 406 2205 ✉ yumna.tofey@media24.com

KAAPSTAD

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 740, Kaapstad 8000
STRAATADRES 19de verdieping, Media24-gebou, Heerengracht 40, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG

POSADRES Weg Ry & Sleep, Posbus 785266, Sandton 2146
STRAATADRES Kikuyustraat 6, Sunninghill 2191

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

☎ 087 353 1300 | ☎ +27 21 065 0033 (internasionaal)
 Faks 086 296 6681 | WhatsApp 087 353 1333
 SMS "diens" na 31069 | ✉ subs@media24.com



DRUKWERK CIP
 Alle regte word voorbehou.



Ry & Sleep is 'n lid van die Ouditburo vir Sirkulasie



© Kopiereg Weg Ry & Sleep. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24



Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by rysleap@weg.co.za en onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. *Ry & Sleep* behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeëddunke in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.



Ons sê baie dankie!

Ry & Sleep is baie meer as 'n buitelewydskrif – dit is amper soos 'n brief aan 'n vriend.

Ons is baie lief vir die bos, en die nuusbrokkie oor die nuwe boskamp net anderkant Hoedspruit in die Oktober-November 2022-uitgawe het ons belangstelling sô geprikkel dat ons dadelik plek bespreek het.

Dankie ook vir die belewenis wat julle in die kampbestemming-artikel in dieselfde uitgawe deel. Ons het besluit om ons vyftigste huweliksherdenking in Marloth Park te vier – dit sal in Februarie wees. Ons is so beïndruk met die plek en

weet sommer ons gaan dit baie geniet.

Verder lees 'n mens van soveel ander wonderlike plekke. Ons gaan beslis die Goegap-natuurreservaat besoek met sy vele blomme en klippe. Ek is mal oor veldblomme soos gansogies, viooltjies, vygies en gousblomme, en by Goegap ervaar jy hierdie veldskoonheid.

Ons kan nie sonder *Ry & Sleep* klaarkom nie. Ons sal ons middagetegeld gebruik en honger ly, maar dié tydskrif vol kampnuus, kampplekke, die nuutste wiede, hengelnuus en veel meer mag ons nie misloop nie.

Verder maak *Ry & Sleep* van my as vrou

in die kampplek 'n voorslagkok met al die smaaklike resepte.

Dankie vir die propvol, sinvolle, en kleurryke nuwe uitgawe. Ek het pas myne flenters gelees en sô weggevoer was ek, ek het dit weer van agter na voor gelees. Trouens, ek dink dis die beste Afrikaanse buitelewydskrif. Ek wil elke kampeerder versoek en aanmoedig om *Ry & Sleep* deel van hulle lewe te maak.

Die uitleg is puik en die redakteursbrief altyd inspirerend.

NOLS & ANTOINETTE SCHOEMAN
Riebeeckstad >

BIELIEBRIEF

Nols en Antoinette wen 'n koelsak ter waarde van R220. Of jy nou kamp, pieknik hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir 'n kosblik én genoeg ruimte vir 'n 1,5 l-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir 'n bottel die helfte van dié grootte. Verder is die binnekant met 'n PVC-laag uitgevoer wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook 'n handvat wat bo-oor kom en met klitsrits heg, asook 'n skouerband as jy jou hande los wil hê.

winkel.weg.co.za





★★★★★

Onvergelykbaar!

- ✓ Toegang tot Volle Badkamer Tydens Reis ✓ Aërodinamies ✓ Geen Seil Panele ✓ 360° Panoramiese Uitsig ✓ Top Veldry Vermoë



Skandeer om die video te kyk



ALUMINIUM TELESKOPIESE PALE

BESTE
PRYS

22/25 Verleng tot 2.3m
R110



SENIOR GAZEBO



OPSIONELE EKSTRAS



DAKTENTE



1.2 m x 2.4 m **R12 910**
1.4 m x 2.4 m **R14 980**
1.6 m x 2.4 m **R15 790**
2 m x 2.4 m **R18 360**

PROTENT
1.4 m **R19 490**

GESINSLEEPWATENT*

Pas op 1.6 m hoë sleepwa
R23 620



BOOGTENTREEKS



RANGER 2.1m x 2.1m x 1.8m
R3 800

JUNIOR WANDERER
2.5m x 2.5m x 1.95m
R4 320

SENIOR WANDERER
3m x 3m x 2.2 m
R5 120

BUNDU-AFDAK



HET DIE TOETS VAN TYD DEURSTAAN

Ontwerp wat nooit oud word nie

BUNDU-WASBAK

15 Lt **R290**



EETKAMERSKUILING

3.5m x 3.0m x 2.5m
R7 000



NOU MET
6-POOT-STAAL-
RAAM

SENIOR SAFARI BOW DELUXE

3.0 m x 3.0 m x 2.2 m

NUWE KENMERKE:
• 3 vensters wat van binne en buite toemaak
• Lug-opening
• Veranda

R6 720



SAHARA DELUXE

SAHARA LODGE

SAHARA GRAND

**Sluit en-suite-agterbadkamer in*

JUNIOR SAHARA

4.5m x 2.9m x 2.5m
R9 670



NOU MET
VLEKVRYE-
STAAL-RAAM

**Symure en endmuur beskikbaar
Geboë pale beskikbaar*



**Symure en endmuur beskikbaar
Geboë pale beskikbaar*



**Symure en endmuur beskikbaar
Geboë pale beskikbaar*



**Symure en endmuur beskikbaar
Geboë pale beskikbaar*

OOK TE KRY BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS



SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za
TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



VOERTUIG-STORTHOKKIE

1m x 1m
(Verstelbare
hoogte)

R2 650



Vou op in PVC-sak

PORTA POTTI

*Porta Potti-sak beskikbaar

10Lt **R1 150**
20Lt **R1 299**



*Toilet-chemikalieë beskikbaar



DRAAGBARE WASBAK

- Vloeibare seep-houer
- Toilettrol/handdoekhouer
- Dreinpyp
- Drahandvatset
- Voetpomp
- Wiele vir maklike beweeg

R1 180

*Kan konnekteer aan
Tentco Porta Potti



1.4M DAKTENT DELUXE



1.4m x 2.4m
R15 999

WINDBREKER

5m x 1,5m. 80% skadunet. **R670**



OPVOU-GRAAF

R110



DEAD BLOW-HAMER

R140 1.3kg

- PVC
- Kop gevul met staaldeeltjies, gee ekstra krag aan hamer & keer dat hamer terugspring
- Diamantek-stuur-glywerende handvatset



**BRAAIROOSTERS
VAN VLEKVRYE STAAL**

vanaf **R220**



*Braaitange en
braairoosterborsels beskikbaar

2, 3 & 4-RAK KASSIES

3-rak **R1 070**

4-rak **R1 700**



2-rak **R1 110**

KOMBUISKABINET DELUXE

R1 350



SKOTTELGOEDTAFEL



R1 620

Met wasbakke en droograk

*Sak beskikbaar

KLERE-DROËR



Pakgrootte:
83cm x 25cm x 15cm
R760

SELF-OPBLAAS-MATRAS



5cm: 200cm x 62cm x 5cm

R880

10cm: 203cm x 67cm x 10cm

R1 250

OPVOU BEDDENS

Deluxe Standard: 190cm x 65cm x 40cm

R1 185

Deluxe Large: 210cm x 75cm x 47cm

R1 350



*Opvou- en oprolmatrassie beskikbaar

OPVOU TAFELS



120cm x 60cm x 74cm

R920

180cm x 74cm x 74cm

R1 080

OPVOU-ALUMINIUMSTOEL/TAFEL



R225

SL-1-STOEL

Maks. gewig:
100kg



*Te kry in groen, grys en blou

SLX-2

Maks. gewig:
150 kg



R1 100


DC 3 STOEL



Maks. gewig:
150kg **R635**

DIREKTEURSTOEL

Maks. gewig: 150 kg **R860**



NUUT

NOU MET
VLEKVRYE-
STAAL-RAAM

BIG BOY-STOEL



R830

Maks. gewig:
150kg

OOK TE KRY BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMP.CLIMB

Kloppers

OUTDOOR
WAREHOUSE

agra

Agri Land

LeisureWorld

AGRI-MARK

Riley's Garage

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



Nog 'n paar nulle vir Vredefort

Ek verwys na die Naweeskamp-artikel in die Desember 2022-Januarie 2023-uitgawe waar die skrywer sê 'n meteoriet het die omgewing van Vredefort rondom 2 miljoen jaar gelede getref. Dit is natuurlik eerder 2000 miljoen – dus 2 miljard – jaar gelede. In syfers lees dit 2023 000 000, om presies te wees.

Dit is moeilik vir 'n mens om werklik sulke groot getalle te begryp.

FIONA MASKELL
Johannesburg



Hokaai met daai ketting

In die vorige uitgawe is 'n brief van Danie Breytenbach waarin hy voorstel die noodrem van die woonwa word vasgeketting om te keer dat kwaaddoeners die rem kan optrek.

Op 'n moderne woonwa met inloopremme sal die remme dan nie werk ingeval die woonwa in die ry afhaak nie. Die noodkabel sal nie die noodrem kan aktiveer nie.

Dit is onwettig en kan rampspoedige gevolge hê.

GARRY COADY
Pinetown

Oog op die rem

Gedurende 'n onlangse kamp hoor ek in 'n gesprek om die kampvuur van hierdie nuwe slenter: Kwaaddoeners beweeg tussen voertuie in die strate in soos hulle stilhou by stopstrate en verkeersligte, en selfs as jy brandstof ingooi. Die skobbejakke trek dan die woonwa se handrem ongesiens op, en as jy dan sukkel om weg te kom en uitklom om ondersoek in te stel, slaan die ouens en hulle makkers toe en beroof jou.

Ek het besluit om 'n teenvoeter hiervoor te maak. 'n Mens kan dit self doen

en die koste beloop nie eens R15 nie: Ek het 'n kort ketting onder die koppelsstuk vasgebout sonder om enige gate te boor, ook met 'n hangalot aan. Toe het ek 'n tweede kort ketting gevat en aan 'n kort pyp vasgesweis – dié pyp moet groot genoeg wees om oor die hefboom van die rem te pas. Skuif dit oor en sluit die twee kettings met die slot vas wanneer jy sleep.

Nou kan niemand dit oplik nie.


DANIE BREYTENBACH
Vereeniging >



KOMMENTAAR VAN DIE MAAND!

Op Facebook wil ons weet wie reis wyd en wie ry met Jan Tuisbly se karretjie. Die Krugers en Van Rooyens is sterk op pad na dieselfde plek.

Astella Kruger "Ons gaan Stoepfontein toe – al saam met die son."
Danie Van Rooyen "Ons doen die Tuinroete vanjaar. Een dag voor in die tuin en die ander agter in die tuin." 🌞



Volg @wegrysleep op Instagram en merk jou foto's met #wegrysleep – ons publiseer dit dalk op ons profiel of op dié blad.



*Nuwe Swift-, Okto-, Stealth-karavane, Bush Lapa, Nayela-veldkaravane en bekendstelling van die Nuwe, sterk hoevlaktechnologie-polimeersamestelling, Edgeout Teardrop-grondpadsleepwal
 *Talle goeie gehalte uitgesoekte, gebruikte karavane. *Kamp- en veldsleepwaens.
 *Dak- en sleepwatente, seil- en nylonkamptente. *Fabrieksgoedgekeurde werkswinkel.
 *Volle toegeruste LeisureWorld winkel met al jou kamp en karavaan toerusting en parte.

LeisureWorld

Loftus Caravan City

Tel: 011-792-1456

Trotse voorraadhouer van en goedgekeurde handelaar vir:

OKTO
CARAVANS

STEALTH
CARAVANS



SWIFT

Bush Lapa
allroad caravans

NAYELA
CC

EDGEOUT

Nuwe kampplek in die Kalahari

FOTO'S E.J. POTGIETER

Kampplekke tussen Kuruman en Askham in die Noord-Kaap is so skaars soos hoendertande, en daarom is 'n nuwe kampplek in dié omgewing groot nuus.

Kalahari Erfenis is 24 km buite Hotazel, dus 'n ideale oornagplek tussen Gauteng en die Kgalagadi-oorgrenspark. Boonop is die pad oor Hotazel 124 km korter as oor Upington (dis as jy nie gepla is deur die 146 km grondpad tussen Van Zylsrus en Askham nie).

Die eienaars, Renier en Elske Strydom, het 'n eiesoortige aanslag. Hier is ses staanplekke in 'n halfmaan uitgelê, en elkeen het 'n luukse tent met slaapplek vir twee. Die staanplekke is só uitgelê dat jy jou woonwa langs die bestaande struktuur kan trek met genoeg plek om op te slaan. Buiten die permanente tent – wat onder 'n dak staan met 'n betonvloer langs – het jy ook jou eie ingeboude braaiplek en 'n opwasplek met 'n marmerblad langs.

Hier is elektrisiteit wat van sonpanele af kom, en 'n omskakelaar sorg vir 220V op jou staanplek.

Die badkamergebou is tussen die derde en vierde staanplek ingerig en het ses badkamervertrekke wat elkeen aan een spesifieke staanplek toegewys word. Jou eie geriewe dus, met 'n stort, wasbak en toilet. Hier is ook 'n kombuis met breek-

ware, 'n yskas, stoof, potte en panne plus 'n braaiplek. As jy dus net een aand oorbly, hoef jy nie uit te pak nie.

As jy effens langer vertoef, oorweeg gerus 'n wildrit. Jy kan verwag om steenbokke, duikers, springbokke, rooihartbeeste, elande, gemsbokke, volstruise en koedoes te sien op die plaas van 1 100 ha. Dit kos R150 p.p. (en teen R350 kan jy 'n kaasbord vir twee met skemerkelkies bestel). Op pad terug – ongeveer 2 km van die kampgedeelte af – kan jy die middagstuf afspoel in die plaasdam met 'n windpomp langs.

Jy kan vooraf kos bestel: ontbyt, aandete, kospakkies of selfs borde vol snoepgoed. As sake volgens plan verloop, sal hulle eersdaags ook braaipakkies hê met bees- en skaapvleis. Erfenis se kroeg werk op 'n eerlikheidsgrondslag.

Die laaste 8 km is grondpad, maar dit word maandeliks geskraap. Ná 4 km moet jy oor 'n laagwaterbrug oor die Kurumanrivier ry.

Hier is selfoonontvangs en gratis wifi op jou staanplek; ys en braaihout is ook beskikbaar.

Prys R750 p.n. per staanplek vir die eerste 2 mense; daarna R150 p.p. (BTW uitgesluit).

Kontak ☎ 053 741 1455 of 073 178 8156

✉ kalahari.cottage@vodamail.co.za

🌐 kalahari-erfenis.co.za >





Duo X

Xtra, Xtream, Xklusief

Uitswaai-af dak / 220V omsetter / groter bed / meer pakspasie / sterker battery laaistelsel / watertenk-vlakmeter / maklike toegang van buite tot binne-kaste en vele meer....



SCAN ME

www.invader.co.za



INVADER
Off-Road Campers



Ons s'n word almal s'n

Nadat Naas en Melanie Rautenbach hulle grond van net meer as 20 ha gekoop het, was dit nie lank nie of hulle besluit om dit met ander te deel. Die gedagte was eers om 'n naweekwegkomplek te kry, en vandag het hulle 'n netjiese woonwagpark wat behoorlik toegerus is.

Die Klipspringerkloof-boskamp lê 3,5 km noordoos van die Dinokeng-reservaat. Naas-hulle het self die plek van die grond af opgebou – in 2019 het hulle besluit om 'n chalet op te rig om vriende te huisves. As 'n mens 'n plaas het, kom almal kuier, sê Melanie – soveel so dat van die vriende voorgestel het hulle vestig 'n woonwagpark. Naas het werk gemaak hiervan... en teen September 2022 was die kampplek reg.

Die middelpunt is die swembad met nagebootse rotsafwerking, met rondom vyf staanplekke. Die staanplekke word verbind met 'n mooi gruisklippad wat met 'n ewe netjiese randsteen afgerond is.

Elkeen van die staanplekke is geplavei, en jy het jou 'n eie boma met 'n vuurput en braaipek.

Klippe uit die omgewing is gebruik vir jou eie stylvolle en geteëlde badkamergebou, elkeen met 'n wasbak, toilet en stort. Gasgeisers sorg vir warm water.

Die klip waarmee die badkamergebou is, het hoeka tot die naam van die woonwagpark gelei: Naas-hulle het die rantjies uitgery om klippe bymekaar te maak, en die rit was só stamperig dat 'n mens soos 'n klipspringer gevoel het. En op die verste punt van Klipspringerkloof kyk jy af oor 'n mooi kloof...

Die kampplek het omtrent dadelik uit sy nate gebars, en nog vyf staanplekke is



rondom die bestaande staanplekke aanbring. Hier het jy nie plaveisel nie, maar 'n blok met gruisklippies waarop jy jou wa staanmaak. Jy het ook jou eie badkamer, maar nie reg op jou staanplek nie. Staanplek nr. 6-8 se badkamers is in 'n gebou tussen nr. 7 en 8, en nr. 9 en 10 s'n tussen die twee. Hier is elektriese geisers.

Die kragpunt op jou staanplek is 'n gewone driepuntsok, en gratis wifi laat jou byhou met die familie en die wêreld.

Van die wildplase in die omgewing het hulle heinings laat sak, en daarom beweeg die wild vrylik rond – diere soos kameelperde, volstruise, njalas, vlakvarke, yster-varke, koedoes, sebras en waterbokke.

Kampeerders is welkom om te gaan stap of fietsry – jy kry 'n roetekaart. Wildkyk in jou eie voertuig is egter verbode.

Die laaste 7 km tot by Klipspringerkloof is grondpad wat die inwoners van die omgewing self onderhou.

Prys R460 p.n. per staanplek vir tot 4 mense (R560 oor naweke).

Kontak 082 578 1429 of 079 631 5844

📧 melanie.melanier@gmail.com

📍 Klipspringerkloof Bush Camp

>



-  Slegs B-lisensie nodig
-  Huisves 2-4 persone
-  Veselglaskappie & -bakpanele

K A M P E E R S L E E P W A



Kontakbesonderhede: 021 945 2142 (Kantoor/Michael)
sales@tongasa.com

www.tongasa.com

 Tonga Camping Trailer

Brugstr. 3, Triangle-plaas, Bellville 7530

TONGA

'n Droom word bewaarheid

Mike en Dawn Solyom het nog altyd gehoop hulle kan eendag 'n eie kampplek besit, en in November is dié droom bewaarheid.

Die Rotsinbos-wildplaas van 170 ha is 23 km buite Brits. Die egpaar is self kampeers en weet dus waarvan mense hou en nie. Die 19 staanplekke is almal in die bos op veldgras uitgelê, en elkeen het sy eie toesluitbadkamer.

Die private badkamers is in vyf geboue tussen die staanplekke. Jy het 'n stort en wasbak met 'n toilet in 'n aparte vertrek. Die skottelgoedopwasplek is aan die buitekant van die badkamer en gasgeisers maak warm water.

Die geboue is spesifiek met klinkerstene gebou om by die klipkoppie agter die staanplekke te pas, verduidelik Dawn. (Van die einste koppie af sien 'n mens die mooiste sonsondergange.)

Hier is hope koeltebome, en die staanplekke is goed ingerig: Jy het 'n kragpunt (huissok), 'n losstaande staalbraaier met 'n rooster, en 'n kraan met water uit die boorgat. Die swembad en klouterrame is 5 minute se stap van die kampplek af en word ook deur die gaste van die lodge op die plaas gebruik.

Die lodge en kampgedeelte is saam binne 'n kamp van 13 ha met 'n elektriese heining. Binne die heining kan jy verwag om diere soos njalas, vlakvarke en rooibokke te sien (op die res van die plaas is 'n groter verskeidenheid). Kampeers is welkom om te gaan stap of fietsry, maar jy mag nie in jou eie voertuig gaan wildkyk nie. Wildritte is beskikbaar – dit kos R150 p.p. en neem minstens 'n uur. Op so 'n rit kan jy ook nog blouwildebeeste, waterbokke, blesbokke, kameelperde, sebras en koedoes sien.

Die laaste 5 km tot by die kampplek is

'n grondpad wat mooi onderhou word, en jy kan dus 'n gewone padwoonwa sleep. Die eerste helfte is tussen groentelanderye deur en die laaste 2,5 km op die plaas self. Die nuwe kantoor is in aanbou en sal 'n kiosk insluit. Intussen kan jy ys en sekelboshout koop.

As jy nog nie 'n woonwa besit nie, het die Solyoms 'n boswoonwa wat jy kan huur sodat jy dit eerstehands kan ervaar. Ekstra bosstaanplekke naby die swembad word ook beplan, elk met 'n buitestort en onderdakspoeltoilet, en dan word daar ook gewerk aan 'n groepie staanplekke verder in die bos waar jy selfvoorsienend kamp met jou eie bad wat jy met 'n houtvuur verhit.

Prys R650 p.n. per staanplek vir tot 4 mens; daarna R150 p.p. ekstra. Toegang vir 'n tweede voertuig kos R100.

Kontak 083 793 6361 info@rotsinbos.co.za Rotsinbos Private Game Farm >





GERIEF
WAT JOU VOLG!

STEALTH CARAVANS

BESOEK DIE STEALTH-KARAVAAFAMILIE BY DIE
KARAVAANSKOU BY GALLAGHER CC, 24-26 FEBRUARIE 2023

OVERLANDER
634 VOLLE VELD-
VOERTUIG

X-COUNTRY 594
4-BED / 533
3-BED EN 592
EN SUITE

BUSHLodge
XTREME GROND-
PADKARAVAN

OVERLANDER
574 GESINS-
KARAVAN MET
DUBBEL-SLAAP-
BANKE

"Kom ontmoet die nuutste
familielid by die
2023-karavaanskou."

www.stealthcaravans.co.za

 StealthCaravans

BESOEK JOU NAASTE HANDELAAR VIR ONS HUIDIGE REEKS



KEMPTON CARAVANS & LEISUREWORLD
Natal Caravans & Marine (est. 1960)
Newcastle LeisureWorld
CARA-CAMP

Loftus Caravan City
Middelburg Caravans

Silver Lakes
Caravans

Nuwe kampplaas teenaan die Krokodil

Die Bergrivier-lodge-en-woonwapark is 'n nuwe kampplek 12 km buite Brits, teenaan die R511, die Thabazimbipad. Die 38 ha grond wat Johan en Jolene Lourens besit, grens vir 1,6 km aan die Krokodil-rivier en daar's verskillende verblyfopsies, waaronder chalets en 'n kampgedeelte wat in drie gedeeltes is.

Soos jy die terrein binnery, kry jy die restaurant en kroeg eerste, gevolg deur die swembad. Hier is twee 7 m lange glybane langs mekaar waar die kinders kan kyk wie eerste in die swembadwater land.

Drie van die staanplekke is langs die swembad uitgelê en daar's 'n badkamergebou naby. Net soos die res van die ander 15 staanplekke staan jy op 'n netjiese grasperk onder lieflike koeltebome. Die geriewe op elke staanplek sluit in 'n kragpunt (driepunt en blou woonwaprop), 'n gemesselde braaiplek met 'n rooster, en jou kraan. Die tien staanplekke langs die rivier, ook met 'n eie badkamer, is 500 m verderaan. Hier mag jy hengel (teen geen ekstra koste nie). Spits jou ore langs die viswaters; dis nie vreemd om die roep van 'n visarend te hoor nie...

Om by die derde groep staanplekke uit te kom hou jy regs ná die hek. Dis omtrent 600 m teen 'n lae koppie uit met 'n grondpad wat enige stadskarretjie sal baasraak. Die vyf staanplekke hier het bome en gras, maar ook fyntuin. Van hier af het jy 'n mooi uitsig oor die rantjies voor jou met die rivier wat aan die onderkant verby vloei.

'n Minigholfbaan word beplan.

Prys R500 p.n. per staanplek vir die eerste 4 mense; dan R150 p.p. (gratis vir kinders o.10).

Kontak 083 626 0549 BergRivier Lodge & Karavaan Park bergrivierlodge@gmail.com >



RHINOMAN XTREME-EN XPEDITION- KAPPIES

GEMAAK VIR JOU BAKKIE



KAPPIE KENMERKE:

- Volle voertuiggraad-aluminium
- Geïntegreerde lugvloei-opening
- Afhaalbare meeuwerkdeure
- Stofbestande selfdesleutel-slotte
- Gebinde, versterkte glas
- 2-jaar-vervaardigerswaarborg
- Uitgedrukte dakstawe – standaard



+ (27) 10 010 0060 | sales@rhinoman.co.za | www.rhinoman.co.za

BESKIKBAAR BY:



Lefokeng kry nuwe lewe

Die Lefokeng-kamp is 'n omheinde kampplek binne die grense van die Dinokeng-reservaat, en die nuwe eienaar, Gerhard Mulder, het nuwe lewe in die boskamp geblaas.

Die gronde is 21 ha, en daarvan is 1½ ha – met twaalf staanplekke – omhein. Die plekke is netjies tussen mekaar gespasieer en na wilde diere genoem. Dit sluit in name soos Duiker, Lion en Buffalo. Daar's geen krag op enige van die staanplekke nie behalwe vir Kudu. Jy kamp dus semi-selfversorgend, want hier is wel geriewe soos die swembad en badkamers.

Wat jy nie sommer by enige kampplek sien nie, is die oop ruimte op die staanplekke. Uiteraard is dit skoongemaakte kolle tussen die Bosveldbome, maar die meeste staanplekke is groot genoeg vir twee boswaens. Dis dus net die plek as julle 'n kampplek met vriende in die bos wil deel, maar elk met sy eie kamptoerusting. Waar gewoonlik ses mense per staanplek toegelaat word, is dit by die Lefokeng-boskamp agt.

Elke staanplek het 'n gemesselde braaiplek met 'n eie rooster en die waterkrane – met boorgatwater – is so pas aangelê.

'n Vuurput en kuierdeel is by die hek

soos jy inry met die swembad langsaan. Dit het plaveisel om en 'n afdak vir koelte nefsens dit. Die badkamergebou is ook langsaan en bestaan uit vier gesinsbadkamers.

Elk het 'n stort, wasbak en toilet en die skottelgoedopwasplek buite die gebou. Gasgeisers sorg vir die warm water en Gerhard beplan om private geriewe by vier van die staanplekke in te rig. Kragpunte by van die ander staanplekke is ook in die pylyn.

Prys R400 p.n. per staanplek vir tot 4 mense. Die volgende 4 betaal R100 p.p. (gratis vir kinders o.12). Die Kudu-staanplek kos R500 vir die eerste 4 mense.

Kontak 078 907 3086 bookings@lefolkeng.co.za lefolkeng.co.za >



BEGIN JOU NUWE AVONTUUR IN DIE
NAYELA OKAPI, LUUKS
EN VEELSYDIG MET WATERDIGTE BAKWERK
EN INNOVERENDE, ESTETIESE ONTWERP.

VESELGLAS MONO-DOP BAKWERK.



**KOM KYK NA DIE
OKAPI X**



SKAKEL JOU NAASTE HANDELAAR

SONPARK CAMPING & LEISURE

013 492 2996
MYSTIC RIVER-SINGEL 3
RIVERSIDE PARK
NELSPRUIT 1200

LOFTUS KARAVANE

011 792 1456
REPUBLIEKWEG & RABIESTRAAT 150
FONTAINEBLEAU
RANDBURG 2023

PROQUICK LEISURE

082 666 5605
STEVE BIKOSTRAAT 1153
WONDERBOOM-SUID
PRETORIA

CARA-CAMP CARAVAN & OUTDOOR CENTRE

021 852 8215
SOMERSET-WES BUSINESS PARK,
NET AF VAN DIE N2 IN
SOMERSET-WES

TUINROETE WOONWAENS

044 695 2602, 082 377 3297
BOLTONSTRAAT 18, VOORBAAI,
MOSSSELBAAI

NAYELA

058 863 1027
SALES@NAYELA.CO.ZA
WWW.NAYELA.CO.ZA

Mobi Lodges by die dosyne



Die grootste saamtrek nóg in Mobi Lodge se bestaan is die naweek van 18-20 November by Bass Lake gehou: Daar was nie minder nie as 38 Mobi Lodge-waens en 84 mense wat saamgekamp het. Die geleentheid is deur die Mobi Lodge-klub (noordelike gebied) gereël.

Die hoogtepunt was Saterdag se braai waar almal saam om die kampvuur gekuier het. Daar was ook verskeie geborgde pryse wat met die trekking van gelukkige nommers baas gekry het.

Die klub is op 21 Februarie 2022 deur Jurie Venter van Groblersdal gestig. Hy is 'n parapleeg wat self 'n omboude Mobi Lodge besit, om voorsiening te maak vir sy rolstoel. Altesame 67 Mobi Lodge-eienaars behoort reeds tot die klub en die totale ledetal is 150 uit die Vrystaat, KwaZulu-Natal, Noordwes, Gauteng, Mpumalanga en Limpopo. Die jongste lid is 33 en die oudste 78.

Die klub se doel is om minstens vyf kampe per jaar te reël. Al wat verpligtend is, is die Saterdag se bring-en-braai. In Januarie het hulle by Edenpark gekamp, en volgende op die lys is Dinokeng Camp & Leisure, Forever Swadini, Dube en Weltevrede in Noordwes.

Kontak 079 494 3120 (Jurie)

Nóg 'n bakkie vir SA

Die Chinese voertuigvervaardiger JAC is bekend vir sy X200-ligte vragmotor en T6-bakkie. Albei voertuie is goeie werkesels wat nie juis aan die hartsnare pluk nie. Nou het JAC Suid-Afrika aangekondig hy bring sy T9 Hunter-leefstylbakkie hierheen.

“Ons is opgewonde oor die koms van die nuwe T9 Hunter-reeks. Bakkiekopers sal gaande wees oor sy groot bakontwerp, want plaaslike kliëntnavorsing toon grootte is een van die belangrikste oorwegings wanneer dit by bakkies kom,” sê Karl-Heinz Göbel, uitvoerende hoof van JAC Suid-Afrika.

Die T9 Hunter het 'n viersilinder-2ℓ-turbodieselenjin wat 125 kW en 410 Nm wringkrak lewer. Dié is gekoppel aan 'n agtspoed-ZF- outomatiese ratkas. Klante sal kan kies tussen viertrek of agterwielaangedrewe weergawes.

Binnelangs kan jy 'n 10 duim-raakskerm met Apple Carplay en Android Auto verwag asook verhitte leersitplekke en elektroniese veiligheidstoestelle.

Kontak jacmotors.co.za



JOU KARAVAN & SLEEPWA HANDELAAR

Infanta Enkulu II

Maak jou huis waar jy gaan!

"Off-Road" Luuks

Enkulu II-Plus kom nou uit met 'n badkamer



INFANTA 4X4



Alles en nog wat vir Kampering





INVADER DUO X

Die X-faktor

Die Invader Duo X is die standaard-Duo-model in die oortreffende trap: Hy's groter én beter, sê **Leon Botha**.

Nuwe modelle is niks vreemds vir wavervaardigers nie, en dit is altyd nuus. Maar dis 'n ander storie wanneer 'n vervaardiger jare lank net twee modelle vervaardig: 'n derde een is dan sommer groot nuus.

Invader se gewilde Duo en Quattro is uniek – iets tussen 'n boswa en boswoonwa. Terwyl jy 'n boswa vereenselwig met 'n tent bo-op jou kampwa en 'n boswoonwa 'n kampding is waarbinne jy slaap, is die Invaders 'n kombinasie hiervan.

Soos die naam aandui, is die Duo bedoel vir twee kampeers en die Quattro vir vier. Nie net is die Duo X nou die tweeslaaper se vlagskipmodel nie, maar hy het ook 'n hele klompie nuwighede bygekry.

Wys jou ware kleure

Die Duo X is in 'n nuwe kleur beskikbaar: Waar die vorige modelle net in grys of groen beskik-

baar was, kan jy hom ook nou in oranje bestel – byna die kleur van Kalahariduine.

Dis steeds duidelik 'n Invader, maar daar is ooglopende verskille, waarvan die opvallendste die rondings is. Weg is die hoekige voorkoms én al die aluminiumriffelplaat van die standaard-Duo. Hoewel die vervaardiger by die basiese Duo-konsep hou, is die X 'n model in eie reg. Hy is 50 mm langer en 100 mm breër, terwyl al die gewigte soortgelyk bly. Hierdie ekstra millimeters is merkbaar wanneer jy inklim.

Laastens maak die 15"-wiele plek vir 17"-weergawes, en die Quattro se 2 t-as word nou ook hier ingespan.

Wat is nóg anders?

Van buite af is die grootste verandering die neuskas en 'n nuwe deur in die regterpaneel. Voorheen was die deel bo die regterwiel een soliede paneel, maar nou maak 'n deur oop na

een van die klerekaste aan die binnekant. Dis lekker prakties, want 'n storttent slaan ook dié-kant op. Jy het dus toegang tot jou klerekas wanneer jy in die stort is.

Al die komponente van die kragboks is in die kas langsaa. Dit sluit in die 375W-omskakelaar, 25A-laaier en al die stroombrekers wat van twee 105 Ah-diepsiklusbatterye af werk. Ook die sonpaneel-reguleerder – alles Victron-produkte.

Terwyl die standaard-Duo een boonste rakkie het wat uit die neuskas trek, kom die X met twee rakkies wat na weerskante toe uitgetrek word. Net soos die standaardmodel het die neuskas 'n smaller rak aan die voorkant, maar die X se deksel is die hele breedte van die kas met 'n groter opening.

Die twee kaste vir die buitekombuis in die linkerpaneel bly staan: 'n Tweeplaatgasstoof en wasbak slaan plat uit die voorste kas met die twee breekwarelaaie wat langsaa uittrek.



BVM 1 500 kg

INVADER DUO X

VAN DIE MEDEDINGERS

Unieke boswaens vir 2
met 'n uitslaangedeelte

SPESIFIKASIES

Model	Duo X
Slaapplek	2
Grootte	4,2 x 1,8 x 1,8m
Tarra	860 kg*
Dravermoë	640 kg*
BVM	1 500 kg*
As	2 t
Wielgrootte	17"
Onderstel	Gegalvaniseer
Romp	Veselglas
Prys	Nog nie vasgestel nie

* Hierdie is die gewigte van die standaard-Duo; die Duo X's'n is nog nie vasgestel nie, maar behoort soortgelyk te wees.

HANDELAARSNETWERK Die fabriek is in Kaapstad. Invader het altesame 7 handelaars in die Wes-Kaap, Gauteng, Mpumalanga en KwaZulu-Natal, plus 1 in Namibië.

KONTAK 021 948 9920 invader.co.za sales@invader.co.za



'n Groot pluspunt binne is die ruimte tussen die kaste langs die bed wanneer jy opgeslaan het. Die ekstra breedte van die X beteken nie net meer ruimte nie, maar ook 'n groter bed: Die dubbelbed maak plek vir 'n ekstralengte koningingrootte bed.

Die ronde gesigwasbak in die regterhoek, agter oorkant die deur, maak plek vir 'n reghoekige een, en die skeepshoutpanele vir die kassettoilet en trappie langs die bed word nou ook van veselglas gemaak.

Die beheerpaneel is steeds in die deur links, maar die stelsel kry 'n nuwe gesig met bykomende funksies.

Hier is knoppies vir die geiser, gas, water-

pomp, ligte, die 12V-toevoer en Voltlesing, plus die watervlaklesing.

Net soos voorheen lig die dak met lugstutte, maar waar die standaardmodel se dak 'n laaste entjie met gasstutte lig, is daar nou elektriese motors wat inskop.

Die tent oor die kombuis verander danksy Invader se eerste 270°-uitslaanstoeptdak. Dit slaan soos voorheen oop tot oor die bed, maar het 'n hoë nok. Waterafloopplek vir dié soort uitswaaitente bly 'n uitdaging, maar in die geval van die Duo X sit jy met geen opgaarplek bo jou nie.



BVM 1 500 kg

AlphaGo S4 V2 Air

Het 16"-wiele, 'n romp wat deels van aluminium is, en 'n tent wat met lugpilare span.



BVM 1 800 kg

Conqueror UEV-14i

Het 16"-wiele, 'n romp van aluminium en sintetiese stof, en 'n bed wat oor die neuskas uittrek.



BVM 1 500 kg

GT Camper Libra

Het 16"-wiele, 'n gegalvaniseerde romp met poeiervarf, en die uitslaanvertrek het 'n soliede vloer.

ELXV GHARI 4.7

Boslosie

Die vervaardiger ELXV se Ghari 4.7 gee nuwe betekenis aan weelde in die bos, sê Leon Botha.

ELXV – of dan Elite Luxury Offroad Vehicles – is nog nuut in woonwag-kringe, maar maak sy stem sommer met die intrapslag dik. Waar het enigiemand 'n boswoonwa met 'n wasmasjien gesien, laat staan nog 'n elektriese trappe of ingeboude ys-vrieskas aan die buitekant? Die aluminiumonderstel is net so uniek, om nie te praat van ander luukse soos die 12V-lugreëlaar en elektriese opwipdak nie.

ELXV bou tans ook 'n Spoor-, Ng'ombe- en Ghari-model, met drie weergawes van laasgenoemde: die 3.7, 4.2 en 4.7.

Gebou om te hou

As 'n mens bloot na die boumateriale kyk, word die Ghari gebou om te hou. (Dis afgesien van die aluminiumonderstel wat met Al-Ko se Enduro X-onderstel toegerus is.) Die panele bestaan uit 'n 2 mm-veselglaslaag weerskante van 'n 25 mm-XPS-skuimlaag wat in 'n aluminiumraam versterk is.

Die opwipdak lig elektris met vier steunpunte: Twee op die agterste hoeke en twee nader aan die middel. Die dak lig binne 10s altesame 50 cm en laat jou met 'n vloer-tot-dakhoogte van 2,1 m. Die knoppie hiervoor is in die deur, net soos die elektriese trappe se knoppie. Die Thule-trappe vou



uit van die onderstel se kant af.

Die uitlaat vir die 12V-lugreëlaar (9000 BTU) is regs van jou soos jy inklim, met die badkamer volgende. Aan die ander kant staan die koningingrootte bed die neusgedeelte vol. Weerskante van die bed is langwerpige dubbelgeïsoleerde vensters wat kan oopmaak. Dit het ook 'n gaasskerm en blinding vir privaatheid. Onder die vensters is daar 'n smal rak die hele lengte van die bed vir dinge wat jy snags langs jou wil hou. Elke kant het ook elektriese sokke (12V en 220V).

Die badkamer het 'n stort aan die een kant en 'n Thetford-kassettoilet in die ander. Die handewasbak vou uit die paneel bo die toilet, en die hele vertrek is 'n spatkamer. Dit is ook waar die outomatiese wasmasjien geïnstalleer is. Dié werk met 220V en is groot genoeg om 'n bondel van 2 kg te sluk.

'n Sjef se droom

Langs die instapdeur is vier kaste langs mekaar. Die eerste een se deur slaan plat as werkblad, met oop rakke in die romp vir pakkplek. Die mikrogolfoond, 'n NCE (23 l), staan ook hier. Omdat die mikrogolf nie 'n draaitafel het nie, kan jy selfs 'n vierkantige bak indruk wat die hele oond volstaan.

Dit voel vreemd om 'n kraan hiernaas te

SPESIFIKASIES

Model	Ghari 4.7
Slaapplek	2
Grootte	4,7 x 2 x 2,4m
Tarra	1 650 kg
Dravermoë	Rondom 550 kg
BVM	2 200 kg (na raming; gewigte nog nie vasgestel nie)
As	Onafhanklik
Wielgrootte	17"
Onderstel	Aluminium
Romp	XPS-skuim met veselglasbuitelae
Standaardprys	R750 000

HANDELAARSNETWERK Verkope uit die fabriek.

KONTAK ☎ 084 550 2820 of 082 444 2850 📧 elxv.co.za 📧 info@elxv.co.za



R750 000

ELXV Ghari 4.7

BVM nog nie vasgestel nie.

VAN DIE MEDEDINGERS

Luukse boswoonwaens vir 2 met 'n binnebadkamer



R594 285

Tuff Cats Dindingwe

Aluminiumromp, gegalvaniseerde onderstel en BVM van 2 000 kg.



R640 000

Nayela Okapi X

Veselglasskulpraam, gegalvaniseerde onderstel en BVM van 1 750 kg.

sien, want die wasbak-eenheid trek uit die derde kas. Hierdie kraan se water kom uit die suiweraar en is 'n goeie plek. Twee diep laaie vir goed soos jou potte, panne en 'n paar kruidentersware trek uit die tweede kas.

Die drieplaatgasstoof is ook deel van die wasbakeenheid (in die derde kas) en kom met die tipiese glasblad wat oor dit toemaak wanneer jy dit nie gebruik nie.

In die kas op die punt langs die A-raam is die ys-vrieskas, maar dis nie op 'n glyraam gemonteer nie. Dis 'n ingeboude Vitrifrigo ys-vrieskas (90 ℓ) wat soos jy 'n laai uittrek. Die voordeel hiervan is dat jy nie 'n yskas deur het wat in die pad is nie, want die hele bokant is oop. Binne-in die Ghari is dan 'n tweede

Vitrifrigo-staanys-vrieskas van 230 ℓ wat met 12V- en 220V-elektrisiteit werk.

Aan die ander kant

Daar is drie soortgelyke kaste met 600 x 600 mm-deure in die regterpaneel, maar twee hiervan is oop kaste vir pakplek. Die derde is ook hoofsaaklik leeg, met die watersuiweraar links bo-in. Die "kragboks" met al sy Victron-stelsels is in die vierde kas. Dit sluit in die stroombrekers, 3 000 W-omskakelaar, 12V-DC-tot-DC-laaier, reguleerder vir die 1 300 W-sonpanele (MPPT 150V 45 A). Die battery is 200 Ah (litiumysterfosfaat) en die geiser 'n Truma-10 ℓ. Van die opsionele ekstras is lugvering en die Daewoo-wasmasjien. 📞



R840 788

Overlander 590 Custom

Glasversterkte plastiekromp, gegalvaniseerde onderstel en BVM van 2 200 kg.

WHAT IS AVAXHOME?

AVAXHOME-

the biggest Internet portal,
providing you various content:
brand new books, trending movies,
fresh magazines, hot games,
recent software, latest music releases.

Unlimited satisfaction one low price

Cheap constant access to piping hot media

Protect your downloadings from Big brother

Safer, than torrent-trackers

18 years of seamless operation and our users' satisfaction

All languages

Brand new content

One site



AVXLIVE • ICU

AvaxHome - Your End Place

We have everything for all of your needs. Just open <https://avxlive.icu>

Kop aan kop

FORD RANGER



SPESIFIKASIES

Model	Ranger XLT 2.0 4x4
Enjin	1 996 cc, viersilinder-dubbelturbodiesel
Krag	154 kW @ 3 750 r.p.m.
Wringkrag	500 Nm @ 1 750 r.p.m.
Ratkas	10 spoed-automaties
Tenk	80 l
Vraggewig	946 kg
Maksimumsleepgewig	3 500 kg
Afmetings	5 350 (l) x 2 208 (b) x 1 886 mm (h)
Grondvryhoogte	237 mm
Waaddiepte	800 mm
Nader- en vertrekhoek	30° en 26°
Wielgrootte	255/70 R16
Draaisirkel	12,9 m
Prys	R782 100



Die nuwe Ford Ranger se internasionale bekendstelling was op 5 Desember 2022 naby Kaapstad, en die jongste Volkswagen Amarok s'n net 'n week later, ook in die Kaap. Albei gebruik Ford se T6.2-platform – 'n verwerking van die T6 wat sedert 2011 diens doen. Dis makliker om die verskille tussen die Ranger en Amarok te bespreek as die ooreenkomste.

Wat verskil?

Wat die bakwerk betref, het die Amarok duideliker "modderskerms" as die Ranger. Die vooraansig verskil selfs meer, veral by die sierrooster en enjinkap, maar wanneer jy die bakkies van agter af bekyk, lyk hulle taamlik eenders. Ook die deure en dakstawe is dieselfde vir albei bakkies.

"Vir die nuwe geslag het ons die Amarok se ontwerp aansienlik aangepas. Hy is nou selfs meer indrukwekkend," sê Albert Kirzinger, ontwerphoof by Volkswagen se afdeling vir kommersiële voertuie.

Die binneruim, veral die instrumente-paneel, lyk met die eerste oogopslag heeltemal verskillend in die twee, maar die vertikale 12 duim-raakskerm in die middelkonsole verlap dat ons met dieselfde ryding te doen het. Die Amarok se knoppies is 'n aks deftiger terwyl die Ranger meer robuuste skakelaars het.

"Ons klante sê 'n Ranger moet taai lyk en vertrou inboesem. Hulle was baie duidelik oor wat 'n Ranger moet wees," sê Doreen Mashinini, bemarkingshoof by Ford Suid-Afrika.

Onder die enjinkap

Die Ford Ranger-dubbeltakjuit se enjinkeuses vir Suid-Afrika is soos volg: 'n 2.0-enkelturbo- (125 kW met 6 gang-handrat of -outomaties) en dubbelturbo-viersilinderdieselenjin (154 kW met 10 spoed-automaties). Die 2.0-model het 12 afwerkingsvlakke wat strek van 'n basismodel, XL en XLT tot die Wildtrak, én jy kan kies tussen agterwielaandrywing en deelytde viertrek.

Die 3.0-turbodiesel-V6 word uitsluitlik in Wildtrak-spesifikasies aangebied en lewer 184 kW krag en 600 Nm wringkrak met 'n 10 spoed- outomatiese ratkas en permanente viertrek.

Die Amarok kry dieselfde enjins, maar die 2.0-enkelturbo is beskikbaar in 110 kW- (5 spoed-ratkas) en 125 kW-weergawes

Wat is die verskil tussen 'n nuwe Ford Ranger en 'n nuwe Volkswagen Amarok? **Cyril Kloppe** kyk die kat mooi uit die boom.



VOLKSWAGEN AMAROK

SPESIFIKASIES

Model	Amarok 2.0 TDI 155 kW
Enjin	1 996 cc, viersilinder-dubbel-turbodiesel
Krag	155 kW @ 3 750 r.p.m.
Wringkrag	500 Nm @ 1 750 r.p.m.
Ratkas	10-speed-otomaties
Tenk	80 l
Vraggewig	1 190 kg
Maksimumsleppengewig	3 500 kg
Afmetings	5 350 (l) x 2 208 (b) x 1 886 mm (h)
Grondvryhoogte	237 mm
Waaddiepte	800 mm
Nader- en vertrekhoek	30° en 26°
Wielgrootte	255/70 R16
Draaisirkel	12,9 m
Prys	Nog onbekend



(6 speed). Volkswagen se "sy" 2.0-dubbel-turbo skop 155 kW uit en het 'n 10-speed-otomatiese ratkas. Ons is spyt dat Volkswagen nie sy eie V6 behou het nie, want dié het 190 kW gelewer teenoor Ford se 184 kW – die verskil lyk dalk op papier gering, maar in lewende lywe voel Volkswagen se uitgaande V6 sterker as Ford s'n.

Ford se Ranger Raptor kry 'n spesiaal-verstelde V6-enjin wat 292 kW lewer, maar Volkswagen het nog nie bevestig of hy ook 'n hoëkragleweringweergawe gaan uitbring nie.

Grondpadsake

Albei bakkies sal óf agterwiel-aangedrewe wees óf deelydse viertrek (2H, 4H en 4L) óf permanente vierwiel-aandrywing hê.

Die Amarok kry Volkswagen se 4Motion-stelsel standaard as die enjin 154 kW of meer lewer. Afhangende van die enjin sal die Amarok én Ranger die keuse bied tussen twee vierwiel-aandrywingstelsels, insluitend voltydse vierwiel-aandrywing en deelydse vierwiel-aandrywing.

Die Ranger se voltydse vierwiel-aandrywingstelsel kry 'n elektromeganiese 2-speed-oordratkas met vier modusse: 4H (50/50-verspreiding vir lae vastrap, soos in sneeu), 4L (lae speed, hoë wringkrag) en 2H (vir teerpad). Die vierde modus is 4A, wat wringkrag outomaties na die voor- of agter as stuur na gelang van die padoppervlak.

Die deelydse viertrekstelsel gebruik 'n elektroniese oordratkas met die gebruiklike 2H, 4H en 4L waarmee ons reeds

vertroud is. 'n Elektroniese ewenaarslot op die agter as is standaard.

Watter een vir jou?

Die samewerking tussen Ford en Volkswagen maak sin en herinner aan die samewerking tussen Nissan en Mercedes-Benz. Dié vennootskap was voordelig vir Nissan, maar nie vir Merc nie. Na ons mening trek Ford die grootste voordeel uit die samewerking met Volkswagen, maar daar is tog voordele vir die Amarok, soos 'n groter binneruim as tevore danksy Ford se bakwerk wat 96 mm langer is as die uitgaande Amarok.

Die Amarok se koopprys sal na verwagting effens hoër wees as dié van die ooreenstemmende Ranger. Jou keuse gaan afhang van die handelsmerk en niks anders nie.

Koets vir 'n kroonprins

Mahindra se vlagskipmodel is onlangs bekend gestel. **Cyril Klopper** kyk of hierdie spoggerige ryding se bloed blou is.

Mahindra het ons in Julie 2022 'n voorsmaak van die XUV700 en Scorpio N gegee, maar die XUV700 se bekendstelling was eers later in Desember. Die Indiese voertuig-vervaardiger sê die XUV700 is sy vlagskip-model – en daarom ook die eerste ryding wat met 'n nuwe embleem op die sierrooster spog.

“Die XUV700 lui 'n nuwe reeks Mahindra-modelle in wat binne die volgende ses maande sal opdaag. Dit is die eerste model wat ons nuwe 'twee pieke'-embleem dra, en ook die eerste sportnuts wat 'n heeltemal nuwe fase vir ons inlui,” sê Rajesh Gupta, hoof van Mahindra Suid-Afrika.

Wat het ons hier?

Die XUV700 sou aanvanklik 'n tweede geslag XUV500 wees, maar omdat al sy onderdele nuut is, is besluit om hom eerder 'n ander modelnaam te gee. Mahindra het in elk geval planne om nóg modelle bekend te stel en hy wil die naam XUV500 hou vir 'n ander ryding.

Die XUV700 is in Suid-Afrika beskikbaar in drie afwerkingsvlakke: die AX5, AX7 en AX7L, wat onderskeidelik R475 000, R525 000 en R560 000 kos. Almal het 'n glasdak, allooiwiele en sewe sitplekke.

Die AX7 onderskei hom van die AX5-basis-model met hoërgraad-ongeluksvorkomingstelsels wat radar, alarms, kameras en allerlei sensors gebruik om jou veilig te hou. Die kar spog ook met ADAS (of *Advanced Driver Assistance System*) wat hom die heel eerste Mahindra maak wat vlak 1- outonomiese bestuur het – jy kan jou Mahindra nie beveel om jou huis toe te neem as jy eerder 'n uiltjie wil knip nie, maar hy sal die stuurwiel wel vir kort rukkie oorneem wanneer jou aandag dwaal en die blikbrein agterkom jy gaan die pad byster raak.

Die topmodel-AX7L het al dié katoeters plus 'n videokamera (ja, 'n *dash cam*), 'n Sony-3D-klankstelsel met 12 luidsprekers, en 'n bēreplek vir jou selfoon wat hom koordloos herlaai met 'n induksieplaat.

Buite en binne

Jy kan aan die bak se heuplyne en hoofligte sien die XUV700 was amper 'n XUV500. Die XUV700 is inderdaad ewe breed en hoog, maar hy's 11 cm langer as die XUV500.

Iets wat ons opval, is die deurknippe wat presies dieselfde werk as dié van die Beijing X55 (lees ons ry-indruk op bl. 76). Ons weet nie wie by wie afgekyk het nie, maar Mahindra is bekend dat hy sy eie ding doen...

Binnelangs is dit merkwaardig hoeveel beenspasiae almal het. Op ons toetsrit het ons sewe grootmense ingepronk en net vir die grap aangedring die twee stewige knappe moet heel agter sit, in die derde ry. Almal het wraggies ingepas, hoewel die twee botterbulletjies nie baie gemaklik was nie.

Die instrumentepaneel is ons gunsteling. Daar's 'n langwerpige skerm wat van die bestuurder af tot amper by die voorste passasiersitplek – dis eintlik twee 10 duim-skermes langs mekaar, maar dit lyk soos een lang skerm.



MAHINDRA XUV700



SPESIFIKASIES

Model	XUV700 AX7 L
Enjin	1 997 cc, viersilinderturbopetrol
Krag	147 kW @ 5 000 r.p.m.
Wringkrag	380 Nm @ 1 750 r.p.m.
Ratkas	6 spoed-outomaties
Tenk	60 ℓ
Afmetings	4 695 (l) x 1 890 (b) x 1 755 mm (h)
Grondvryhoogte	200 mm
Wielspoor	2 750 mm
Versnelling (0-100 km/h)	10 s
Wielgrootte	235/60 R18
Veiligheidsgradering	★★★★★ (Global NCAP 2021)
Diensplan	5 jaar/100 000 km
Waarborg	5 jaar/150 000 km
Prys	R560 000



Onder die enjinkap

Suid-Afrika kry in hierdie stadium slegs die 2.0-mStallion-turbopetrolenjin met 'n sesgang-outomatiese ratkas, terwyl ander markte ook die 2.2-mHawk-turbodieselenjin met 'n ses-

ganghandratkas kry. Dis 'n ope vraag of ons mettertyd die laasgenoemde model gaan kry.

Meer as 'n duisend bestellings is binne die eerste twee weke sedert sy bekendstelling geplaas – dit lyk dus of hy 'n suksesverhaal vir

Mahindra gaan wees. Ons gaan egter moet wag en sien of hy die troon gaan bestyg, want die groter Mahindra Scorpio N is kort op sy hakke, en om doodeerlik te wees is ons selfs meer opgewonde oor hóm.

Van die mededingers Middelgewig sportnutse met sitplek vir sewe



R574 900

Chery Tiggo 8 Pro Executive

Hy's puik waarde vir geld, nes die Mahindra – en selfs groter.



R834 995

Kia Sorento CRDI EX+

Die Koreaan kos aansienlik meer en sal sy pryse moet herdink.



R839 900

Hyundai Santa Fe Executive


Hyundai sal ook sy pryse moet aanpas as hy wil meeding.

Tussen die wingerd *en die water*

Robertson is bekend as wynwêreld en wemel omtrent van wynmakers, maar hier kry jy net sulke gawe kampplekke. Ons loer in by twee van hulle.

Teks en foto's **Leon Botha**

Die Breërivier vleg soos 'n goue lint deur die Wes-Kaap met wingerde al langs sy oewers. Hier is ook 'n groot verskeidenheid van kampplekke te kus en keur, plekke soos Batis & Bass, Klipkrans, Rivierplaas, Breede Otter en Silwerstrand. Ons het by Goudmyn en Badensfontein gaan uitspan. >



GOUDMYN-RIVIERCHALET

Goud en gaaf

Die Wes-Kaap is nie eintlik sinoniem met goudmyne nie – die naaste een is immers in die Vrystaat, meer as 1000 km weg. As jy dus in dié geweste 'n kampplek raakloop met die naam Goudmyn, wonder 'n mens oor die herkoms daarvan.

Desjare het iemand glo 'n volle £2400 vir die groter lap grond anderkant Robertson betaal. 'n Vriend kon nie glo wat betaal is nie en het blykbaar gesê die nuwe eienaar het pas 'n goudmyn se prys vir die grond betaal. Dit is met tertyd onderverdeel met nuwe eienaars wat bygekom het, maar vandag kamp jy steeds by Goudmyn-rivierchalets.

Die kampplek is 11 km buite Robertson, en terwyl jy kom skoene uitskop, staan die plaaswerk nie stil nie. Soos jy indraai by die hek, is 'n boord colombard-druive links van jou, en nog 'n entjie verder 'n boord met eureka-suurlemoene. Dis vrugbare aarde dié – die bekende Van Loveren-boorde lê langs die plaas uitgestrek.

Dit is hier waar 'n keerwal die Breë-rivier in 'n draai laat opdam. Die kampplek lê al teen die oewer af, met die oorkantse oewer 'n goeie 100 m anderkant die water.

Ons maak buite seisoen 'n draai, en daar is nie 'n plek vir 'n muis nie – ons het hoeka die laaste staanplek opgeraap toe ons bespreek het. Goudmyn is duidelik 'n gewilde plek.

Wanneer ons teen 16:30 op die Vrydag vir ons kampnaweek opdaag, is ons van die laaste aankomelinge. Boonop word ons begroet deur eendeweër. In die reëls, wat vooraf elektronies vir jou gestuur word sodat jy dit kan onderteken en terugstuur, word duidelik gesê geen kansellasies word aanvaar weens slegte weer nie. As jy dus in reënweer kamp, wil jy régtig kamp.

'n Sagte motreën sak uit, en terwyl die mense langs ons rustig kamp opslaan, is dit asof hulle onbewus is van die druppels. Hulle slaan selfs 'n koepeltent met 'n afdak- en stoepverlenging op – iets wat in goeie weer 'n kuns is.

Die kampbure aan die ander kant is 'n groep vriende met 3-4 woonwaens wat in 'n laer getrek staan. Die stoep-



WATER VIR DIE SIEL. Die Breërivier is die gemene deler by Goudmyn. Jy kamp teen die rustige waters en dis die plek waar jy met jou kano kan rondry. Jy kan bloot ook net die waters van jou kampstoel af waardeer terwyl jy wag om te sien wie trek die grootste vis uit.



tente staan vinnig en die geselsies vlieg oor en weer soos die groetery spontaan 'n behoorlike kuier word. Dis nie lank nie of die drombraai wat op jou staanplek wag (sonder 'n rooster) word nader gedra. Dis nie hulle eerste vuuraanstek in die reën nie, en die vlamme kry só erg lyf dit lyk of daar 'n spitbraai op hande is. Intus-

sen helder die vlamme die atmosfeer op en die donkerte kry stadig oorhand.

Hier by Goudmyn sien 'n mens die waarde van 'n ordentlike grasperk. Die gras is só welig dit is omtrent nie nodig om jou geweefde grondseil uit te gooi nie, en modderplasse gaan jy ook nie hê nie.



Jy hoef nie rond te soek vir jou staanplek nie; hulle is almal in gelid en genummer, en jou plek word toegeken. Soos jy van die ontvangskantoor se kant af inry, begin die nommers tot by nr. 20 op die punt. Die nommer is op 'n steen in die gras geverf, en witgeverfde bakstene dui die grense aan.


Buiten die braaidrom het jy twee dromme vir herwinbare en nie-herwinbare vullis. Die kragpunt is die blou woonwasok, maar as jy die kragboks se deksel lig, is daar ook 'n driepuntprop – en van die staanplekke het 'n kleiner kragpunt net vir blou proppe. Die krane is 'n entjie van die staanplekke af, maar dis

nie geskik om as drinkwater te gebruik nie. Die laning koeltebome – dit lyk soos witpopulier – staan nader aan die oewer as jou staanplek, en vorm 'n welkome skans teen die elemente.

Op elke derde of vierde staanplek staan kampeerdere en hengel, en dit is nie lank nie voor die buurman twee staanplekke >



INGERIG. Goudmyn is 'n goeie voorbeeld van 'n goed toegeruste kampplek as jy na al die geriewe kyk: Daar's alles van private badkamers tot die waskamer. Jy kry die nodigste op jou staanplek en die grasperk is waarlik puik. Bring jou kruidentersware en dis die begin van jou rustige kamptyd.





Kortliks | Goudmyn- rivierchalets



Kampplek 20 staanplekke op 'n lieflike grasperk aan die oewer van die Breërivier.

Ablusiegeriewe Jou eie private badkamer 'n entjie se stap van jou staanplek af. Jy kan wasgoed en skottelgoed was én daar's plek om 'n kassettoilet te spoel.

Prys R600 p.n. per staanplek. Minimum 2 nagte (3 oor langnaweke). Tot 6 mense per staanplek.

Aankoms- en vertrektyd 07:00 en 12:00 (Sondae buite vakansietye 16:00. Geen aankomste op Saterdag en Sondag.)

Kontak 082 324 9574

✉ goudmynriverchalets@barvallei.co.za

✉ goudmynriverchalets.co.za

Naaste dorp Robertson 11 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hek.

GPS S33.869807 E19.996994

Ry & Sleep sê Bring jou kajak, swembroek en visstokke saam.



verder 'n netjiese swartbaars uittrek. Doer van oorkant af kom twee ouens op 'n swartbaarsboot en swiep die oewers vir nog vis, en skuins voor ons staanplek haak hulle 'n paar.

Die water is uiteraard ook vir ander watersportgeesdriftiges 'n lekker speelplek. Kort-kort sien jy iemand met 'n kajak met nóg 'n klompie kinders wat heen en weer roei. Hier was selfs iemand wat dit met sy staanroei-plank op die kalm waters gewaag het.

Vir die kinders wat eerder wil klim en klouter, is daar 'n parkie reg by die eerste staanplek. Hier is ook kiosk waar jy rooikransbraaihout teen R30 per sakkie kan aanskaf. Verder het die winkeltjie die gewone snoepgoed – hulle is oop van 18:00 tot 18:30.

Die wasgeriewe – vir mens, skottelgoed én wasgoed – is in die badkamergebou nader aan die boord. Voorlans is nuwe gras gelê, en volgens die eienaar, Koos du Toit, gaan hy lusern plant in die oop stuk geploegde grond langs die gebou.

Waar jy die gebou instap, is nie trappies nie, maar 'n skuins betonvloer, met dan 'n gang links en regs. Hier is 'n groot kennisgewing wat jou herinner dat geen musiek in die kampplek geduld word nie. Vir die eerste elf private badkamers hou jy links en vir die res regs. Elkeen van die badkamers deure het 'n nommer op wat ooreenstem met jou staanpleknommer. Jy het dus jou eie badkamer wat jy toegesluit kan hou met die sleutel wat jy kry wanneer jy inteken en kan al jou badkamergoed hier los tot dit tyd is om weer in die pad te val.

Die badkamers is netjies afgewerk. Die stort is afgesonder met 'n glas-hokkie en die toilet en gesigwasbak staan oop. As jy ses voet lank is, gaan jy moet buk om jou gesig in die spieël te sien.

Op die punt van die regterkantse gang is 'n vertrek met 'n bad wat lyk of dit vir almal bedoel is. Die oop vertrek met die wasbakke in is op die verste punt en ruim genoeg vir drie spanne skottelgoedwassers. Hier-naas is die waskamer – jy het drie R5-munte nodig vir die wasmasjiene en vier vir die tuimeldroër.

Buite die gebou, aan die linkerkant, is uitspoelplek vir kassettoilette. >

“

Die staanplekke is nie afgebaken nie en jy kan vir jou 'n kol uitsoek. Hier is heelwat kragpunte en ligte, wat jou 'n aanduiding gee van waar jy kan intrek.

”





KOM EN GAAN. 'n Mens kamp in die natuur, maar hier is ook ander gaste wat jou kom herinner wie eintlik hier bly. Die skilpaaie wei omtrent soos 'n klomp skape op die grasperk, en kort-kort maak 'n muishond 'n draai, asof hy ook iets hier verloor het.



BADENSFONTEIN So stil-stil

Die Badensfontein-kampplek is net 27 km van Goudmyn af, maar hier lyk dinge effens anders: Jy verruil jou waterstoep vir die lieflikste uitsig oor die Langeberg, maar jy kamp ook teen colombard-wingerde. Trouens, vandat jy uit Montagu hierheen ry, is daar wingerd weerskante van jou met die Keisierivier – 'n bolloop van die Breërivier – links van jou. Agter die groenigheid verrys die gekraakte plooi van die Langeberg.

Waar die pad vurk, staan daar ver links 'n kolossale wit gebou met die naam "Drie Berge" daarop. Dit is dieselfde naam

as die bekende kampplek anderkant Pretoria, maar hierdie is 'n wynmakery. By die vurk hou jy regs Baden toe – die pad links loop na Koo en uiteindelik tot by die N1 tussen De Doorns en Touwsrivier. Die Badenpad is grondpad en loop nou 'n kleiner vallei binne, met wingerde in die verte. Skaars 3 km verder is die hek regs teen die rantjie.

Die pad teen die rantjie uit is breed genoeg vir een voertuig, maar voor jy aanstoot tot in die kampplek, kyk regs: Dit is die dam waar jy swartbaars kan haak (die vis moet terug water toe). Die kampplek is ongeveer 400 m verder, agter die rantjie.

Heel links is 'n terras van waar jy oor die res van die staanplekke uitkyk. Hier is byna geen koeltebome nie, maar nader aan die middelpunt van die kamp kan jy heeltdag in die koelte staan.

Die staanplekke is nie afgebaken nie en jy kan vir jou 'n kol uitsoek. Hier is heelwat kragpunte en ligte, wat 'n mens 'n aanduiding gee van waar jy kan intrek. Omdat die kampplek in 'n holtetjie uitgelê is, lê baie van die staanplekke teen 'n effens skuinste – darem nie so erg dat jy sukkel om jou woonwa waterpas te kry nie.

Krane is skaarser. Daar is byvoorbeeld een oorkant die inrypad wat duidelik >

KAMPBESTEMMING

gemerk is – dit is onder 'n akkerboom wat volgens die eienaar, Sankie Jordaan, al langer as 'n eeu staan.

Weerskante van die akkerboom is twee grasdakrondawels. In een van hulle is 'n klomp tafels en bankies (ingeval jy saam met 'n klomp kampvriende wil kuier) en in die ander een 'n vuurput. Hier is nie geboude braai-plekke nie, maar jy kan tussen 'n paar braaidromme kies.

Langsaan is 'n klouterraam, met die afdakkie vir die skottelgoedwasbakke langs dit. Al is dit eenvoudig, is dit slim gebou. As jy aan die een kant staan en solank wag dat die wasbak vol water loop, het jy 'n lieflike uitsig oor die wingerde voor jou.

Die swembad is op die verste punt – en eintlik meer van 'n plonspoel. Van hier af loop 'n paadjie deur 'n netjiese tuin en neem jou tot by die badkamers. Die badkamerdeur maak oop in 'n gemeenskaplike deel met die mansgeriewe regs en die vroue links. Die vrouedeel het twee groot badkamervertreke met 'n ruim stort, wasbak en toilet – dis omtrent gesinsbadkamers. Regs op die punt is 'n paar toilette. Die mansdeel het twee storthokkies langs mekaar in die eerste vertrek.

Die rustige aard van die kampplek word versterk deur die teenwoordigheid van 'n paar skilpaaie. Rondom jou is dorre koppies met geel melkbos en die geel blommetjies van Karoo-boegoe, maar met sy groen grasperk is die kampplek omtrent 'n oase. Van die skilpaaie is mak en vreet selfs aan die netjiese grasperk, maar ander loop van die een kant na die ander – tussendeur die kampeerdere – vir die “groener” gras verder weg.

Die skilpaaie herinner aan die kampplek van die Karoo-nasionale park. Daar is kennisgewings in die badkamers wat kampeerdere waarsku jy moet seker maak daar is nie een onder jou voertuig wanneer jy wil ry nie. By Badensfontein is daar ook bordjies, maar hier word jy herinner dat hulle steeds wilde diere is wat uitgelos moet word.

Net soos by Goudmyn was dit vir so 'n weggesteekte kampplek taamlik bedrywig toe ons kom kamp het. Ons was ses groepe vir die naweek maar dit was steeds lekker privaat.



BLAASKANS.
Badensfontein is 'n rusplek, 'n kampplek waar 'n mens weer tyd saam met jouself en jou mense kan deurbring.





Kortliks | Badensfontein



Kampplek Onafgebakende staanplekke vir nagenoeg 12 gesinne in 'n kom op die lieflikste grasperk. Van die staanplekke aan die buitewyke het geen koelte nie omdat die meeste koeltebome meer in die middel van die kampplek staan.

Ablusiegeriewe In 'n rondawel waar jy die kamp binnery. Die vroue het 2 ekstra-groot badkamers en die mans klein storthokkies in een vertrek.

Prys R170 p.p.p.n. (R70 vir kinders van 6-10 jaar, R100 vir ouer kinders, en gratis vir o.5's).

Aankoms- en vertrektyd 10:00, maar dis eerder 'n aanduiding as 'n vaste reël.

Kontak 023 614 2187 of 079 989 7241

badensfontein.co.za

pierrebaden@breede.co.za

Naaste dorp Montagu 7 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 2,9km tot by die hek is 'n goeie grondpad, gevolg deur 'n enkelgrondpad van 390m teen 'n rantjie uit.

GPS S33.725752 E20.119624

Ry & Sleep sê By dié kampplek hoor jy net die stilte. >



Hiermee het ons gesleep

Vir ons besoek aan Goudmyn het ons met 'n Opel Zafira Life gery. Dit is 'n weelderige motor met onder meer blindkolsensors, 'n trukamera, 'n tafel wat tussen die sitplekke van die tweede ry opslaan, en die lesings op die instrumentepaneel word teen die wind-skerm voor jou vertoon (in Engels *heads-up display*).

Bussies soos die Zafira is ontwerp met die oog op klein groepe mense, maar hy is nie regtig gebou vir sleep nie. Jy mag 'n wa van hoogstens 600 kg haak – ons het rondgesoek en die Tonga-woonwa se gewig was in die kol: 580 kg.

Uiteraard voel jy met die 370 Nm wringkrag van die Zafira nie die gewig op die stang nie, en boonop draf die Tonga netjies in die glystroom.

Ons sleepvoertuig was toegerus met 'n Brink-sleepstang. Sy vrag-indeks (D-waarde) is 13,86 kN, wat gelykstaande is aan 1 413 kg, en die perk op die neusgewig is 104 kg. Volgens die boekie moet jy by die swaarste moontlike neusgewig hou, maar nie ligter nie as 25 kg.

Die ligteprop werk met 'n nuwerwetse 13 punt-sok waarvoor jy ook 'n 9 punt-passtuk kry sodat dit op jou standaard-prop kan pas.

Die boekie stel 'n sleepspoed van hoogstens 80 km/h voor en 100 km/h as jy 'n stabiliseerder gebruik. Die Zafira kom ook met outomatiese swaai-beheer wat intree sodra jy aanskakel

– dit is deel van die elektroniese stabiliteitsbeheer. Sodra jy die ligtedraad inprop, word hulpmiddels soos die trukamera en -sensors en die blindkolsensors gedeaktiveer – die blikbrein is dus bewus van die woonwa wanneer jy haak.

Vier van ons is met die volgelaide Zafira en Tonga op die haak oor Ou Kaapseweg en die Du Toitskloofpas, en ná 560,7 km was die brandstofverbruik 'n skaflike 9,7 l/100 km. Ons kon dus heen en weer met een tenk ry, met nog brandstof oor vir 160 km.



SPESIFIKASIES

Model	Zafira Life Elegance
Enjin	4 silinder-turbodiesel
Krag	110 kW @ 4 000 r.p.m.
Wringkrag	370 Nm @ 2 000 r.p.m.
Ratkas	8 spoed-outomaties
Aandrywing	Voorwiele
Tenk	70 l
Brandstofverbruik met wa	9,7 l/100 km
Reikafstand met wa	721 km
Tarragewig	1 814 kg
BVM	2 700 kg
BKM	3 300 kg
Sleepvermoë	600 kg
PRYS	R919 000

OPEL ZAFIRA LIFE





“Vakansiehuis met luukse kuierplek en die uitsig van jou keuse - perfek!”

Die 2023 Mercedes **CHEETAH** toerwa

Kompak, ekonomies en maklik om te bestuur met B/Kode8 lisensie. Die Prima binneruim kom met fasiliteite en dekor-opsies om te pas by jou leefstyl, en met die nuwe outomatiese viertrekstelsel en onafhanklike krag- en waterstelsels, kan jy ry en bly waar jy wil.


Pryse en spesifikasie onderhewig aan verandering.
Foto's slegs ter illustrasie met opsionele ekstras. B&VG. 221107

 **maxmo**
bly waar jy ry



Kies jou eie spesifikasie aanlyn: www.maxmo.life leon@maxmo.life [leon 082 899 9999](tel:0828999999)

Op die soom van die woestyn



Solitaire is 'n klein dog belangrike plekkie: As jy hier met 'n pap band inhink, sal Patat Katamelo en sy span die probleem vir jou oplos. Tenk leeg? Johannes Swartbooi sal volmaak, met 'n glimlag. Lanklaas 'n ordentlike koffie gedrink? Nico Mangudu sal een maak wat jou oë weer 'n bietjie sal ooprek. Honger? In Café van der Lee kan jy weglê aan 'n stuk van hulle beroemde apfelstrudel net soos die bobaasbakker wyle

Moose McGregor dit altyd gemaak het.

Die meeste besoekers aan Namibië ken Solitaire, want jy móét hier aandoen wanneer jy die lang woestynpad uit Walvisbaai vat Sesriem toe. Op 'n manier is Solitaire 'n bietjie soos Doha se internasionale lughawe: Mense kom en gaan gedurig, met vliegtuie (goed, karre...) wat pal 'n stofstreep trek op die C14, dan stadiger ry en indraai. Insittendes klim uit met stywe bene, strek 'n bietjie,


en kyk dan om hulle rond asof hulle pas op die maan geland het en nou onverwags 'n beroering hier aantref.

Dis 'n goeie plan om 'n uur of twee op Solitaire deur te bring. Dit is lekker om na al die mense en hulle karre te sit en kyk. En dis jou laaste kans om proviand soos vleis, bier en hout aan te skaf, want oor die volgende paar dae gaan ons roete jou met die agterpaaie langs lei.

Hierdie roete is 'n goeie een as jy pas al

Op hierdie byna 400 km lange roete van Solitaire na die Erongoberg in Namibië korrel jy noordwaarts. Die son sak dus altyd na links soos jy ry, verby woestynvlaktes waar gemsbokke uittroon en die koddigste verkleurmannetjies teen die padsoom boer.

Teks en foto's **Toast Coetzer**



jou kyke rondom Sesriem gekyk het – op plekke soos Sossusvlei – en nou verder noord wil mik sonder om die “breë weg” Walvisbaai en Swakopmond toe te vat. Ons roete neem jou van Solitaire af deur 'n deel van die Namib-Naukluft- nasionale park tot by die gasteplaas Donkerhuk-Wes, en daarvandaan na die dorpie Karibib. Dan kan jy kies of jy links of regs om die Erongoberg wil ry tot by jou eindbestemming: die Omandumba-gasteplaas.

Dis 'n fynproewersroete, want vir groot dele gaan jy “dwars” ry in verhouding met die meer bekende paaie. Lekker!

Hoewel jy op Solitaire self ook kan oornag, is die Bushman's-woestynkamp (34,6km noord van Solitaire) meer spesiaal. Op pad is jy dalk gelukkig en sien 'n gemsbok in die vlaktes, sierlike horings omhoog, of 'n spannetjie Hartmann se bergsebras wat koers kies horison toe.

Ons besoek was in Mei, kort ná 'n goeie reënseisoen in die woestyn. Die lang- en kortbeenboesmangras het kniehoogte gestaan en jy kon glad nie die gemsbokke se bene sien nie – hulle het soos seiljagte deur die goue see van gras gevaar. Daar was ook baie voëltjies, veral saadvreters soos rooibekkeleas wat van die binne-landse plato afgetrek het om die laatsomerse oorvloedigheid op die woestynvloer te kom geniet. >

4x4-BESTEMMING

'n Ligte sprinkaanplaag het weer kraaie gelok en dié het soms die pad vol gesit.


Vir van die ander geveerdes moet jy fyn kyk, veral dié wat so stil kan staan in die padreserwe: Dis tien teen een 'n broeipaar vaalkorhane, kamoeffleerkonings van dié geweste. As jy 'n swarter korhaan sien wat soos 'n helikopter uit die gras opstyg, al kekkelend, is dit 'n witvlerkorhaan wat sy vere regskud vir enige wakker wyfie. Wees ook op die uitkyk vir kleinwild soos witkwasmuishonde en grondeekhorings.


Net minder as 10km van Solitaire af sien jy die afdraai na regs wat jou beduie na Spreetshoogtepas (die D1275), maar hou reguitaan. By 15km ry jy verby 'n plaas-opstal wat links van die pad lê, met twee bont huisies regs van die pad. As jy hier stilhou (GPS S23.79096 E15.91923) en na die weste – links – kyk, sien jy 'n kameeldoringboom alleen op die vlakte staan. Hier kan jy 'n mooi foto neem. Kort daarna sien jy Saagberg (1414m) na die weste – sy geriffelde voorkoms lyk met 'n bietjie verbeelding wraggies soos 'n growwe treksaag.

By 28,8km ry jy oor 'n effense bult en sien dan 'n staning kameeldorings links



SOLITAIRE			
2009	223MM	17.10.19	RAINFALL
2010	135MM	6MM	
2011	479MM	06.12.19	
2012	133MM	10MM	
2013	58MM	12.01.21	
2014	101MM	18MM	
2015	87MM	16MM 13/01/21	
2016	68MM	5MM 07/02/21	
2017	116MM	20MM 11/2/21	
2018	76MM	4MM 13/4/21	
			2020
			18/01
			19/01
			20/01
			21/01
			22/01
			23/01
			24/01
			25/01
			26/01
			27/01
			28/01
			29/01
			30/01
			31/01
			01/02
			02/02
			03/02
			04/02
			05/02
			06/02
			07/02
			08/02
			09/02
			10/02
			11/02
			12/02
			13/02
			14/02
			15/02
			16/02
			17/02
			18/02
			19/02
			20/02
			21/02
			22/02
			23/02
			24/02
			25/02
			26/02
			27/02
			28/02
			29/02
			30/02
			31/02





KNUS IN DIE COAST. Jeremy en Diana Kirkwood van Mtunzini het by die Bushman's-woestynkamp oorgestaan met hulle VW California Coast (bo). Op hierdie woestynplaas kan jy die kort Melkstraat-4x4-roete (onder) ry.



van die pad (GPS S23.68431 E15.87008) – daar is die nes van 'n broeipaar swartaasvoëls in een van dié bome. Effens verder, by 32,3 km, is daar 'n afdraai na regs waar jy 100 m kan ry tot by 'n reuse-gifboom, oftewel *Euphorbia virosa* (S23.65330 E15.85639).

Die afdraai na die Bushman's-woestynkamp en Sossus on Foot, Boesman Davids se staptoebesigheid (GPS S23.62679 E15.84046), is teen 34,6 km regs. Wees op die uitkyk vir die vier paar skoene wat daar hang; dis Boesman, sy vrou, Yuri, en hulle twee dogters s'n. Dan is dit 3 km tot by die opstal, wat net buite sig onder 'n terras in 'n vlak valleitjie skuil. Die plaas se naam is Cha-ré en hier is kamp-plek én netjiese chalets.

Boesman is 'n kenner van veral die klein woestynbewoners soos akkedisse en spinnekoppe. Gaan stap in die duine saam met hom of een van sy span om meer hieroor te hore te kom. Hy het pas 'n nuwe 4x4-roete op die plaas uitgelê – dit kos R300 per voertuig – wat hy Melkstraat noem omdat die roete aanvanklik met leë melkbottels uitgemerk is! Die roete draai deur skurwe heuwels en sak dan af in die Ubibrivier, 'n sytak van die Gaub, wat op sy beurt weer in die Kuisebrivier inloop. Hier sien jy onder meer wilde-vybome en 'n siltdam. Met ons besoek was daar honderde grysruglewerike >

“

Skielik is jy alleen, want hiér ry min mense. Nou begin jy 'dwars' met die gewilde roetes ry.

”



HEMEL TOE. Op Boesman en Yuri Davids se plaas kan jy tweespoorpaaië ry óf in die veld gaan stap.



BOESMAN EN YURI DAVIDS EN HULLE KINDERS, LAILA (9) EN RAINY (7).



en bosveldkwarteltjies wat uit die gras opvlieg soos jy ry.

Maak ook tyd om sommer net op Boesman en Yuri se stoep te sit en kyk na alles wat by die watergat voor die huis kom keel natmaak – enigiets van kelkiewyne tot af en toe 'n sebra. Dit is nog wilde wêreld dié: die gesin se geliefde hond, Kettie, is 'n ruk gelede noodlottig deur 'n ratel gewond... Dit was in die droogtejare toe kos skaars was. Boesman vertel die loop voor hulle huis, die Spaarwaterivier, het in die jare vyftig laas geloop – tot dit in 2022 skielik vier keer water gedra het.

'n Gesprek op die stoep saam met Boesman en Yuri is verrykend op vele maniere, want buiten hulle veldkennis is hulle jónu soort mense: altyd kaalvoet en plat op die aarde. (Daar word vertel dat Boesman net skoene aantrek wanneer hy Yuri se familie in die land van haar herkoms, Japan, gaan besoek.)

Op dag twee van hierdie roete hou jy vir eers op die “hoofpad”, die C14 na Walvisbaai. Teen 45,6km ry jy verby die afdraai na regs vir Rostock Ritz, ook 'n gawe keuse vir blyplek. Die Namib-Naukluft- nasionale park bly links van jou.

Die landskap hier is 'n kombinasie van ruwe berge wat hier en daar uittroon, woestynvlaktes en duine. By 51,8km is die bordjie wat die Steenbokskeerkring aandui – tyd vir 'n foto as jy nog nie vantevore hier was nie – en teen 52,8km begin jy afdaal in die Gaub-pas. Ry stadig hier, want die draaie is bedrieglik en jy sien nie altyd of daar iets van voor af kom nie. Sodra jy oor die Gaubrivierbrug is, kan jy links aftrek by 'n piekniekplek teen 'n krans waar daar dalk skaduwee kan wees. Jy ry later (75km) verby die afdraai na die C26, wat hiervandaan oor die Gamsbergpas Windhoek toe loop. Jy bly egter op die C14 en ry dan die Swakopmund-distrik binne (86,5km) waar

die pad vir 2km geteer is soos jy in die Kuiseb-canyon (88km) begin afdaal.

Onder in die canyon ry jy eers oor die Kuisebrivier (91,5km) en dan oor 'n korter sytak bekend as die Paradysrivier – tussen die Kuiseb-brug en die Paradysrivier se laagwaterdrif is die pad weer geteer.

Sodra jy jou uit die kronkels (en ongeskikte pad!) van die Kuiseb-canyon bevry, maak die landskap om jou weer oop. Dis asof jy ná 'n groot Sondagmiddagete die tafel afgedek het en die tafeldoek nou skoon en kaal daar lê. Jy is nou in die Namib-Naukluft- nasionale park en draai teen 111,6km uiteinde-lik weg van die C14, regs op die D1998 (GPS S23.31176 E15.59936). Skielik is jy alleen, want hiér ry min mense. Nou begin jy “dwars” met die gewilde roetes ry. Let wel: Omdat die D1998 – soos die C14 – 'n openbare pad is, mag jy hier ry sonder 'n toegangspermit vir die park. Jy mag



ALLEENVAART. Sodra jy van die C14 afdraai (hierdie foto, die Kuisebpas), lê die Namib Naukluft- nasionale park se vlaktes oop en stil.

egter onder geen omstandighede afdraai op enige van die park se eie paaie sonder 'n permit nie. Hou dus op die D1998.

Hierdie is tipiese Namib-Naukluft-landskap – jy sien tot doer waar die hittegolwe poeletjies maak. Maar moenie dink hier is niks nie! Jy kan springbokke, gemsbokke, sebras en volstruise sien – dalk is jy selfs gelukkig met 'n jagluiperd.

Die pad is breed en soms sanderig, maar ry maklik. Moenie jaag nie, want Namakwaverkleurmannetjies is algemeen hier. As jy iets ongewoons in die pad sien, ry stadiger om te kyk, want dis dalk 'n verkleurmannetjie! Gelukkig is hulle groter as die meeste verkleurmannetjies – tot 25 cm (die Lood de Jagers onder hulle).

Hulle verander van kleur soos enige ander verkleurmannetjie, maar jy sal nie sommer 'n groene sien nie – grootliks omdat hier nooit iets groens is nie. Soggens is hulle donkerbruin en word dan geleide-

lik ligter soos dit warm word en hulle meer lig weerkaats om koeler te bly. Kyk mooi: die skadukant van die verkleurmannetjie is tien teen een donkerder as die sonkant. Hulle vreet enigiets van kewers en sprinkane tot plantmateriaal.

Teen 139,3 km bereik jy die D1982. Draai regs – oos – in die rigting van Windhoek. Jy verlaat hier weer die park, maar jy kan steeds wild gewaar, want hier is oral wildplase. Hier ry jy meestal deur die plaas Ruimte – die pad loop parallel met 'n groot kraglyn. By 151,2 km draai jy links (noord, GPS S23.05777 E15.71667) op die D1985, 'n smaller pad waar dit lyk of daar net elke dan en wan 'n boer ry. Soms is dit sanderig, en dan ry jy weer oor oopgespoelde klipbankies. Ons het met 'n Subaru Forester gery, en omdat al vier die wiele die heeltyd trek, was dit maklik om die Liquorice Allsorts van padtoestande baas te raak. Jy sal nou sulke ronde rotsbollings

begin sien wat herinner aan die Spitzkoppe se formasies. Die veld verander ook: Hier word dit nou boomryker.

Teen 174 km bereik jy 'n T-aansluiting met die C28. Draai regs (oos): Jy is nou amper presies in die middel van 'n wye stuk niemandsland, want Swakop lê 128 km na die weste en Windhoek 189 km binneland toe.

By die plaas Zu Klein ry jy deur 'n rivier, en kort daarna bereik jy die afdraai na Donkerhuk-Wes (188 km) waar jy vanaand slaap. Dié plaas word besit deur die Moldzio-familie en is sowat 7 600 ha groot – die deel regs van die C28 is waar jy met jou 4x4 kan gaan rondry (R60 p.p., en jy ry in jou eie voertuig).

Donkerhuk gee sy naam aan 'n interessante geologiese verskynsel wat die Donkerhuk-granietbatoliet genoem word. 'n Batoliet is 'n koepelvormige massa stolingsrots van vulkaniese oorsprong wat >

meestal diep ondergronds verskuil lê. Die Witwatersberg wat jy by Donkerhuk sien uitsteek, vorm deel van dié formasie, wat byna 200 km strek van naby Karibib af tot by Homeb teen die Kuisebrivier – in 'n wye strook van 25-50 km wat dalk 1 km of dieper lê.

Jy draai links af (GPS S22.77575 E15.78619) na die opstal wat dien as ontvangs, en daarvandaan is dit enkele kilometer sandpad tot by die kamp-plekke: Jy kan kies uit die Andi's-kamp (tot 20 mense) en Duiker's Den (8) wat elk eksklusief bespreek word. Die Barbarossa-tentekamp bestaan uit drie eenhede. Die kampplekke en tentekamp lê almal uitgesprei tussen kameeldoringbome aan die voet van die pragtige Witwatersberg (1 861 m). Die geriewe is netjies en 'n mens kan sien die bestuurder, Christiaan Baas, en sy span hou hulle hand op dinge.

Donkerhuk-Wes is 'n goedbewaarde geheim – tot nou toe! Juis omdat dit nie op besiger roetes lê nie, is dit meestal Nami-biërs wat hier kom rus en vrede soek. Jy kan stap en bergfietsry of met jou 4x4 van die plaaspaaie aandurf – hoor by Christiaan waar jy mag ry.

Natuurleefhebbers sal dae lank hier wil vertoef. Met geduld kan jy bokspesies soos klipspringer, koedoe en rooihartbees sien, terwyl die voëls jou behoorlik besig gaan hou: soek spesiale spesies soos die breëkoparend, witkruisarend, gompou, Monteiro-neushoringvoël en witborsspreu. Saans kan jy maklik twee of drie soorte uile rondom die kampplek hoor roep – soos die geskrou van die nonnetjiesuil, die sakte "hoe-hoe" van die gevlekte ooruil en die gefluit van die witkoluil. 'n Rooi-jakkals gaan vir seker in die verte skrou, en as jy mooi kyk, kry jy dalk iewers lui-perdspore in die sand.

Die veld is hier meer bebos, en plantleef-

hebbers kan gaan kyk na bome soos wildevy, blinkblaar-wag-'n-bietjie en swartebbe, of vetplante soos kokerbome en windhoekaalwyne.

Op die derde en laaste dag van hierdie roete ry jy uit by Donkerhuk-Wes en draai links op die C28. Volg dié pad tot jy die afdraai vir die C32 na Karibib kry (200 km, GPS S22.78396 E15.88611). Jy ry vir 'n ent deur mooi koppies – dis weer die Witwatersberg – voor die landskap by Tsaobis oper word soos jy afdaal na die Tsaobisrivier (227,7 km), 'n sytak van die Swakop. Die padoppervlak is meestal goed, tensy jy ná swaar reën hier ry – dan kan dele effens verspoel wees. Daar's geen heinings langs die pad nie en hier is meer veeboerdery; wees dus op die uitkyk vir perde, vetsterskape, boerbokke, beeste en dies meer wat losloop.

In die volgende vlak vallei waarin jy afdaal – dis 'n baie geleidelike, la-a-a-ang afdraande – lê die Swakoprivier (242,5 km) wat jy oorsteek met 'n netjiese enkelbaan-bruggie.

In die verte sien jy nou reeds die Otji-pateraberg suid van Karibib – hier word marmer gemyn, en jy sal later plek-plek sien waar die gladde wit pens van die andersins bruin, skurwe rante oopgekerf word. Dit is vreemd om te dink dat stukke klip hier-vandaan uitgevoer word na lande soos Italië, Amerika en China waar dit iemand se kombuis-toonbank gaan word.

By 277 km kan jy links draai na die Etusis-wildlodge, maar indien jy wel hier wil oornag, is die afdraai na hulle kamp-plek 'n ent >





NETJIESE BEDJIES. By Donkerhuk-Wes se Barbarossa-tentekamp kan jy in netjiese tente (onder) oornag en steeds hotelstandaard badkamergeriewe geniet (heel onder links). Die kombuis (bo) is goed vir saamkuier.





KLIP EN KAMEEL. Die Duiker's Den-kampek by Donkerhuk-Wes het skoon toilette en die storte se warm water kom van 'n donkie. Klip uit die omgewing is vir die bouwerk gebruik, en oral gooi kameeldoringbome lekker koelte.






IN DIE VOUE VAN DIE BERG. By die Omandumba-gasteplaas se Three Elephants-kampterein slaan jy tent op tussen massiewe klipsuile, terwyl die Cave-kampplek ook ingebou is teen die mooi rotse van die Erongoberg.



“

Erongoberg is, soos Brandberg, die uitloopsels van vulkaniese uitbarstings.

”





verderaan regs (GPS S22.09872 E15.83734). Dié kampplek is by 'n ou marmeryn.

Sodra jy deur die berge gewriemel het, verby die afdraaie na 'n paar marmeryne, is Karibib naby – jy ry die dorpie van agter af binne (294,2km). Indien jy voorraad moet koop by een van die supermarkte, laat iemand by jou voertuig bly, want diefstal uit toeriste se voertuie is nie ongewoon nie. Maak ook sommer tenk vol.

Van Karibib af sal jy die Erongoberg (die hoogste punt is 2319m) na die noorde sien – vanaand se slaapplek, die Omandumba-gasteplaas, is noord van dié knoetsberge. Van Karibib af kan jy kies of jy links (wes) of regs (oos) om die berg wil ry – dit is min of meer ewe ver. Ons het die oostelike roete geneem na Omandumba, en die volgende dag toe met die westelike roete terug Usakos toe gery. Op dié manier kon ons albei roetes ervaar.

Vir die westelike roete moet jy van Karibib af met die B2-teerpad Usakos toe ry en daar die D1935-grondpad noordwaarts vat (dit word later die D2306). Dié opsie is net meer as 101 km lank, gemeet van Karibib na Omandumba. 'n Bonus op dié roete is dat jy op 'n kol die Spitzkoppe en Brandberg in die verte begin sien. Jy ry ook by die gehuggie Goabeb deur die Khanrivier (GPS S21.91618 E15.57380) waar groot ou kameeldoringbome staan.

Vir die oostelike roete vat jy eers die C33-teerpad in die rigting van Omaruru en draai kort duskant die dorp links op die D2315-grondpad. Dié opsie is sowat 107 km lank, gemeet van Karibib na Omandumba. By die GPS-punt S21.45055 E15.87700 bereik jy 'n hek waar jy die Erongo-bewarea binnery – hier loop die D2315 vir etlike kilometers parallel met die Omarururivier. Die Erongo-bewarea – of meer spesifiek die Erongo Mountain Nature Sanctuary – is in 2000 op die been gebring toe ongeveer 30 grondeienaars saamgespan het om die Erongoberg 'n lushof vir diere te maak. Swartgesig-rooibokke – endemies aan Namibië – is ingebring, en later ook swartrenosters.

Omandumba se plaashuis (GPS S21.52565 E15.56838) dien as ont-

vangs en sit reg langs die D2315, maar van daar af ry jy dieper die koppe in na jou kampplek toe. Die landskappe hier gaan jou kamerakaart laat warm word – dis van Namibië se mooistes. Erongoberg is, soos Brandberg, die uitloopsels van vulkaniese uitbarstings wat dateer uit die tyd sowat 130 miljoen jaar gelede toe Afrika en Suid-Amerika besig was om van mekaar los te skeur. Vandag sorg die rotsformasies dat jy gedurig na jou asem gaan snak, maar dit was duidelik ook eeue lank die tuiste van die Boesmans wat hier kom jag en vertoef het wanneer die wild en water volop was.

As jy in rotskuns belang stel, staan minstens twee dae hier oor, want by Omandumba kan jy werklik ongewone tekeninge sien: 'n byeswerm, mense wat jag, Boesmans wat mandjies op die kop dra, en selfs 'n paar kameelperde wat voor 'n kokerboom staan.

Hoewel jy ook in netjiese kamers kan oornag, sal jy waarskynlik eerder wil kamp – die vyf staanplekke is ver uitmekaar en dit voel regtig asof jy alleen slaap tussen die reusagtige rotse.

Nou kan jy verder besin oor die die res van jou vakansie. Jy kan weswaarts ry en mik vir Brandberg, en daarvandaan dieper Damaraland intoer, of jy kan kus toe draai waar 'n groot eisbein op Swakopmund lê en wag. Of jy kan omdraai en oor Windhoek terug huis toe ry.

Maar jy kan ook 'n bietjie langer water trap presies net hier waar jy nou is... 📍

Hier het ons gebly

Bushman's-woestynkamp

Kontak 📞 00 264 81 294 3755 (Boesman)

✉️ sossusft@afol.com.na

Prys R180 p.p. om te kamp en vanaf R900 p.p. wat deel in die selfsorgchalets.

Donkerhuk-Wes

Kontak 📞 00 264 81 217 5757 (Christiaan)

✉️ donkerhuk.com.na

Prys Vanaf R180 p.p. om te kamp en vanaf R500 p.p.n. vir verblyf in die tentekamp (ontbyt is beskikbaar).

Omandumba-gasteplaas

Kontak 📞 00 264 81 217 0879

(Harald of Deike) ✉️ omandumba.de

Prys R200 p.p. om te kamp of vanaf R1 535 p.p. wat deel in die bungalows (ontbyt en aandete ingesluit).

Ontdek die noorde van Dinokeng

Die onbekender noordelike deel van Dinokeng se Groot 5-reservaat het sy eerste kampplek gekry. Pak jou kampgoed en kom maak 'n draai by die Hayward's-wildlodge.

Teks en foto's **Helenus Kruger**

Min dinge laat 'n mens so na jou asem snak en die adrenalienvlakke so opjaag soos wanneer jy in die veld met jou flits skyn en in die geel oë van 'n leeu vaskyk, skaars 3m van jou af. Skielik is jy dankbaar vir die klein dingetjies in die lewe – soos die heining tussen jou en Vuilbaard en sy makkers waar hulle na die

kamp lê en kyk asof hulle volgende maaltyd hier te vinde gaan wees.

Met die Groot 5, betowerende Bosveld-landskappe en heelwat kampplekke is dit g'n wonder nie dat Dinokeng al hoe gewilder raak en oor naweke en vakansies behoorlik uit sy nate bars.

Die selfryoete met sy piekniekplekke in die suidelike deel van die park is 'n groot

attraksie en 'n gewilde daguitstappie vir oornag- én dagbesoekers.

Van die Tau-hek af loop die D48-pad oos en sny die reservaat tot by die motorhek net voor die De Wagensdrift-pad in twee; die noordelike deel aan jou linkerkant en suidelike deel regs van jou. Sodra jy oor die motorhek is, lê die reservaat vir die volgende 3 km tot by die Yngwe-hek aan



jou linkerkant. Die D48 is 'n openbare pad wat deur die reservaat loop.

Hier is dus geen heinings langs die pad nie en wild kan vrylik rondbeweeg. Hou jou kamera en verkyker gereed, want dit is nie ongewoon om wild langs dié somtyds besige pad te sien nie. En net soos in die Krugerwildtuin beteken die verkeersknoep daar voor een van die Groot 5 hang daar rond.


Dit is hier, in die noordelike deel van die reservaat, sowat 2 km voor jy die reservaat by die Yingwe-hek verlaat, waar jy Paul Hayward se Hayward's-wildlodge kry.

Die lodge het sy deure in 2012 geopen, en 10 jaar later is die eerste tentpenne in die kampplek se grond ingeslaan.

Paul vertel dat sy gaste gereeld diere aan die ander kant van die wildheining sien verbyloop. Die kampplek lê op die roete wat die wild gebruik om van die noordelike deel na die suide te beweeg. Buiten die kleinwild is die kanse goed dat die olifante en selfs leeus van tyd tot tyd kom inloer.

Anders as in die suidelike deel van die reservaat is hier nie 'n selfryroete in die noorde nie. Jou enigste keuse is om saam met een van die reservaat se operateurs te gaan wild kyk. Hoewel Paul se kampplek die enigste een in die noorde van Dinokeng is, het hy en sy bure 'n ooreenkoms dat hulle op mekaar se grond mag ry. Wildritte is dus nie net beperk tot sy plaas van 37 ha nie.

Die voordeel daarvan om op 'n bege-



leide wildrit te gaan is dat daar danksy die reël wat private voertuie verbied, nie druk verkeer op die wildpaadjies nie. En om so min as moontlik van 'n steurnis vir die diere te wees mag daar net twee wildkykvoertuie op 'n slag wees waar wild gevind word. Die voertuie is in >



LUUKS, MAN. LUUKS. Die swembad bied lafenis teen die Bosveldson en die ablusiegeriewe op jou staanplek is nêr vir jou gebruik.



radiokontak met mekaar en deel inligting oor waar watter diere rondbeweeg. Jou kanse is dus baie beter om iets te sien te kry as wanneer jy op jou eie die roete ry.

Maar dit gaan nie net oor die Groot 5 nie. Soos wat die voertuig tussen die bome op die kronkelpaadjies beweeg, deel die wildbewaarders kennis van die veld en dieregewoontes.

Paul het daaglik twee wildritte, vroegoggend en laitmiddag, wat 2-3 uur duur. Dit kos R300 p.p. (R100 vir o.14's).

Hayward's het 20 staanplekke waarvan 17 in 'n U-vorm al langs die wildheining lê. Die oorblywende 3 plekke lê in die middel van die kamp en het meer privaatheid. Al die staanplekke het gras, met 'n geplaveide blad van 5 x 8 treë by 14 van hulle. Nie al die staanplekke het bome nie, en tipies bosveld is daar geen bome waar- onder jy enigiets groter as 'n klein koepel- tent gaan inpas nie.

Elke kampkol het 'n private badkamer met 'n kombuis langsaan. Die kombuis is onder dak met 'n geplaveide vloer en houttafel en -bankies waar ses mense kan aansit.

Die skottelgoedopwasplek, 'n klein werkblad en twee gewone kragproppe is teen die muur aan die badkamer se kant.

Die badkamer met sy stort, wasbak en toilet is ruim genoeg om gemaklik te beweeg. Staanplek nr. 19 se badkamer is rolstoelvriendelik.

Wanneer jy bepreek, kan jy vir Paul vra vir 'n spesifieke staanplek. Nr. 1-7 front wes, 8-16 noord en 17-19 oos. Staanplek nr. 5 het 'n groterige boom teen die kombuis waaronder jou tent kan inpas – die boom keer ook as die westeson jou kombuis warm bak.

Staanplek nr. 7 en 8 in die noord- westelike hoek het 'n reuse-oopte tussen die kombuis en heining én lekker baie privaatheid. >



KYK HOE KYK HY VIR MY... Jy kamp hier by die Groot 5, wat beteken daar is 'n goeie kans dat 'n trop leus jou van anderkant die heining af kan lê en dophou.



Hulle sê

Lynn en Jonathan Moolman van Pretoria kamp in 'n koepeltent en ry met 'n Suzuki Jimny.

"Dit is die derde keer dat ons hier kamp. Dit is 'n baie netjiese kampterrein en jy kan sien Paul hou sy hand op dinge en sorg dat alles vlot verloop. Ons hou baie van die private ablusiegeriewe. Dit is lekker om by jou tent te kan ontspan terwyl die diere voor jou verby loop. Ons ry gereeld die selfyrote in die reservaat."





Ons is Suid-Afrikaners. En ons is lief vir die buitelug!

First Choice Power Cup & Vanielje-gekeurde Vla
is die ideale peuselhappie & nagereg vir
somervakansies:

Ideaal vir kampe | Lang raktelewe - geen verkoeling nodig
Bosveld, bakkie of branders | Geniet dit enige tyd, enige plek

Beskikbaar aanlyn te shopfirstchoice.co.za & Supermarkte landswyd.
First Choice produkte is gemaak met melk wat geproduseer word deur Suid-Afrikaanse Melkboere.

Vind meer uit





Die twee kombuise is sy aan sy gebou; dus gaan julle en buurmense mekaar se gesprekke duidelik kan hoor wanneer daar in die kombuis gekuier word.

Nooi eerder 'n klompie vriende saam om langs jou te kom kamp. Nr. 9 en 10 se kombuis is ook so gebou, en nr. 20 en 21 is nommerpas vir groepe, want hier is plek vir tot vyf waens.

Elke staanplek het 'n losstaande braaier met 'n rooster – jy kan kies tussen 'n groot halwe drombraai of 'n kleiner ronde een.

Die kuierplek is links by die hek, digby die eerste staanplek. Hier is 'n kouewater-swembad, 'n plonspoel vir kleuters, 'n trampolien en 'n springkasteel op 'n groot grasperk. Die saal langs die swembad het plek vir 80 mense – hier is 'n kroegtoonbank, houttafels en -stoele en 'n ingeboude braai. Die speletjies sluit in *pool*, veerpyltjies en tafelsokker. Hier is selfs 'n klavier vir wanneer tannie Pollie besluit om haar lyf Chopin te hou.

Buite op die stoep is nog sitplek onder dak, en langs die saal 'n groot boma waar julle tot laatnag om die vuur kan kuier. 🍷

Kortliks | Hayward's-wildlodge



Kampplek 20 staanplekke met gras en gedeeltelike skaduwee.

Ablusiegeriewe Privaat, netjies en skoon.

Prys Maandae tot Donderdae kos dit R300 p.n. per staanplek (R180 vir pensioentrekkers). Die naweektarief is R500 p.n. (tot 6 mense per staanplek). Jy betaal ook 'n eenmalige bewarings-tarief van R80 p.p. (R50 vir 6-12 jariges en R50 per voertuig (ook eenmalig).

Kontak 📞 081 780 1833

✉️ info@haywardsgroup.co.za

Aankoms- en vertrektyd Geen spesifieke tye nie – reël met Paul wanneer jy wil in- en uitboek.

Naaste dorp Pretoria 50 km.

Hoe lyk die pad? Heelpad teerpad.

GPS S25.344166 E28.381111

Ry & Sleep sê Betaal jou bewaringstarief en voertuigpermit vooraf aanlyn by

✉️ dinokengreserve.co.za en vermy die ry by die kantoor met jou aankoms.



KLIM AGTEROP. As jy nie lus is om die selfvryroetes deur Dinokeng aan te durf nie, kan jy vir jou 'n wildkykrit bespreek. So is jou kans beter om Leeu & Kie. te sien.



Rumamend  Aanvullende medisyne: Gesondheidsaanvulling
Bestanddele: Magnesiumchloried BP - 1.2%
Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur SAHPRA geëvalueer vir die kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik daarvan nie.

Moenie toelaat dat jou tamatierooi vel
jou vakansie bederf nie! Rumamend se
natuurlike, strelende bestanddele kan help om die
pyn en inflammasie van sonbrand,
gewrigspyne en spierpyne vinnig te verlig.

**Beskikbaar by Clicks, Dis-Chem en apteke
in 50 g en 125 g houers**



**Verbruikerslyn (011) 480 - 4916 of
www.rumamend.co.za**

☒ Sonbrand

☒ Gewrigspyn

☒ Spierpyn



ROETES WAT ROEP

Natuur, avontuur en 4x4!



In die Kaapse Sandveld is 'n roetebestemming waar jy en jou gesin kan kamp, klouter, swem en skiet.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**r

Die Klein-Tafelberg-opleiding-en-avontuursentrum – voorheen Klein-Tafelberg-4x4 – is in 2015 begin, maar die roete is gegrond op 'n veel ouer veldry-roete wat toentertyd deur boere gebruik is. Soos jy uit die naam Sandveld kan aflei, is die wêreld hier rond erg sanderig, en jy moet viertrekvernuf gebruik om selfs by die ontvangsgebou uit te kom. Des te meer so vir die roete.

By ontvangs ontmoet jy vir Elize en Dolf Botha. Hulle bestuur die kampplek en konferensiegeriewe en Dolf sal jou ook op die roete begelei.

Vroeër jare, toe die plaas deur Stephen Burger besit is, kon jy die roete slegs oor naweke ry, en hy was altyd aan die voorpunt van die konvooi. Deesdae mag jy die roete enige dag van die week ry én sonder begeleiding, mits jy voorheen al hier was.

Nadat jy die vrywaringsvorm geteken en die bande afgeblaas het tot 0,8 bar, is dit tyd om die 4x4-roete aan te durf – met of sonder Dolf se leiding. Die eerste hindernis se naam is Milkshake Hill en dit behels 'n steil opdraande op 'n sandpad met asknopers. Met ons besoek was die sand só sag ons moes die banddruk tot 0,6 bar verlaag, laestrektratte en derde rat inhaak, en vir die asknopers selfs die ewenaarslot inspan.

Die tweede hindernis heet Fyndraai en

is 'n korter weergawe van Milkshake Hill, maar hier moet jy liefies die ewenaarslot ontsluit om die skerp draai baas te raak. Kort na Fyndraai lê Steven se Bult vir jou voor. Dit is 'n lang sandpad wat die koppie trompop loop. Moenie aarsel om gas te gee nie, en behou die momentum. Jou trokkie se bande gaan erg sand opskop, maar jy sal die hindernis oorwin mits jy 'n spoed van rondom 30 km/h kan handhaaf. Dolf sê outomatiese voertuie sukkel hier, tensy jy die ratkas kan dwing om in 'n bepaalde rat te bly. Hy vertel verder dat Toyota Land Cruisers – die 70- tot 200-reeks – ook hier sukkel, maar die Toyota FJ Cruiser, die nuwe 300-reeks en Hilux-bakkies kom sonder probleme reg.

Die hindernisse tot hier is redelik uit-

dagend – 'n moeilike 3 uit 5 op ons skaal – en dis tyd om by 'n uitkykpunt met die naam Pit Stop af te trek vir 'n koeldrank.

Nou volg 'n uitdaging wat Diep Sloot genoem word, 'n steil afdraande met sand en klip. Daarna takel jy Kurktrekker, 'n versameling hoë rotstrappe wat die gebruik van 'n ewenaarslot verg. 'n Standaard-dubbelkajuitbakkie sal die paal haal ná 'n paar probeerslae, maar korter rygoed soos 'n 90-reeks Landie of Suzuki Jimny kom makliker hier reg, want 'n kort asafstand stel jou in staat om 'n beter lyn te kies. Wees op jou hoede vir groot klippe wat rondlê; hulle soek om 'n gat in 'n oliepan te moker of 'n sytrap te buig. Dis gelukkig maklik om hulle te omseil mits jy nie onverskillig bestuur nie. >





Wat jy moet weet



Maksimum aantal voertuie? Klein-Tafelberg kan groot groepe hanteer.

Kry ek 'n kaart? Nee, maar daar is 'n kaart op die webblad.

Sal my voertuig krap? Nee, dit is hoogs onwaarskynlik.

Moet ek 'n kompressor neem? Hier is 'n pompstasie.

Kan ek halfpad braai? Ja.

Kan ek halfpad omdraai? Ja, daar is 'n hele paar ontsnaproetes.

Is daar selfoonsein? Meestal nie, maar jy kry 'n tweerigtingradio.

Beste tyd om te gaan? Heeljaar, maar dis warm en windverwaaid in Desember. Herfs is gewoonlik koeler en die fynbos dan ook mooier.

Kan ek my gesin saamneem? Ja, beslis.

Mag my hond saamry? Reël vooraf.

Net vir die dag of die naweek? Beslis 'n naweek, want hier's baie te doen.

Hoe lank neem dit? Minstens 4 uur.

Is daar ablusiegeriewe? Ja, op die berg en by ontvangs.

Aanwysings Neem die N7 uit Kaapstad tot op Piketberg. Draai dan af op die R365-streekpad en volg die bordjies tot op Redelinghuys. Van hier af volg jy 'n grondpad in Aurora se rigting, maar ná skaars 10 km kry jy 'n padpredikant vir Klein-Tafelberg – volg hom na regs tot by die plaas se hek.

Kontak ☎ 067 106 6549 (WhatsApp)

✉ kleintafelberg.co.za

✉ bookings@kleintafelberg.co.za

Prys R300 per voertuig vir die roete. R980 p.n. vir 'n selfsorgeenheid (4 mense), R750 p.n. in 'n luukse tent vir 2, en R330 per voertuig en 2 mense om te kampeer (daarna R60 p.p.; kinders onder 6 bly gratis). Pensioentrekkers kry afslag.



Gaan geniet 'n bier in Klein-Tafelberg se kroeg, die 0.8 Bar, terwyl jou kinders in die swembad baljaar.





4x4 & GEWERE.
Span uit by Vulstasie (bo) voor jy bergaf ry na die kampterrein toe. Hier kan jy onder toesig met Airsoft-gewere skiet (regs) en teen 'n klimmuur uitklouter (links). Die 0.8 Bar (oorkant, bo) is 'n gewilde kuierplek vir grootmense.



Klim uit by Boesmangrot en bekijk die oeroue rotskuns, maar moet asseblief nie daaraan raak nie! Onlangs het iemand die muurtekeninge met bordkryt bekrap en dit moes sorgvuldig restoureer word.

Ry verby die onderpunt van die Adoons-sirkelroete – meer hieroor later – tot by Vulstasie. Laasgenoemde is 'n kamp met drie staanplekke en pragtige uitsigte oor die Sandveld en Weskus. Hier is ook 'n kassettoilet ingeval jy 'n draai moet loop.

Kyk op, want dalk is daar witkruis-arende wat bo jou sirkel. Hier is inderdaad heelwat wild op Klein-Tafelberg – soos luiperds, ystervarke, ratels en verskeie kleiner boksoorte.

Die Adoons-sirkelroete begin naby die kampplek. Volgens Dolf is dit

'n graad5-roete wat die meeste standaard-4x4-voertuie nie sal kan baasraak nie. Dis 'n klipperige bergpad wat jou voertuig se onderstel gaan verniel as jy nie modifikasies laat aanbring het nie. Omdat ons Klein-Tafelberg met 'n gewone Nissan Navara besoek het, het ons dié uitdagende deel van die roete oorgeslaan.

Nou volg Skillie se Draai, Klein-Adoons en Heartbreak Hill. Laasgenoemde hindernis is 'n la-aang opdraande op 'n sandpad en hy vang jou maklik uit as jy nie genoeg momentum het nie. Die laaste hindernis is Slang, 'n sandpad wat deur fynbos kronkel. Nou ry jy met 'n lulleker pad terug na die ontvangsgebou waar ander aktiwiteite op jou wag.

Arno van der Merwe is 'n militêre spesialis wat kursusse in wapenbevoegdheid

aanbied. Arno sal jong mense leer hoe om met replikas van 'n AK47- en AR15-aanvalsgeweer en ook 'n Glock-pistool te skiet. Toemaar, die skietgoed is Airsoft-kaliber en dus nie lewensgevaarlik nie.

Arno bied ook kursusse in selfverdediging aan in plaasaanvalle – met regte vuurwapens, in huise en met voertuie. Dié opleiding is uiteraard ernstiger en word op 'n ander skietbaan aangebied. En dan leer Arno jou hoe om 'n rotsklimmuur aan te durf – harnasse word verskaf – én daar's 'n wandelpad wat jou nader aan Moeder Natuur bring.

Gaan geniet 'n bier in Klein-Tafelberg se kroeg, die 0.8 Bar, terwyl jou kinders in die swembad baljaar.

Dan is dit uiteindelik tyd om 'n vuurtjie by jou kampplek aan te steek. Salig. 

Die Cruiser staan al reg...

Hulle woon in die buiteland, maar **Philipp** en **Sarah Muckelmann** het waarskynlik al meer plaaslike bestemmings besoek as die meeste Suid-Afrikaners.

Die Muckelmanns woon in Düsseldorf, Duitsland, en het Suid-Afrika die afgelope 16 jaar minstens twee keer per jaar besoek. Dan kry hulle Volkswagen Touareg 'n blaaskans terwyl hulle Europa vir Afrika verruil. Eers het hulle oor die weg gekom met huurmotors, maar nadat hulle die eerste voertuig gekoop het, was 'n 2019 Land Cruiser 79 4.5 V8 volgende.

Philipp het 'n storie te vertel...

“ My eerste besoek aan Suid-Afrika was twee jaar nadat ek Sarah ontmoet het. Sy was gek

oor die land en het my uitgenooi: 'Jy moet saamkom Suid-Afrika toe, en as jy nie daarvan hou nie, sit ons met een ernstige probleem...'

Ons eerste besoek saam was in 2007. Ons het 'n bakkie met 'n daktent gehuur – nogal saam met haar ouers, Paul en Gisela Theune. Die besoek was vier weke lank en het verskeie nasionale parke oor die land ingesluit: Die Kruger, Mapungubwe, Marakele en die Kgalagadi. Al moes ek vier weke langs my skoonouers in 'n daktent slaap, het ek verlief geraak op Suid-Afrika as bestemming.

In 2016 besluit ons om 'n 2013 Land

Cruiser 79 te koop – 'n dubbelkajuit met die 4.2-dieselenjin. Oor die jare was ons gelukkig en het geen teëspoed beleef met die Cruisers nie: Van diep waters tot die duine van Mosambiek; blaas die bande af tot 0,8 bar en daar gaan jy.

Daar was een uitsondering. Op een besoek aan die noorde van Botswana het die stuurmeganisme losgekom. Dit was nie 'n fabrieksfout nie, maar eerder bedenklike vakmanskap van die mense wat die onderstel opgegradeer het. Ek moes alles vasbind met tou en kon daarin slaag om in Maun by die Toyota-handelaar uit te kom.





Hulle was skoon verstom met ons 'Duitse ingenieursvaardighede'. Dit is waar ons besef het jy moet nooit gestrand raak sonder kontak met die beskawing nie. Ons het eerder 'n satellietfoon nodig vir ons reise.

Ons seun, Sander, is in Januarie 2019 gebore en ons het kraamverlof beplan vir die einde van 2020. Sander kom natuurlik saam – van ons vriende was skoon geskok dat ons so 'n jong kind op reis deur Afrika wil neem. Soos ons natuurlik sou besef, het die jongeling ons benadering tot kamp verander. Op ons eie kon ons nog daaglik na die volgende kampplek skuif, maar nou, as gesin, moet 'n mens dit stadiger vat – dus langer op een plek vertoef en dit as jou basiskamp gebruik.

Ons is gaande oor die Suid-Afrikaanse manier om met jou boswa die boendes >

STA-A-ADIG. Die Muckelmanns skrik nie vir Afrika se paaie nie – hulle takel enigiets van houtbrûe tot slegte grondpad wat plek maak vir los sand.



in te vaar. Ons het dus die Woonwaskou by die Gallagher-konferensiesentrum bygewoon en belê in 'n Echo 4-boswa. Dis 'n kompakte en ligte wa wat ons gekies het met die 'donkie-enjin' van die 4.2-Cruiser in gedagte.

Ons eerste reis met die Echo moes ons meer as nege maande uitstel weens die Covid-19-pandemie. Met ons eerste reis na Namibië in Desember 2020 het ons besef die 4.2 Cruiser is eenvoudig nie sterk genoeg nie – selfs met die ligte Echo 4 op die haak. Dit kon ek baie spesifiek agterkom wanneer ek verbystek of in diep sand moes ry – dit was een groot gesukkel met die enjin.

Daarom het ons besluit om hom te verkoop en met 'n 2019-model 4.5-V8-dubbelkajuit-weergawe te vervang. Hierdie Cruiser 79 het 90 000 km op die klok gehad. Al het hy klaar 'n kappie gehad, het ek verdere opgraderings gedoen sodat ons vir twee weke selfonderhoudend kan wees. Dit het ingesluit 'n wenas, beter remme, 'n litium-dubbelbatterystelsel, twee ys-vrieskaste, 'n watertenk en 'n 2 x 2 m-Eezi-Awn Family-dakent.

Die enjin is ook verstel en die kar het 'n ander uitlaatselsel en koppelaar gekry, waarna die elektroniese stelsel geherprogrammeer is. Dit het die kraglewering tot 800 Nm opgestoot. Ek het

ook 'n tweede brandstoffilter laat insit vir groter gemoedsrus – jy mag dalk iewers net 'vuil' diesel kry.

Met die Echo aan die haak kry ons 'n verbruiksyfer van 18 l/100 km. Saam met die Cruiser se 200 l-brandstofstank – ja, teen vandag se pryse kos dit rondom R5 200 om vol te maak – het ons 'n reikafstand van 1 100 km.

Selfs in die lig van die Duitse toeris wat einde 2022 naby die Numbihek van die Krugerwildtuin doodgeskiet is, was ons nie een keer bang om die land te besoek nie. Ons is beslis versigtig en hou by sekere reëls, soos om nie snags te reis nie. Ná al ons besoeke – meer as



Hoe lyk jōu wiele?

Stuur 'n e-pos na rysleap@weg.co.za en vertel ons van jou ry- en sleepding.





NOOIT GENOEG NIE. Sarah, Sander en Philipp is al kruis en dwars deur Suid-Afrika. Maar een ding is seker: Terugkeer bos toe is so seker as die dag van môre.



30 – het ons geen slegte ervarings gehad nie. Suid-Afrika voel soos 'n tweede tuiste, en oor die jare het ons hegte vriende gemaak.

Vir ons volgende twee reise in 2023 staan die Cruiser klaar gereed by vriende van ons in Johannesburg. Ons beplan om in April weer terug te keer na die Kruger en dan Mosambiek toe te mik. In Oktober kom Moremi aan die beurt.

Sander kan ook nie wag om terug te keer na die ruitges nie. Tot dusver was hy al in Suid-Afrika, Namibië, Botswana en Mosambiek. Hy ken al die soogdiere én 15 verskillende voëlsoorte. **”**





Nooiensvaart *Boegoeberg toe*

Hy hou sy lyf reisjoernalis en gee sy indrukke oor sy nuwe bakkie, abbawa én een van sy gunstelingkampplekke, sê **Theunis van Zyl** van Kaapstad.

Nadat hy jare lank gesleep het, het Theunis onlangs vir hulle 'n spoggerige abbawa op 'n Land Cruiser-bakkie aangeskaf. Maar voordat hulle gunstelingbestemmings soos die Richtersveld kon aandurf, was dit tyd vir 'n nooiensvaart om te kyk of alles werk en op sy plek is. Daarvoor is daar nie 'n beter plek as Boegoeberg nie, vertel Theunis.

“Dis 08:00 op 'n Vrydagoggend en ek kyk gou vir oulaas of daar enige dringende e-posse is wat my onmiddellike aandag verg. Skielik lyk nie een van hulle só dringend dat dit nou 'n antwoord gerverdig nie. Ek deleger hier en daar

een terug hoofkantoor toe, want daar is 'n baie belangriker taak wat nou wag: Dis tyd om die pad te vat na Boegoeberg se kampterrein met sy welige akkerbome en lieflike groot dam waar 'n mens heerlik kan afkoel as die Sandveld se son die kwik verby 30°C druk.

Ons moet egter eers gou 'n draai maak by Outdoor Warehouse in Bellville. Ek pak al heelweek ons nuwe kampwa, maar het eers Donderdagaand besef die 20ℓ-kassettoilet pas nie onder die bed nie. Nee, daardie opening is gemaak vir 'n 10ℓ-model en niks anders sal daar pas nie.

Kom ons gesels eers 'n bietjie oor die konsep van 'n kampwa. 'n Mens wil mos

jou kampervaring so gerieflik as moontlik maak en so min as moontlik rondgrawe vir goed. Ja, ek haat dit om deur ammokiste en kratte te soek of, erger nog, in daai laaste sakke wat op die nippertjie nog ingedruk moes word.

Tot nou toe het ek verskeie kampwaens probeer. My eerste grondpadsleepwa was 'n Venter Bushbaby met 'n daktent. Daar het ek my eerste allergie vir min spasie en baie rondgrawe ontwikkel, want dit wat nie in die wa kon inpas nie, moes op die Pajero se dak plek kry. Dit het my toe laat besef dat ek ook allergies is om na 'n dakrak toe op te klouter. In kort: As ek klaar opgepak is, wil ek regtig nie weer gaan stort nie... Ná twee toere met die



Bushbaby gaan kyk ek in 2012 grootoog na die Conquerors en besluit op die Conqueror Comfort. Dit is 'n baie gerieflike wa wat destyds net R145 000 gekos het, maar was dit nou luuks! Alles op sy plek, warm water en gerieflik vir vier mense. Met hom het ons in die Weskus, die Kgalagadi en die Richtersveld gaan draai. Maar ja, hy is ook 'n ton om te sleep as hy gelaai is... en

ai, daardie daktent met sy groot seile. Ons kon hom binne 12 minute opslaan as ons fokus, maar ná die opslaan van die seile is 'n man weer vol stof. Ek raak ook toe allergies daarvoor om teen 'n leer op te klim na my slaapplek toe.

In 2017 skaf ek my volgende wa aan – die Conqueror Commander. Dié een is die beste ding sedert gesnyde brood. Ja, hy

weeg 1,2 t op die haak, maar wanneer jy by jou kampplek kom, is dit woerts-warts, kul jou hier en kul jou daar, en daar staan hy. Min moeite. Hy het eers lekker geraak toe ons hom bederf met 'n Ewikk-woonwaskuier. Nou kon ek die wa met die druk van 'n knoppie op sy plek kry.

Dié wa se lekkerste toer was een van 6 000 km deur Botswana – wat 'n fees! Ek moet darem noem hy het alte fluks agter die FJ Cruiser gedraf, maar daarvoor het ek by die vulstasie geboet: by die 21 ℓ/100 km. Daai ses silinders is dórs. Wat die Conqueror onderskei, is sy onafhanklike vering, want dis nou maar net nie dieselfde as 'n veerstelsel met 'n vaste as nie.

Dan bereik 'n mens 'n stadium wanneer jy nie meer wil sleep nie, veral as jy op toer is. Behalwe dat 1 000 km op een dag nogal uitputtend is om te sleep, is die ander oorweging altyd die beperkinge oor waar jy kan ry met 'n wa – én jy moet altyd dubbele parkeerplek soek. >



DIE RUSTIGHEID VANSELF. Boegoeberg is dalk bekender as 'n gewilde bestemming vir 4x4-entoesiaste, maar jy kan ewe lekker kom uitspan onder die bome en opnuut besef wat dit beteken om rustig te raak.

Teen die tyd dat jy parkeerplek gekry het, is jou medetoerlede al klaar gekoop en weer reg om te ry. Soos Sybrie de Beer van Boegoeberg dit stel: As jy nou werk soek, is 'n wa werk!

Ek verkoop my Commander ná vyf jaar teen dieselfde prys as wat ek nuut vir hom betaal het... en loop toe my droomwa raak. Ek het toe al twee jaar gekyk na die Infanta Inkunzi-abbawa wat op 'n Land Cruiser 4.5-V8-diesel-enkel-kajuitbakkie gemonteer is. Die wagtyd op die bakkie is kort vergeleke met 'n Inkunzi – vir dié wag jy tot ses maande.

Ek loop in September 2022 'n Inkunzi op 'n Land Cruiser raak wat klaar gebou en ingerig is, mét alles wat oop- en toemaak. Hy is slegs 'n jaar oud en het net 4500km op die klok. Die eienaar het baie moeite gedoen om alles op die Cruiser te doen wat jy moontlik kan, iets wat my besluit vergemaklik het. So moet ons die Inkunzi eers 'n naweek lank op 'n nooiensvaart vat voor ons die Richtersveld en daai lekker lang agterpaaie gaan aandurf.

Die Kaapse koue was net te lank – tot einde September nog – en daarom mik ons in Oktober Boegoeberg toe. Ek stuur ook vir Sybrie 'n boodskap om hom te laat weet ek wil graag Saterdagoggend 'n onderhoud met hom voer onder die akkerbome. Hy laat weet Donderdag dis reg, maar die onderhoudstorie klink vir hom 'baie ernstig'.

Ons vertrek kort ná 09:00 uit Bellville. Die outjie wat die kassettoilet help inlaai, merk op: "Oom, dis nou 'n lekker wa dié!" Langs die pad kry ons ook heelwat komplimente.

Ons draai die Cruiser se neus noord om die 212km Boegoeberg toe te pak. Ons mik vir Kardoesie in die Piekenierskloof-pas net voor Citrusdal vir 'n laatontbyt. Kardoesie het 'n lekker toebroodjie met gepluiste vark op die spyskaart, maar die cappuccino is teleurstellend – eintlik net gewone koffie met warm melk. Ek weet nie of die kelnerin my misverstaan het en of sy haar iewers vervies het nie, maar ek betaal net die rekening, want die akkerbome by Boegoeberg wag op ons.

Ek het myself al baie afgeva wat is dit aan 'n Land Cruiser wat mense se oë so laat glinster: Is dit die stewige vierkantige afwerking en die aanspraak dat hierdie bakkie oral kan gaan? Dis nou nie 'n Hilux met sy sagte vering en lekker gerief nie, maar daar is net iets anders

aan 'n Cruiser. Dis 'n feit dat jou karakter verander wanneer jy in so een klim, die V8 begin luier en jy die stuurwiel begin draai. Jy raak somer rustig, want ons weet hierdie masjien klink soos vaksanie en boesem vertroue in, en ons gaan vandag nie haastig wees nie. Ons kan baie lekker toer teen 120 km/h.

Die vorige eienaar het moeite gedoen om die Cruiser gerieflik te maak – dis maar die pad wat jy moet stap as jy 'n Land Cruiser-bakkie as 'n toervoertuig wil inrig. Hy het 'n ordentlike opgradering nodig met die skokbrekers en vering, en dan wil jy 'n baie goeie radio hê plus 'n Snowmaster-yskas tussen die voorsitplekke (wat somer ook as armleuning kan dien), voor- en agterstaalbuffers, en natuurlik LED-gloeilampe vir die hoofligte.

Hierdie opgraderings kos ongeveer R150 000, maar dit verander die Cruiser se karakter, gerief en waarde ten goede. En natuurlik is die houding net in 'n in ander klas.

In 2021 het ek belê in 'n Garmin Overlander, 'n GPS vir die agterpaaie en mense wat regtig wil gaan toer. Hy het 'n groot skerm, sterk magnetiese hegpunt, en dan is hy boonop slim in terme van waar al die kampplekke, vulstasies en besienswaardighede op die agterpaaie is.

Ongeveer 30km ná Citrusdal wag die afdraaipad na Boegoeberg, die Markuskraal-afdraai. Moet hom nie misry nie, want die GPS verkies gewoonlik om Graafwater om te ry.

Van Markuskraal se afdraai af is dit nog 23km teerpas om kronkel-kronkel deur die pas tot by die afdraai by Nokkie se Hokkie te kom. Hiervandaan is dit 3km grondpad wat seker maak jy ry stadig en bedaar.


Ons kom vroegmiddag daar aan. Die oomblik het aangebreek: Dit is tyd om die Inkunzi op te slaan en, belangriker, te gaan neersak in 'n kampstoel onder daai akkerbome.

Lambertshoek, beter bekend as Boegoeberg, het rondom 1850 in die besit van die De Beer-familie gekom nadat 'n Britse setlaar, ene mnr. Seaton, hom in die 1820's daar gevestig het. Die plaas se naam was oorspronklik Seaton's Location.

Sybrie is nou die vyfde geslag De Beer wat op Lambertshoek boer. Toe sy pa in 1923 gebore is, was die akkerbome – die einste bome waaronder ons nou kamp, >



MAAK JOU TUIS IN DIE NATUUR. Hier is 50 staanplekke in Boegoeberg se kampterrein, maar jou vriende wat nie kamp nie, kan saamkom, want hier is ook ander keuses wat verblyf betref.





al hier. In 1999, toe die boegoeprys goed was, moes Sybrie 'n pad maak teen die berg op om by die boegoeplante uit te kom. As kind moes hy altyd die boegoe gaan oes teen die berg, en hy het altyd uitgesien na die dag wanneer hy 'n pad sal kan maak.

In 2000 is die pad geopen as 'n 4x4-roete... en daar word Boegoeberg-4x4 gebore. Voertuie het met moeite tot op die berg gekom weens die uitdagende roete, veral op 'n Vrydagaand, en daarom besluit Sybrie in 2004 om eerder die kampterrein onder die akkerbome te vestig, met 'n verdere uitbreiding in 2006 rondom die dam. Ander opgarderings soos die lapa het in 2008 bygekom.

Boegoeberg het tans 50 staanplekke, 3 huise en 4 kamers. Vir 'n troue of soortgelyke geselligheid kan die plek gemaklik 120 mense huisves; op so 'n geleentheid bespreek Sybrie dan al die geriewe vir eksklusiewe gebruik. Buiten veldry en swem het aktiwiteite soos stap, fietsry en voëlskyk ook met die tyd begin posvat. Sybrie nooi graag stapklubs uit om roetes te kom uitlê, want die plantegroei, rotsformasies en natuurskoon is waarlik uniek.

Boegoeberg het ook onder die jong klomp bekend geraak as die plek waar jy in Desember kom leer dans. Die aangeleerde dansvernuf is blykbaar nou alom-bekend in die kontrei.

Dit is dus 'n plek waar jy ontspan en skoene uitskop; die 4x4-ryery is 'n bysaak. Die natuur, die rustigheid en Sybrie se gasvryheid sorg dat jy nie anders kan as om uit te rus op sy plaas nie. Sybrie sorg so stil-stil dat die donkie elke dag vroegoggend en laatmiddag gestook word sodat daar genoeg warm water is vir die badkamers.



Inkunzi beteken blykbaar "so taai soos 'n bul", en daarmee kan ek net volmondig saamstem – die mense van Infanta het gefokus!

Alles pas, is maklik bereikbaar en daar is pakplek vir alles. Die kombuis het 'n sak of bêreplek vir alles, alles is binne bereik en niks val rond of skuur nie.

Met die afpak is dinge gemaklik. Parkeer die voertuig, maak die sydeur oop en druk 'n knoppie wat die dak oopmaak. Die groot dubbelbed trek maklik uit en die matras is die dikte wat jy in 'n goeie woonwa sal verwag. Daar is minstens agt groot kompartemente vir jou klere, twee uittreklaaie onder die bed vir die



“

Elke ruimte is mooi benut en daar is letterlik niks waarvoor daar nie plek is in die Inkunzi nie.

”



HOE KAMP HY? Theunis-hulle het groot planne vir die Cruiser-bakkie en die Inkunzi-abbawa. Hulle wil onder meer die Richtersveld met die kombinasie takel. Maar voor dit moes hulle mekaar eers beter leer ken op Boegoeberg.

kassettoilet, skoene en die allerbelangrike smuktassie. Daar's selfs 'n hangkas vir netjiese klere soos hemde en baadjies, en leesliggies as jy voor slapenstyd 'n stukkie wil lees.

En dan is daar oral in die buiterakke by die kombuis en opwasplek liggies sodat jy nie in die donker hoef rond te tas nie. Wat die Inkunzi selfs nóg lekkerder maak, is die 20ℓ-warmwatersilinder wat met krag en gas werk (die toevoer is uit 'n 120ℓ-watertenk) en die opslaanstort. Daar's natuurlik ook 'n kraan met wasbakke vir die skottelgoed.

Elke ruimte is mooi benut en daar is letterlik niks waarvoor daar nie plek is in die Inkunzi nie. Selfs die opslaan-kamptafel is net die regte grootte en het sy veilige plek waar jy hom vinnig kan uithaal.

Die Inkunzi is waarlik gebou vir

kamp tussen niks en nêrens, en die Victron-stelsel met die sonpanele op die dak sal sorg dat daar genoeg krag is om die litiumbattery in stand te hou. En dan is daar ook die 90 ℓ-ys-vrieskas van National Luna.

Ná die nooiensvaart het ek 'n paar dinge ontdek wat ek óf vergeet het óf net 'n klein bietjie beter wil maak. Kamp is mos maar 'n persoonlike smaak van hoe alles moet pas en werk.

Ons mik volgende Richtersveld toe, en ek reken daar tussen niks en nêrens gaan ek nog 'n paar goed leer of besef. Dalk gaan ons eers Sederberg toe.

Die lekkerste van die hele besigheid is dat ek laat op 'n Vrydagmiddag kan besluit ons gaan toer... en dan is die bul sommer in 'n japtrap en met baie min moeite gereed.

”



Theunis wen 'n Camp Cover Bundu-sak ter waarde van R400. Dié veeldoelige sak is só ontwerp dat jy hom as 'n noodhulp- óf smuktas kan gebruik. Gaan kyk na Camp Cover se beskermende oortreksels op die webwerf campcover.co.za



WEN



HENGeloORD

Dubbel so lekker!

Dubbelmond is nie net 'n gawe kamp- en hengelsek nie, maar ook 'n wegstroopplek waarheen 'n mens graag terugkeer...



DUBBELMOND SAAM IN DIE HALWE KRING

Dubbelmond is net buite Morganbaai in die Oos-Kaap, en die staanplekke is langs die strand uitgelê soos 'n amfiteater. Hulle is op twee terrasse wat elk 'n halwe sirkel vorm, en almal front na die strand toe. Dié twee halfmane omvou mekaar soos twee bane, en die twee badkamergeboue is in die middel.

Elke staanplek is genommer en het een gemesselde braaiplek met 'n rooster – die braai is só gebou dat jou vuurisdrom eenkant onder die braai inpas. Die kragpunt is by jou staanplek en gebruik die Fredlin-prop.

'n Enkele ry bome is op die voorpunt van die twee terrasse geplant. Soos jy voor jou afkyk see toe, vorm die begroeide koppie agter jou 'n skouer wat die wind van die land se kant af breek. Jy is dus

minder blootgestel, maar hoor steeds hoe die wind deur die boomtoppe jaag.

Die staanplekke is lekker gelyk, maar hier is nie veel gras nie. In teenstelling hiermee het die kinders 'n heerlike groen grasperk in die halwe boog voor die onderste terras.

'n Mens vergeet byna jy kamp eintlik in 'n reservaat, maar dan sien jy 'n bos-bokkie wat uit die ruigte verskyn – dit maak dus sin dat troeteldiere nie hier toegelaat word nie.

Die kampplek kry sy naam van die twee riviere agter die bult – van die kamp af is dit 'n heerlike stappie strandlangs soon-toe. Die strand voor die kampplek straf kaal voete, en dis beter om die tog oor die rotse met jou plakkies aan te durf.

Dit lyk omtrent of hengel die nasionale sport hier is, want vissermanne staan oral op die rotse en staar stok in die hand na



die bruisende waters voor hulle. Jy kan verwag om spesies soos die witbiskop, kabeljou, elf, bruinhottentot, poenskop en dassie in die omgewing uit te trek.

Jy moet om die koppie loop om by die rivier uit te kom. Hier is darem 'n sandstrand, maar moenie dink jy gaan heel skulpies optel nie – die omliggende




rotse verrinneweer die skulpe lelik.

Die monding is na regs, maar dan besef 'n mens hier is nie 'n dubbele monding in die see soos die naam te kenne gee nie.

Sowat 'n halwe kilometer binneland toe vloei die Kumqotwane- en Qukori- vier inmekaar, en dít is waar die naam vandaan kom.



Kortliks | Dubbelmond



Vis Onder meer witbiskop, kabeljou, elf, bruinhottentot, poenskap en dassie.

Kampplek 30 gelyk staanplekke in 2 rye op 2 terrasse met heelwat koelte.

Ablusiegeriewe 2 badkamergeboue in die middel van die kampplek.

Prys Afhangend van die seisoen R305 of R406 p.n. per staanplek plus 'n bewaringstarief van R14 p.p.p.d (R9 vir kinders) – dié is by die hek betaalbaar, in kontant. Hengel kos R30 p.p. (R19 vir kinders). Pryse geld tot einde Maart.

Aankoms- en vertrektyd Gedurende kantoorure: 08:00-16:30.

Kontak ☎ 087 285 7385 📧 visiteasterncape.co.za 📧 reservations@ecpta.co.za

Naaste dorp Morganbaai 3,2 km.

Hoe lyk die pad? Grondpad van Morganbaai af.

GPS S32.723948 E28.315120

Ry & Sleep sê Maak seker jy het 'n geldige hengelpermit. As jy op die ingewing van die oomblik besluit om te hengel kan jy by die Topshop op Morganbaai een koop.

'n Derde hand

'n Mik vir jou visstok kom handig te pas, maar jy kan hulle nie oral inslaan nie, wat beteken hulle is bra nutteloos op plekke soos 'n haweheof of boot. Adrenalin se Boat Holder is 'n stokhouer wat jy op verskeie plekke kan gebruik.

Die voetstuk is 'n klamp met 'n maksimumbreedte van 80mm, wat beteken jy kan dit op verskeie plekke vasbout.

Bo-op die klamp is twee ronde ysters van vlekvrystaal in 'n halfmaan na bo met 'n kromming op elke punt. Dit is hier, op die punte, waar die visstok inpas en rus. Die katrol pas in die middel tussen die twee kante en is groot genoeg vir enige katrol. Die halfmaan se onderpunt kan losgemaak word sodat jy die hoek



van die visstok kan verstel; doen dieselfde as jy die onderpunt in enige rigting wil swaai.

Die mik is ewe nuttig wanneer jy direk onder die boot wil hengel, maar hy's selfs sterk genoeg om byvoorbeeld aas agter die boot te sleep.

Prys R249 – beskikbaar in hengelwinkels landwyd én in Namibië.

Kontak 📧 catches@4adrenalin.co.za 🌐 adrenalinfishing.co.za



OESTERS MET PIKANTE SOUS Vir die Valentyn

Wat is dan nou 'n lekkerder voorgereg-vir-twee as vars oesters? Probeer gerus die klassieke Franse mignonette-sous as jy in die kampplek wil uithaal en wys.

Jy benodig

(genoeg vir 2)

- 1 dosyn vars oesters, oopgemaak en reg om te geniet

VIR DIE SOUS

- 2 salotte of 1 klein rooiui
- 4 eetlepels rooiwynasyn
- 4 eetlepels rys- of witwynasyn
- ½ teelepel strooisuiker (of na smaak)
- ½ teelepel sout
- 1 teelepel gekraakte pienk peperkorrels

Só maak jy

1 Maak die sous Skil die salotte, sny hulle middeldeur en kap hulle dan ekstrasfyn –



VISGEREG

wys jou staal in die kampplek met 'n lekker vlymskerp mes.

2 Meng al die sousbestanddele saam en laat dit vir 'n paar uur in die yskas staan – die geure moet 'n bietjie trou voor jy dit geniet. Jy kan dit selfs 'n dag vroeër gereed kry.

3 Rangskik die vars oesters in hulle halwe skulp op 'n laag ys of growwesout om te keer dat hulle rondgely. Dis 'n goeie plan om die oesters versigtig los te maak uit die skulp voor jy die sous oorskep... natuurlik sodat jy in een beweging kan sluk.

4 Skep 'n lepeltjie sous op elkeen en sit dit voor. Jy kan die oesters garneer met wiggies vars suurlemoen. As jy die oesters op 'n tweede manier wil voorsit, gebruik vars suurlemoen, swartpeper en Tabasco vir daardie klassieke keuse.

Ry & Sleep sê Skink koue vonkelwyn, sit 'n kamplig af... en trek die oesters nader. 🍷

Die baas van Beijing

Hier's nóg 'n bekostigbare voertuig uit China, en wat katoeters betref, is hy goed bedeelede gegewe sy prys.

Teks **Cyril Klopper** Foto's **Verskaf**

Net soos Lexus die duurder handelsnaam is van Toyota – en Haval van GWM – so is Beijing die spoggerige handelsmerk van die Chinese motorvervaardiger Beijing Automotive Industry Corporation, of dan BAIC.

BAIC – jy spreek dit uit as “baaik” – is nie sommer 'n hierjy maatskappy nie, want hy bestaan al 65 jaar, is 'n Fortune 500-sake-onderneming en bedryf ook Mercedes-Benz se aanlegte in China. Maar genoeg oor die vervaardiger; kom ons kyk na die kar.

Wat het ons hier?

Die Beijing X55 – in ander lande bekend as die X6 – is 'n middelgewig kruisnuts, hoewel hy bemark word as 'n kompakte sportnuts. Hy's beskikbaar met slegs een enjin: 'n 1,5ℓ-turbopetrol wat eie is aan die Chinese motorvervaardiger (BAIC noem die enjin “China Heart”). Die outomatiese ratkas is 'n 7 speed-dubbelkoppelaarsstelsel en die

Beijing X55 word deur die voorwiele aangedryf. Drie afwerkingsvlakke word aangebied: die Dynamic-basismodel, middeweg-Elite en Premium-vlagskipmodel, en hulle kos onderskeidelik R394 900, R424 900 en R454 900. Dié pryse is besonder billik as jy in ag neem wat jy alles kry as deel van die pakket.

Binne en buite

Die Beijing X55 vertoon klein as jy hom op 'n afstand bekijk, maar hy's in der waarheid groter as die Volkswagen Tiguan en selfs Toyota RAV4.

Die Beijing X55 het nie 'n enkele gloeilamp nie; die hoofligte, remligte, flikkerligte en dagryligte is alles LED's. Die deurknippe is weggesteek in die deure en hulle wip vanself uit wanneer jy met die sleutel in jou sak nader stap. Bo die agterruit is 'n gesplete drukvlerk wat lugvloei beheer en 'n sleursyfer van 0,32 lewer – 'n raps beter as dié van 'n Porsche 911 Turbo S (0,33). >



BEIJING X55



Dié pryse is besonder billik as jy in ag neem wat jy alles kry as deel van die pakket.





GLANSGELEENTHEID. Die bekendstelling van die Beijing X55 het by Langhams (links) in Fourways, Johannesburg plaasgevind. Groot opgewondenheid het geheers toe die sleutels aan die eerste eienaars oorhandig is. Hierdie eienaars het hulle bestelling geplaas voordat hulle die kar fisiek gesien het.



ALLES DIGITAAL. Die X55 het 'n 1.5-petrolenjin (oorkant, middel), maar voorbereidings is reeds getref vir elektriese aandrywing. Die digitale raakskerm en ratwisselaar (bo) is so reg uit die ruimte-eeu.



Binnelangs is daar oorgenoeg beenruimte, selfs vir die agterste passasiers, sonder om volume in die bagasieruim in te boet.

Die instrumentepaneel is deftig met twee 10 duim- digitale skerm – een agter die stuurwiel wat tegniese inligting soos spoed, toere en temperature wys, en die tweede skerm in die middelkonsole waarop jy dinge soos musiek, voertuigverstellings en jou selfoon kan beheer.

Hoe ry hy?

Ons hou van dubbelkoppelaarratkaste, of dan DCT, en die een in die Beijing X55 werk goed – beslis beter as 'n doodgewone outomatiese ratkas en strate beter as 'n palwisselratkas (CVT). Die 1,5 ℓ-turbopetrolenjin pas goed by die ratkas en die versnelling is gaaf, hoewel dit nie jou hare gaan deurmekeer waai nie.

Die vering is stywer as wat nodig is vir 'n sportnutsvoertuig, maar die rit is nie stamperig nie. Die stuuraksie is skerp sodat jy flink





SPESIFIKASIES

Model getoets.....	X55 Elite
Enjin	1,5 l
Krag	130 kW @ 1 500 r.p.m.
Wringkrag	305 Nm @ 4 250 r.p.m.
Ratkas	7 spoed-DCT
Brandstofverbruik	9,5 l/100 km
Tenk	53 l
Versnelling (0-100 km/h)	7,8 s
Laairuim	350 l
Grondvryhoogte	160 mm
Gewig	1 480 kg
Wielgrootte	225/55 R19
Afmetings	4 620 (l) x 1 886 (b) x 1 690 mm (h)
Veiligheidsgradering	★★★★★ (C-NCAP 2022)
Diensplan	5 jaar/60 000 km (opsioneel teen R16 800)
Waarborg	5 jaar/150 000 km
PRYS	R424 900



heen en weer kan swenk vir slaggate, en tog is die stuurmeganisme “swaar” genoeg dat die voorwiele seker voel – ’n Gouelokkies-resep van ferm, maar nie hard nie; flink, maar nie los nie.

Ons was twee mense sonder bagasie op die toetsrit en ons moes mooi ry om die brandstofverbruik onder 10 l/100 km te hou. BAIC beweer die Beijing X55 behoort 7,2 l/100 km te kry, maar dis seker in laboratoriumtoestande, want ons het nooit naby daaraan gekom op die pad nie.

Hoe vergelyk hy?

BAIC sê sy Beijing X55 ding mee met rygoed soos die Volkswagen Tiguan, Hyundai Tucson en Toyota RAV4. Soos ons reeds genoem het, is die Beijing X55 groter as die Tiguan en RAV4, maar hy’s ’n sentimeter korter as die Hyundai

Tucson. Die Beijing X55 het elektroniese afêrings soos verhitte voorsitplekke wat ook in vier rigtings verstelbaar is met die druk van ’n knoppie – dis iets wat jy net in veel duurder voertuie soos die RAV4 sien.

Slotsom

Van die drie modelle sou ons die middeweg, die Elite, kies, want hy’t ’n glasdak (die Dynamic nié) en net genoeg elektroniese katoeters sonder om verspot te raak. Die duurder Premium het byvoorbeeld programmeerbare sitplekverstelling, iets wat na ons mening van beperkte nut is.

Die Beijing X55 is ’n blinknuwe ryding sonder ’n geskiedenis en ons kan dus nie kommentaar lewer oor sy betroubaarheid nie. Dit wat ons ervaar het, het ons egter beïndruk, veral gegewe die prys.



MEDEDINGERS

Middelgewig kruisnute met ’n 2 l-enjin of kleiner.



R539 900

Hyundai Tucson 2.0 Premium

R115 000 duurder as die X55, maar met ’n uitstekende reputasie.



R580 300

Volkswagen Tiguan 1.4 TSI

R150 000 duurder en met minder katoeters, maar hy’t groter aansien.



R645 600

Toyota RAV4 2.0 GX-R AWD

R220 000 duurder, maar hy het viertrek en ewe veel luukse.



LAND ROVER DEFENDER 90

Gemáák vir sleep

Die nuwe Land Rover Defender 90 druk arm teen die bestes – en as as sleepvoertuig moet hy belis ook nie onderskat word nie.

Teks en foto's **Leon Botha**

Daar is niks beskeie omtrent hierdie dubbelaangejaagde turbodieselenjin nie. Die syfers – 221 kW en 650 Nm – skets die prentjie en plaas die Landie in uitgelese geselskap. Boonop is die bakwerk 'n goeie 435 mm korter as die standaard-110-model. Dis so goed jy druk 'n V8-enjin onder 'n Volla se enjinkap in: Elke kriesel energie wil jou net dieper in die sitplek vasdruk.

Defenders is ook bekend vir hulle veldryvermoë, des te meer met 'n korter asafstand. Ons vraag is hoe die Defender 90 voor 'n woonwa vaar. Daarom het ons litte losgemaak deur vir 'n naweek met die nuwe Armadillo XTR312 op die haak die Langeberg in te vaar, waarna ons aan die buitewyke van Kaapstad ordentlik stof opgeskop het – onder meer op stowwerige sinkplaatpaaie.

Wat is die verskil?

Hierdie was ons eerste ervaring in die die nuwe Defender met 'n wa op die haak. 'n Mens wonder oor die ooreenkoms met sy voorgangers.

Na dese blyk dit daar is net mooi geen praktiese ooreenkomste nie behalwe die naam. Die nuweling is tegnologies net so gevorderd – indien nie beter nie – as enige voertuig van meer as R1 miljoen.

Die nuwe Defender voel eerder soos 'n hele nuwe voertuig waarop die naam Defender geplak is.

Tog is daar subtiele ooreenkomste, wat eerder 'n huldeblyk is aan die vorige model. Eerstens geld die benaming 110 en 90 nie meer regtig nie – voorheen het dié syfers verwys na die asafstand in duim (ook die 130). Maar die nuwe 110 s'n is in der waarheid 119 duim en die 90 s'n 102 duim.





Dit is wat Pieter Crous, ons sleepkenner, sê...

“Hierdie Defender se enjin trek dat dit klap. Ek weet dis 'n dieselenjin, maar daar onder die enjinkap grom hy net soos 'n reguitses-petrolenjin.

Al is die bakwerk relatief klein, is hy stewig op die pad. Geen spoed is te veel gevra nie, en daar is eenvoudig géén bakrol nie. En hy is net so stewig op die sink-

plaatgrondpad. Dit is wel hinderlik dat die sitplekgordel ver agter jou sit, want dis ongemaklik om by te kom wanneer jy inklim.

Ek is werklik verstom oor al die ruimte binne. Ek verkies om die sitplek hoog te stel, en selfs dan is daar 'n goeie dwarshand bo my kop oop.

Die truspieël wat met die kamera werk, is doeltreffend. As iets in die spieël blink en dalk die beeld beïnvloed, kan jy dit bloot draai tot jy mooi sien.

Die instrumentepaneel het uiteraard baie knoppies, maar alles is mooi duidelik uitgelê. Dis aardig om die enjin se temperatuur te sien – iets waarvan ek hou. Onder nuwe voertuie is dit mos deesdae nie meer mode nie.

Nog iets wat hinderlik is, is die ekstra knoppie wat jy moet druk terwyl jy die rathefboom beweeg om die ratkasaandrywing te



verander. Hierteenoor druk jy net een knoppie vir "Park" en jy staan – sommer met die elektriese noodrem outomaties opgetrek.

Jy het net 'n skouer aan die een kant van die pad nodig om met 'n woonwa 'n U-draai te maak – wat beteken hy draai lekker skerp. Die 90 se draaisirkel is 11,3 m.

Die uitgebreide kamerastelsel en al die beelde wat jy gelyktydig op die truskerm sien, is ongelooflik – veral wanneer jy skerp moet draai en nie kan sien waar die voorwiele loop nie. Jy kan

eenvoudig die spoor voor jou op die skerm dophou – 'n lekker praktiese hulpmiddel.

Daar is geen twyfel oor die Defender se sleepvermoë nie. Hy sleep soos 'n droom en is in staat om enige woonwa te sleep – hy is eenvoudig sterk genoeg.

Selfs die brandstofverbruik is heel aanvaarbaar vir so 'n fris enjin met die 1,4 t-wa wat saamdraf op die haak.

Maar dit alles kom natuurlik teen 'n stewige prys. En ek wonder tog oor die gebruik van die naam Defender... ”



STOF TOT NADENKE. Niemand wil 'n blinknuwe voertuig vol stof smeer nie, maar dis die laaste ding waarvoor die nuwe Defender 90 terugdeins. Net soos sy voorganger is dit deel van sy aard, iets wat steeds die naam gestand doen.



(Die ou 90 se asafstand was eintlik 93 duim!)

In die nuwe stert is daar nog oorblyfsels van die hoekige romp te bespeur, maar dis dit, behalwe vir die agterdeur.

Net soos die Defenders van ouds is die noodwiel teen die agterdeur vasgesit, en as jy die deur toemaak, hoor jy amper dieselfde trilling van die wiel soos die deur teen die romp toeslaan. Dis 'n praktiese plek vir 'n noodwiel as jy nie ander plek het nie, maar dit raak soms 'n beslommernis, want die bol van die stang sit reg onder die wiel. >

SLEEPTOETS

In ons toetsmodel is daar 30 cm tussen die noodwiel en die bol, en 17 cm tussen die woonwa se rem-hefboom en die wiel. (Die wiel kan selfs in die pad wees as jy sê maar 'n bootsleepwa het waarvan die handkatrol naby aan die koppelstuk sit, veral as jy skerp draai.)

Meer oor die ander "sagte" ooreenkomste: Dis nie vreemd dat baie van die ouer Landies aluminiumruffelpaat bo-op die modderskerms het nie. Die nuwe een het ook, maar jy gaan nie daarop wil staan nie, want dis bloot 'n plastieknamaaksel.

'n Mens voel bly dat dele van die ou instrumentepaneel dit tot in die nuwe model gemaak het. Dis bloot oop vierkantige rakkies die hele breedte van die voertuig – lekker prakties. Hierdie rak loop dan tussen die sitplekke in met die kenmerkende kassie tussen die twee voorsitplekke. Daar's selfs smal ruite bo teen die dak.

Die ou 90-model was eintlik bedoel vir twee mense. As daar dan nog mense bykom, moes hulle by die agterdeur inklim. Dis waar Land Rover met die nuwe model die oënskynlik onmoontlike reggekry het: Die voorsitplekke slaan vorentoe sodat die agterste passasiers kan inklim.

Jy verwag 'n ingepropte spul... totdat jy jou sit kry. Selfs byvoorbeeld agter 'n bestuurder van 6 voet het jy 'n dwarshand se ruimte tussen jou knieë en die voorste rugleuning. Goed, jy sit effens laag en die in- en uitklimslag is nie die gemaklikste nie, maar Land Rover verdien werklik 'n pluimpie vir al die ruimte in so 'n kort voertuig.



Die sleepding

Fabrikaat Armadillo


Model XTR312

Jaarmodel 2022

BVM 1 900 kg

Gelaaide gewig op die as tydens toets 1 400 kg

Ry en Sleep het die Armadillo by Xtreme Outdoor geleen. Bel vir René Jeffery by 021 981 2992 as jy die Armadillo van nader wil bekyk. xog.co.za



Dis tyd om te haak

Ons slaan die agtersitplekke plat om die pakkaas te sluk vir ons kampnaweek wat voorlê: Ekstra kussings, kampstoele, die koelboks... wanneer

ons uiteindelik haak, is alles mooi tot die dak volgepak.


Natuurlik gaan jy niks deur die binneste truspieël sien nie. Verkeerd. In dié Landie sien jy die ganse wêreld

na agter, want die "spieël" is 'n lens agterop die kar se dak wat die beeld op die truspieël vertoon. Dit beteken jy kan baie maklik nader aan die wa trek om te haak. Maar ook hier sit die

SLEEPPROFIEL

Hoogte bo seespieël

Afstand 120 km Pad Grondpaaie, agterpaaie, beboude gebiede en snelweë
Totale sleeptyd 5 uur en 8 minute Weer 28 °C, sonnig met 'n noordewind van 18 km/h





SPESIFIKASIES

Model	D300 X-DYNAMIC HSE
Enjin	6 silinder-dubbelturbodiesel
Krag	221 kW @ 4 000 r.p.m.
Wringkrag	650 Nm @ 1 500-2 500 r.p.m.
Ratkas	8 speed-otomaties
Aandrywing	Allewiel met dubbelspoed-oordratarakas
Tenk	89 l
Brandstofverbruik met woonwa	14,7 l/100 km (6,8 km/l)
Reikafstand met woonwa	605 km
Tarragewig	2 198 kg
Gewig tydens toets (neusgewig van wa ingesluit).....	2 580 kg
BVM	(lisensieskyf) 3 050 kg
BKM	6 470 kg
Kombinsasiemassa tydens toets	3 980 kg
Sleepvermoë	3 500 kg
Sleepstang se vragtoets-indeks	1 693 kg (D-waarde 16,6 kN)
Sleepstang se maksimum vertikale gewig	150 kg
Is die stang verwyderbaar?	Ja
Is daar plek vir 'n sakplaat?	Nee
BASIESE PRYS	R1 561 600
PRYS SOOS GETOETS	R1 698 700

“

Ry en Sleep sê Jy kan tussen 13 Defender 90-modelle kies wat wissel van R1 311 500 tot die V8 Carpathian met 'n beginprys van R2 628 600.


”

kar verder hand by: Nou sien jy die beeld wat 'n lens onder die noodwiel op die truskerm wys, met onder op die skerm 'n rooi kol wat die bol van die stang voorstel en 'n geel lyn wat boontoe loop. Jy korrel bloot die geel lyn op die wa se haak, en wanneer jy amper teenaan is, slaan die skerm oor na 'n bo-skoot van die stang. Stoot nou die laaste entjie terug totdat die rooi kol bo-oor die koppelstuk staan. Akkurater gaan jy nie kry nie.

Wanneer jy haak, weet die rekenaardit en jy kry 'n waarskuwing die "Rear Traffic Automatic Braking"-funksie is nie beskikbaar terwyl jy sleep nie. Hulpmiddels soos die blindekolensensors word gedeaktiveer en die enjin skakel dan ook nie outomaties af wanneer jy by 'n verkeerslig stilhou nie. En wanneer jy die Defender se flinkerligte gebruik, flits daar 'n ikoon van 'n sleepwa voor jou.

Maar die ontwerpers neem sleep selfs nóg ernstiger op: Jy kan die detail van al jou sleepgoed vir die rekenaar invoer sodat dié kan hand bysit wanneer jy terugstoot. Eerstens kies jy tussen 'n bagasiesleepwa, bootsleepwa, motorsleepwa, goederesleepwa, perdewa én natuurlik 'n woonwa. Volgende moet jy kies of jou wa een, twee of drie asse het, waarna jy die lengte van jou wa van die as tot die koppelstuk plus die spoorbreedte invoer. Hierna kry jy die boodskap om in 'n reguit lyn vorentoe te ry om die kalibrering af te handel.

Wanneer jy nou die kar in trurat sit, wys twee groen spoortjies op die truskerm dat jy reguit terugstoot, maar volg ook die stuurwiel soos jy draai. As die wa links of regs swaai, verander die spoortjies na pers en rooi soos die hoek toeneem. 🚗



Van die mededingers Veldryers in hulle eie klas



R797 100

Toyota FJ Cruiser

380 Nm

Petrolenjin met 'n 5 speed- outomatiese ratkas en sleepvermoë van 1 500 kg.



R999 900

Jeep Wrangler Rubicon

347 Nm

Petrolenjin met 'n 8 speed- outomatiese ratkas en sleepvermoë van 1 497 kg.



R2 791 833

Mercedes-Benz G400 d 4M

700 Nm

Dieselenjin met 'n 9 speed-G-Tronic-ratkas en sleepvermoë van 3 500 kg.

Langasems van die grondpad

Hoe bou 'n mens 'n beter weergawe van 'n goeie woonwa?
Die vervaardigers van die Tourer Enduro wys hoe.

Teks en foto's **Leon Botha**

Die Tourer-woonwaens was reg van die begin af 'n suksesverhaal, en dis vandag, tien jaar later, steeds so. Die Tourers is grondpadweergawes van die Sprint-, Swing- en Splash-padwaens. Die Tourer SP is dus op die Sprint gegrond, die SW op die Swing en die Splash kry gestalte in die SX.

Hierdie modelle kry 'n rubberas, maar die vervaardiger het nou 'n Enduro-variant vir elk van die modelle bekend gestel. "Enduro" verwys na die Al-Ko Enduro-vering, 'n onafhanklike vering wat op die sleeparmbeginsel werk.



LEEFK TOURER SX ENDURO

'n Stewige fondament

Te oordeel na die ordentlike hoekstutte wat omtrent skinkborde vir voetstukke het, staan hierdie wa somer lekker stewig. Die Big Foot-voetstukke is ook van Al-Ko en het 'n voetspoor van 180 x 200 mm elk en 'n drakrag van 1 250 kg. Die voet kan ook swaai om by die skuinste van die grond aan te pas, wat dit een van die beste stutte op die mark maak. Die stel stutte voor sit wel effens verder weg van die kant van die romp af. Die agterste stel is gelyk met die romp. Maar al is die voorstes effens weggesteek, kom jy dit steeds gemaklik met die slinger by.

Die neuswiel se skagarm kan nie verstel word nie, maar met die wiel opgetrek steek dit net verby die onderkant van die A-raam. Soos jy die slinger draai, swaai die arm met die wiel eerste af grond toe. Nou verleng die binneste deel van die skag sodat jy die neus gelyk kan kry. Dit werk vinnig en maklik vergeleke met die konvensionele neuswiele.

Net soos met die ander Tourers word die veselglasdop oor die disselboom met 'n plat staalplaat vervang. Dit vorm dus 'n nuttige rak as jy iets in of uit die neuskas tel – jy kan selfs 'n sakkie braaihout hierop saamry.

Die neuskasdeur maak boontoe oop en word met 'n dun lat omtrent parallel met die grond gestut. (Die deur kan eintlik verder oopswaai, en 'n gasstut sal dit nog makliker maak.) Die noodwiel staan in die middel van die neuskas en die 25 l-waterkan – met 'n 12V-dompelpomp – links daarvan. (Die vervaardiger het die waterkan intussen met 'n ingeboude 60 l-tenk vervang.)

'n Brad Harrison-prop word saam met die ligteprop in 'n huls gebind, wat beteken die Tourer se battery kan laai terwyl jy sleep.

Die 220V-kragtoevoersok is regs agter. Hier is ook 'n klein deur wat oopmaak na die binnekant van een van die eethoekies se banke. Die battery staan hier met die kragboks langs dit. Dis waar jy fout kom soek as jy vermoed 'n smeltdraad het die gees gegee of een van die stroombrekers het dalk uitgeskop. Langs die battery is een 220V-sok (met 'n skakelaar) waar jy iets soos 'n koord kan inprop.

Voor by die neus is twee soortgelyke deurtjies. Hulle is regoor mekaar met tussenin 'n oop ruimte wat onderdeur die bed se koppenent strek. Toerusting soos kampstoele of ekstra tentpale kan hierin pas.



VAS OP DIE AARDE. Die Leefek Tourer SX Enduro kom met stewige hoekstutte en net so 'n stewige neuswiel. Die voorste stel stutte sit effens weg van die kant van die romp af, maar jy kom dit maklik met die slinger by.



Kom bak en brou

Die buitekombuis se werkblad slaan links van die deur plat. Die blad hang weerskante aan glyskarniere en twee verstelbare pote pas onder die blad in om dit te stut.

Die blad is 1055 mm bo die grond, en teen 890 x 840 mm omtrent vierkantig. Dis 'n skoon blad met niks daarop gemonteer nie. Die armpies van die twee slotte is op die hoeke die naaste aan jou, maar hulle is redelik plat en hinder 'n mens nie. Dieselfde geld vir die aluminiumraam om die blad: Dis plat en jy gaan die werkblad maklik skoon hou.

Die 20 ℓ-mikrogolfoond staan agter die blad regs in die kas met nog 'n kassie of twee waar jy kruideniersware en van jou potte en

panne kan pak. Die induksieplaat (wat intussen met 'n gasstoof vervang is) en skottelgoedbak trek afsonderlik uit die onderste gedeelte bo-oor die werkblad.

Die twee neem dus 'n bietjie van jou werkplek op, maar dis steeds ruim genoeg. Die stoof en skottel staan omtrent 160 mm hoër as die blad en kan dinge vir kort mense moeilik maak – jy moet nog die hoogte van 'n pot op die stoof ook byreken.

'n Kraan met 'n swaaikep is langs die plastiekskottel gemontereer, en die skottel self is los sodat jy dit kan uithaal as jy die water wil uitgooi.


In drie van die ander rakke is daar sponsvorme waarin al die bекers, bakkies en borde pas.



Ry & Sleep sê

Die Tourer SX Enduro kom so te sê kampgereed van die fabriek af. Dit sluit toerusting in soos die yskas, stoof, mikrogolfoond, kragstelsel en loodgieterwerk.





SPESIFIKASIES

Vervaardiger.....	Leefek
Model	Tourer SX Enduro
Slaapplek.....	4
Grootte	6,44 x 2,19 x 2,35 m
Tarra	1 294 kg
Dravermoë.....	206 kg
BVM	1 500 kg
As.....	Onafhanklik
Wielgrootte	15"
Onderstel.....	Staal met elektro- en poeierverflaag
Romp	Tussenvoegpaneel met aluminiumbuitekant
Prys	R497 109

HANDELAARSNETWERK Leefek het altesame 14 handelaars in Gauteng, Mpumalanga, Oos-Kaap en die Wes-Kaap.

KONTAK ☎ 012 797 7300 🌐 leefek.co.za 📧 info@leefek.co.za



Kamer toe!

Jy gebruik 'n los trappie om in te klim, en oor die hele deuropening rits 'n gaasdeur toe om die goggas saans buite te hou terwyl die ligte binne aangeskakel is.

Die opwipdak word met konvensionele H-handvatsels gestut, en op elke hoek is een gespe wat jy styftrek om die dak ordentlik toe te hou wanneer jy sleep. Hierdie gespes is ewe nuttig as jy die dak alleen moet laat sak, want jy trek elkeen stelselmatig stywer sonder om soos 'n vink aan die dak te hang.

Die eethoekie is in die stert regs soos jy inklim, die 12V-staanyskas van 157 l effens na links teen die oorkantse paneel, en die eilandbed heel links voor in die neus.

Die eethoekie het twee banke oorkant mekaar en 'n los tafel op 'n strykplankvoet wat tussenin pas. Dié soort tafel het maar sy

nukke, want sy pote is in die pad van joune, en dis nie lank nie voor iemand teen die poot stamp en jy moet keer vir 'n vale. 'n Voordeel is dat jy die tafel buite kan opslaan as jy byvoorbeeld nog pakplek rondom die kombuis nodig kry. Die tafelblad self pas mooi tussen die banke in om 'n hoek-tot-hoek-bed te vorm. Dis 1 200 x 2010 mm groot en net smaller as 'n dubbelbed. Die bankkussings pas platgeslaan lekker styf teen mekaar en sorg vir 'n gemaklike slaap.

As jy nou na die voorkant kyk, is die smukhoekie regs net verby die yskas. Dit het sy eie blad waarin 'n gesigwasbak versink is. Langsaan is 'n spieël wat jy kan swaai totdat jy jouself daarin kan sien as jy op die eilandbed sit. Bo en onder die blad is kassies, en net soos die res van die kassies in die woonwa –

altesame 14 van hulle – het almal seildeurtjies wat kan toerits. Hier is ook 'n 220V-sok, maar 'n mens sou ook USB-sokke – hier en elders – verwag. Oorkant die voete van die linker-kantste slaper maak 'n seildeurtjie oop in die rugkant van die buitekombuis. Dit is waar die 220V-sokke van die induksieplaat en mikro-golfoond is as jy dit tydelik wil gebruik.

Elke slaper het 'n eie regop kas by die koppenent, elk met 'n reling vir klerehangers. Tussen die twee kaste is 'n plat rak by jou kop wat baie nuttig is vir die goed wat jy snags naby wil hou. Uit die aard van 'n eilandbed is dit smaller by die voete as by die koppenent.

Die bedbasis kan ook oplig vir ekstra pakplek – dis net die plek vir kratte en selfs jou geweepte grondseil nadat jy dit skoon-gemaak het.

Van die mededingers Grondpadwaens

Ry & Sleep het die Tourer SX Enduro by die vervaardiger geleen.



R487 900 OKTO VILLA GRAVELLOR BVM 1 700 kg

Het slaapplek vir 4, 'n 1,8 t-rubberas met 15"-wiele en 'n opwipdak.



R447 227 STEALTH EVOLUTION X-COUNTRY 594 BVM 1 600 kg

Het slaapplek vir 4, 'n 1,6 t-as met 15"-wiele en 'n opwipdak.



R495 000 QUANTUM COMFORT COUNTRY BVM 1 850 kg

Het slaapplek vir 2-3, onafhanklike vering met 16"-wiele en 'n vaste dak.

Waar sal ons staan?

Om 'n staanplek te kies is amper soos om by 'n nuwe buurt in te trek. Hou dié klompie dinge in gedagte voor jy opslaan.

Teks en foto's **Leon Botha**

Niemand storm 'n kamp-plek binne en slaan by die eerste beste staanplek kamp op nie. Hoekom sal jy jouself in 'n gaatjie inprop as jy op 'n ruim staanplek met die beste geriewe jou staan kan kry?

Ongelukkig is dit nie so eenvoudig nie, want jy is nie die enigste kampeerder nie. Iemand anders het waarskynlik klaar die "beste" staanplek beset. Ons almal het egter ook verskillende voorkeure, en daarom is die staanplek voor teen die see nie noodwendig vir jou die eerste prys nie, omdat jy – met jou drie kleinkinders wat saamgekom het – verkies om niefens die klouterraam en naby die ablusiegeriewe te kamp.

'Ons kies vir jou'

By sommige vakansieoorde word jou staanplek vooraf aan jou toegewezen. Maar niks keer jou om vir 'n ander staanplek te vra nadat jy opgedaag het en 'n kol sien waarmee jy gemakliker sal voel nie. Hiermee het oorde gewoonlik nie 'n pyn nie, behalwe in besige tye. Dit sorg vir sy eie uitdagings, want wie het nie al by so 'n staanplek



opgedaag en dan het iemand sy voertuig daarop gaan parkeer nie? Of, nog erger: iemand het reeds op jou staanplek opgeslaan sonder om mooi na die staanpleknommers op te let. Hierna volg die domino-effek op die kampeerdere wat nog vir die dag moet inkom. Dit kan jou draad lelik kortknip nog voor jy opslaan.

'Help jouself'

Om self 'n staanplek uit te kies is nie so eenvoudig soos dit klink nie. Gewoonlik sal jy besluit hoe ver van die gemeenskaplike geriewe af jy wil opslaan, maar ook hoe ver jy van ander kampeerdere af is as die plek nie tjokkenblok is nie. Indien jy wel jou eie plek kan uitkies, hou die volgende in gedagte.

1 Loop 'n draai Wanneer jy deur die hekke ry, hou eenkant stil en stap deur die kampplek. 'n Mens kan tussen die staanplekke deur ry en 'n gaatjie soek, maar 'n stap-pie gee jou 'n beter gevoel van die omgewing. Jy het dan 'n idee waar jou tent of woonwa sal inpas en ook van watter kant af jy moet nadertrek. Jy wil nie by 'n steeg inry en besef jy gaan moet terugstoot sodat jy kan omdraai nie. Dalk het die spesifieke staanplek net een inrykant, wat beteken jy kan vooraf besluit van watter kant af jy met jou sleepkombinasie moet nader trek.

2 Kyk en word wys As jy in 'n winterse omgewing kamp, kyk in watter rigting die ander kampeer-

ders hulle waens staangemaak het. Die idee is dat jy met jou rug teen die lastige wind wil kamp – jou tent of woonwa bied dan tot 'n mate 'n skans waaragter jy die kampstoele kan uitpak. Uiteraard geld dit ook vir die buitekombuis: As die wind kort-kort die gasvlammetjie doodwaai, is iemand voor die dag se eerste boere-troos nie meer dik van die lag nie. Oriënteer jouself ook met die ooste en weste sodat jy die pad van die son kan bepaal. Jy wil nie sesuur die oggend uit jou kampbed gebak word nie, maar dis ook nie nodig dat die laatmiddagson jou kooi looi nie.

3 Koelte... teen 'n prys Gewoonlik mik kampeerdere heel eerste vir die koeltebome. Niemand wil in die son staan en braai nie, maar in die koelte is die gras waarskynlik minder welig. Daar is in elk geval 'n kans dat jou tent of woonwa nie onder elke koelteboom sal inpas nie. Bome is ook sitplek vir voëls, en vars blertse op jou kampgoed gaan jou vinnig hieraan herinner. >

Ry & Sleep sê

Staanplek kies is 'n ernstige saak – jy's skoon uitgeput teen die tyd dat jy jou staan kry. Maar dan kan jy ook aardige dinge raakloop. Vir een kampeerder pla dit nie as iemand 'n staanplek vir vriende uithou nie, maar iemand anders kan lelik omgekrap raak... maar dis 'n storie vir 'n ander dag.



NOU MOET ONS TOT 'N PUNT KOM! 'n Mens besluit nie net op jou eis waar om kamp op te slaan nie. Selfs in jou eie kampgeselskap gaan mense nie noodwendig saamstem nie. Dis dan wanneer iemand maar die dobbelsteen moet gooi.



Doringbome sorg vir nog grys hare: Óf daai doring op die grond steek deur jou plakkie óf die kinders se fietswiele loop vinnig-vinnig deur. Die beste is om langs of halfpad onder 'n koelteboom te staan. Maar in die snikhete van die dag is 'n koelteboom die antwoord. Dis glad nie vreemd nie om by oorde sonder koeltebome afdakke te sien.

4 Op en af Nie alle staanplekke is noodwendig ewe gelyk nie. Daar is ook 'n verskil tussen 'n gelyk staanplek met 'n effens helling, en 'n oneweredige staanplek. Laasgenoemde beteken jy het die kort looitjie getrek en jy sal die beste moet maak van 'n slegte saak. Jy mik dus eerste vir die gelykste staanplek, veral as jy met 'n tent kamp. Jy kan 'n wa op 'n effense helling – of selfs oneweredige grond – waterpas kry, maar dis onmoontlik met 'n tent. As jy noodgedwonge 'n skuinste het waarmee jy vrede moet maak,

rig jou kampbed só in dat jy met jou kop aan die hoër kant slaap. Moet nooit in 'n holte opslaan nie – as 'n donderbui uitsak, is jou tent die eerste een wat gaan dryf.

5 'n Gawe erf Oorde se staanplekke bestaan gewoonlik uit gras, grond, 'n plavei- of betonblad, of 'n kombinasie hiervan. Elkeen het sy voordele: Niks klop 'n lowergroen grastapyt nie, maar wanneer kampeerdere lank staan, sit die oord met geel grasblokke wanneer die mense oppak. Grond of sand is niks vreemds nie, maar dan trap al wat kampeerder is grondkorrels die tent of woonwa binne. 'n Geweefde grondseil is die antwoord en hoort boaan jou pakpys. As jy vir 'n week in die reën kamp, gaan jy weinig kan doen om 'n modderbad keer. Plaveisel is 'n teenvoeter hiervoor en is waarskynlik waterpas gelê. Dit sorg egter óók vir 'n klein jakkalsie, want as jy hierop 'n tentpen wil inslaan, sit jy met 'n probleem,





behalwe as jou ankertoue lank genoeg is sodat jy dit langs die blad kan inslaan.

6 Waar maak wel saak As jy rus en vrede verwag, kan die spesifieke ligging deurslaggewend wees. Vermoë 'n plek naby die hek of hooftoegangsroetes. Verkeer op en af is nie net lastig nie; jy gaan waarskynlik met hooikoors sit as die oord stowwerige grondpaaie het. Kies ook 'n goeie afstand van die swembaddens en badkamers af. Dit is twee plekke in 'n oord met konstante verkeer.

7 En die geriewe? 'n Goed toegeruste staanplek het 'n kraan, kragpunt, braaiplek, lig en vullisdrom, terwyl 'n plaveiblad gaaf is as jy dit verkies. (Hou tog by die spesifieke kagsok wat bedoel is vir jou staanplek, en moet ook nie meer as een vir jouself hou nie.) Die heel beste is wanneer jy jou eie badkamer op jou staanplek het;

anders moet jy besluit hoe ver jy badkamers toe wil stap.

En as wifi 'n verskil gaan maak, vind voor die tyd uit of dit beskikbaar is. Sommige oorde vermoë dit met 'n rede.

8 Hoe laat is dit? Die meeste oorde het bepaalde aankoms- en vertrektye, maar dit geld eintlik net in besige tye. 'n Plek waar dié reël oënskynlik skaamteloos verontagsaam word, is die Kruger-wildtuin. Hier is kampeerders geneig om ekstrasvroeë op te pak sodat hulle ewe vroeë by die volgende ruskamp kan opdaag. Dan kan jy eerste kies, voor jou kampvriende, veral as jy op een van die gewilde heiningstaanplekke wil opslaan.

Hier dink ons veral aan Shingwedzi, want hoewel jy in die res van die Kruger self kan kies, is hierdie heiningstaanplekke genommer en word vooraf toegewys – en jy betaal natuurlik ekstra.



WAAR KAMP ONS FACEBOOK-VRIENDE?



Piet Botha Ek verkies koelte in die middag en 'n staanplek op gras, maar alles is ook reg met plaveisel – dis natuurlik beter wanneer dit reën. Ook nie staanplekke onder bome nie, want dan mors die voëls op die tent en woonwa. Naby die badkamer is altyd gaaf.

Kobus Horn Ek kamp nie onder bome nie en ook nie in 'n holte nie. Dis die plek vir slange en ape, én waar die reënwater opdam. Die ape speel in die bome – dis ook van waar slange toegang kan kry.

Herman Swart Op 'n plek soos Weltevrede buite Parys is onderdakstaanplekke, plaveisel en die mooiste gras.

Stef du Raan Vir staanplek verkies ons eerder gelykte, gras en 'n koelteboom wat nie te ver van die badkamers af is nie.

Chris en Alida Laing Ons kamp met 'n tent en soek skaduwee op 'n staanplek wat so gelyk as moontlik is; hoe ver die badkamers is, maak nie saak nie. Ook lekker ver van ander mense af, maar aan die ander kant ontmoet 'n mens interessante mense. Solank ons kampvuurtjie kan brand.

Peet van Rooyen Sedert ek die Richtersveld, Weskus en eko-roetes ontdek het, keer ek terug soontoe – plekke waar daar niks en niemand is nie. Dis 'n avontuur en ek sukkel om weer langs

mense te kamp. Dan kan ek net sowel op my grasperk in my voortuin opslaan.

Neil Williams Gee my die bos met geen mense in sig nie.

Marthie van Breda Ons probeer 'n effense koeltetjie kry – en om die middagson vry te spring.

Elaine Barnard Venter Ek kamp diep in die bos of waar ek plek kry – veral in die wildtuin.

Marius Hendriks Ek kamp saam met vriende of enigiemand... onder 'n boom of êrens onder die sterre. Geriewe is 'n bonus, maar 'n bos- of wildkamp die heel beste.

Kewp Roos Verkieëlik nie onder 'n boom nie. Kies jou kuierplek aan die ooste van jou woonwa sodat die laaste sonlig nie pla wanneer jy kuier en braai nie. Ook nie te ver van die badkamers af nie, maar so ver as moontlik van die buurman af.

Agatha Ikking Gee my 'n plek ver weg van rumoer, kleintjies, musiek en lawaai. Eerder in die bos as plekke met aktiwiteite soos waterwurms en kroeë. In die winter soek ek meer son en in die somer koelte. Pasop vir "wilder" plekke soos Botswana en onder bome waar olifante stil-stil peule kom vreet. Op grond of gras maak nie saak nie, maar nooit weer naby die see nie. Die wind hou nooit op nie en jou besittings roes weg. 🐘



Ry is beter as vlieg

Jy beplan om by die familie in die Kaap te gaan kuier: Koop jy vliegkaartjies vir jou hele gesin of ry julle met jou bakkie af see toe? Oorweeg gerus die volgende.

Teks **Cyril Kloppe** Foto's **Unsplash & Getty Images**

In Kempton Park, Gauteng, is 'n gesin – kom ons noem hulle die Potgieters – wat vir 'n week by hulle familie in Melkbosstrand in die Kaap gaan kuier. Die Potgieters wil egter nie op hulle familie se nek lê nie en daarom soek hulle hulle eie wiese terwyl hulle in die Kaap is. Wat staan hulle te doen?

Die syfers

Ons het drie gewilde reisagentskappe se webwerf besoek en vliegkaartjies aangevra met een maand kennisgewing. Die gemiddelde retoerkaartjie tussen O.R. Tambo en die Kaapstadse internasionale lughawe kos R3 400 p.p.. Die Potgieters gaan dus R13 600 moet opdok vir vier retoerkaartjies.

Ons het ook 'n paar voertuigverhuuringsmaatskappye genader, en vir 'n gehuurde Toyota Hilux 2.4 GD6 4x4 gaan die Potgieters gemiddeld R21 000 per week betaal. Onthou ook dat hulle 'n Uber XL-bussie moet gebruik

om hulle van Kempton Park af lughawe toe te neem en dan weer terug huis toe ná afloop van hulle vakansie: dit kos rondom R170 per rit.


Hierdie soort reis gaan die Potgieters nagenoeg R35 000 kos, en dan is die rondrits en uiteet in die Kaap nog nie bygereken nie.

Indien die Potgieters eerder besluit om in hulle eie Toyota Hilux 2.4 GD6 4x4 Kaap toe te ry – 'n retoerafstand van 2 800 km – gaan hulle R7 200 aan brandstof bestee (as ons veronderstel hulle Toyota se verbruiksyfer is 11,1 l/100 km en diesel kos R21,42 per liter) en R411 tolgeld: dus altesame R7 600 sonder om enige wegneemetes by vulstasies in te sluit.

Om te ry kos die Potgieters 78% goedkoper as om te vlieg – 'n besparing van R27 400! Maar wat van tyd? Dit is mos veel vinniger om te vlieg?

Die tyd

Die Potgieters se Uber-bussie neem sowat 'n halfuur om van Kempton Park tot op O.R. Tambo



te ry – mits alles goedgaan.

Die gesin moet hulle bagasie minstens 'n uur voor hulle vlug laat inweeg. Die vlug duur twee uur (mits daar geen vertraging is nie), en by Kaapstad neem dit 'n halfuur om uit die vliegtuig te klim, gevolg deur nóg 'n halfuur langs die vervoerband om hulle bagasie te kry. Na nóg 'n halfuur kan die Potgieters uiteindelik ontvangs neem van hulle voertuig. Dan is dit van die lughawe af nóg 'n halfuur se ry tot op Melkbosstrand. Dit wil sê 5½ uur as alles glad loop. Aan die einde van hulle week in die Kaap word die proses herhaal, nou omgekeer. Ons praat dus van altesame 11 uur se spanning.



Om te ry gaan uiteraard langer duur. Gegronde op ons ondervinding kan jy reken op sowat 17 uur van Kempton Park af tot op Melkbosstrand, 'n afstand van



sowat 1 400 km. Ons raai jou ten sterkste aan om dit oor twee dae te ry, dus 700 km per dag. Die heen- en terugtog gaan dus altesame 4 dae neem, of dan 34 uur op die pad. Die Potgieters moet 11 dae opsy sit as hulle 'n volle week in die Kaap wil kuier.

Om te ry kry 'n verdere bonuspunt, want jy mag vir Wagter saamneem. Om jou hond in 'n vliegtuig se bagasieruim te laai is 'n foltering vir mens én dier, en las boonop ekstra ure aan jou reistyd.

Veiligheid

Maar dis mos gevaarlik om te ry – kyk net die skokkende sterftesyfers op ons land se paaie!

Volgens Dr. Arnold Barnett van die Massachusetts Institute of Technology is dit 19 keer veiliger om te vlieg as om te ry. Bygesê, dr. Barnett se statistiek dateer uit die jare negentig en sy syfers is gegrond op Amerikaanse padsterftes. Terloops, luidens 'n 35 jaar lange ondersoek deur die Federal Aviation Authority (FAA) van Amerika is die veiligste sitplek op 'n binnelandse vlug in iets soos 'n Boeing 737 of Airbus A320 so halfpad tussen die vlerk en die stert. Dit wil sê daar by ry nr. 23-27 rond.

Vir meer relevante inligting wat betref noodlottige motorongelukke op eie bodem kyk ons na navorsing wat in 2021 deur die Padverkeersbestuurskorporasie (RTMC) van Suid-Afrika gedoen is. In hierdie verslag word aangedui dat ligte voertuie verantwoordelik is vir 53,8% van alle padongelukke. Die vernaamste sondaar is die

Toyota Quantum-minibustaxi wat bydra tot die grootste sterftesyfer onder ligte voertuie.

Die verslag noem ook dat wit voertuie in die meeste noodlottige botsings betrokke is, en geel voertuie die minste – die RTMC sê wel dat wit voertuie verreweg meer algemeen in Suid-Afrika is as geel voertuie.

Wat bakkies betref, het Nissan se NP300 (Navara) luidens die verslag die hoogste risiko met 0,41 sterftes uit elke 1 000 ligte voertuie – dis egter aansienlik laer as 'n minibustaxi. Die Nissan word gevolg deur Isuzu se KB of dan D-Max met 0,39, Toyota Hilux (0,38), Nissan Hardbody (0,33) en Ford Ranger (0,28).

Die verslag sê ook dat 33% van die 48 330 noodlottige motor-

ongelukke wat deel uitmaak van die studie, veroorsaak is deur ongeregiste voertuie. As jy dus hoor dat 14 000 mense per jaar op ons paaie sterf, moet jy eers die skokkende syfer in konteks plaas, want jy hoef nie deel van die statistiek te wees nie.

En wat van die omgewing?


Jy dink dalk 'n vliegtuig besoedel die aarde minder per persoon as jou dieselmotorkar, maar jy's verkeerd. Volgens navorsing met die titel "BEIS/Defra Greenhouse Gas Conversions Factors 2019" genereer 'n tipiese binnelandse vlug 133 g koolstofdoksied per kilometer per passasier. Die gemiddelde dieselveertuig met vier insittendes, daarteen-

oor, skep slegs 43 g CO₂ per kilometer per passasier.

As omgewingsbewustheid jou koud laat, is daar nóg redes om eerder te ry. Jy kan ry wanneer dit jou pas en julle hoef nie 'n skedule te volg nie. Jou bakkie se sitplek is gemakliker as die ekonomieklas-sitplekke in 'n vliegtuig. Jy kan boonop jou bakkie aftrek en bene rek nes jy wil. En jy mag jou tas swaar laai sonder om in te betaal.

Jou kuiertjie in die Kaap gaan net soveel lekkerder wees in jou eie bosbakkie. Sorg net dat jy veilig ry.

“ Jy dink dalk 'n vliegtuig besoedel die aarde minder per persoon as jou dieselmotorkar, maar jy's verkeerd. ”



Oorkoepel jou avonture

Deesdae kry 'n mens verskeie soorte tente, maar die koepeltent is na ons mening die beste kombinasie van gemak en doeltreffendheid.

Teks **Cyril Klopper** Foto's **Cyril Klopper** en verskaf

Met 'n daktent slaap jy lekker hoog bo die grond, weg van ongediertes af, maar die op- en afklommery kan lol. Nylontente weeg min en pak klein op, maar hulle raas in die wind en is deur die dag warm. Koepeltente van doekmateriaal sorg vir die beste nagrus en ongeëwenaarde duursaamheid. Hier volg 'n dosyn puik koepeltente wat drie tot vyf mense kan huisves.



KRY DIE PRODUKTE HIER

4x4megaworldonline.com outdoormansa.co.za makro.co.za takealot.co.za outdoorwarehouse.co.za
falksontents.co.za campcraft.co.za futurama.co.za tentco.co.za

Pryse was teen druktyd korrek, maar dit verander soms vinnig. Besoek altyd eers 'n verskaffer se webblad om die jongste pryse te kry.



DESERT PRODUCTS BOW

Kompak en bekostigbaar

Die naasgoedkoopste tent op hierdie blaaie het teoreties slaapplek vir 4, mits almal bereid is om lepel te lê, maar ons beveel hom eerder aan vir 'n paartjie met een kind. Die seile is van 420 gsm-ripstopmateriaal en die vloer van duursame 520 gsm-PVC (gsm staan vir gram per vierkante meter en PVC vir polivinil-chloried). Die YKK-10cf-ritssluiters werk betroubaar en jy kry 'n los grondseiltjie waarop jy jou skoene kan uittrek voor jy in die tent klim. Hy't twee vensters, 'n gleuf vir 'n kragkoord en sakkies binnelangs vir persoonlike items.

Afmetings 2,4 x 2,4 m

Slaapplek 3

Prys R4 615 by 4x4 Mega World

BUSHTEC SAFARI

Huisie in die vreemde

Nes Desert se tent hierbo het Bushtec se Safari-tent slaapplek vir 3, hoewel 2 mense gemakliker gaan inpas. Hy word gemaak van UV-bestande 420 gsm-ripstopmateriaal en die vloer van 550 gsm-PVC. Hy't twee vensters wat met muskietbestande maas bedek is, daar is ventilasiegleuwe in die dak, en die deur rits toe met 'n swaardiens ritssluiters. Sy pale word gemaak van buigsame veerstaal, en wanneer jy hom verpak, is die sak se afmetings 110 x 30 x 30 cm. Die Bushtec Safari weeg altesame 27,2 kg.

Afmetings 2,4 x 2,4 m

Slaapplek 3

Prys R6 250 by Outdoor Man SA



CAMP MASTER KGALAGADI

Reënvaste vakansiekoepel

Hierdie tent weeg 28,5 kg en sy afmetings is 130 x 24 x 26 cm wanneer hy verpak is. Hy word gemaak van 360 gsm-doekmateriaal en volgens die vervaardiger het hy 'n waterkolomgradering van 1 000 mm. Hy's effens groter as die vorige twee tente, maar 4 mense gaan steeds styf teenaan mekaar moet lê. Jy kry op die koop toe 'n reënseiltjie met 'n stoepafdakkie en twee vensters wat met maas bedek is om muskiete uit te hou. Die muskietnet vir die ingang rol sywaarts oop. Makro gee 'n eenjaarwaarborg op sy Camp Master-tent.

Afmetings 2,6 x 2,6 m

Slaapplek 4

Prys R7 500 by Makro



BUSHTEC NOMAD

Nomadiese leefstyl

Bushtec sê sy Nomad is geskik vir 4 mense, maar die 3 x 3 m-vloer kan selfs 5 mense huisves as julle soos sardyne in 'n blik lê. Die tent weeg 34 kg en sy verpakte afmetings is 124 x 32 x 32 cm. Nes die kleiner Bushtec Safari hiernaas word die Nomad gemaak van 300 gsm-ripstopmateriaal met 'n waterkolomgradering van 550 mm, en die vloer is van 550 gsm-PVC. Hy't ventilasiegleuwe in die dak – bedek met 'n reënseil – en die deur rits toe met 'n swaardiens ritssluiters. Hy't twee vensters en 'n ingang met maas om insekte uit te hou.

Afmetings 3 x 3 m

Slaapplek 5

Prys R6 000 by Takealot >



TOERUSTING



TENTCO SAVANNAH 5 Waarde vir geld

Die bekostigbaarste tent op hierdie blaaie is beslis nie afskeepwerk nie. Hierdie tent word gemaak van UV- en skimmelbestande 260 gsm-Howard-ripstop-materiaal en die vloer van 320 gsm-PVC. Hy's nie so rateltaai soos Tentco se ander tente nie, maar hy's goed genoeg vir ligte gebruik en sonskynweer. Die tent weeg 23 kg en sy verpakte afmetings is 130 x 26 x 23 cm. Hy't 'n reënseil, een venster en 'n ingang met insekbestande maas wat met YKK-ritssluiters toemaak. Die pale word van elektroplateerde veerstaal gemaak.

Afmetings 3 x 3 m
Slaapplek 5
Prys R4 450 by Tentco

CAMP MOR SIERRA STANDARD Goue standaard

Campmor sê sy Sierra Standard het slaapplek vir 4 mense, maar 5 kan inpas. Hy word gemaak van 320 gsm-ripstoppoliëster en het 'n 550 gsm-PVC-vloer. Die tent weeg 20 kg sonder die pale en die sak se afmetings is 80 x 40 x 38 cm – ook sonder pale. 'n Reënsel word verskaf en die nate is toegeplak met waterdigte some. Die materiaal het 'n 2 jaar-waarborg en met die YKK-ritssluiters het jy 5 jaar se gemoedsrus.

Afmetings 3 x 3 m
Slaapplek 5
Prys R5 680 by Futurama



FALKSON ADVENTURE 5 Drie, met gemak

Falkson sê sy vyfmantent is groot genoeg vir 3 opvoubeddens met matrasse en kleresakke, of 5 mense wat op die grond slaap. Die tent word gemaak van 320 gsm-ripstopmateriaal en die vloer van 550 gsm-PVC. Die gegalvaniseerde paaltjies is 8,5 mm dik en die ritssluiters vir die ingang word deur YKK verskaf. Hy weeg 28 kg en vou op tot 125 x 30 x 30 cm. Falkson sê verder dit duur sowat 15 minute om die tent staan te maak. Hy't ook 'n haak onder die dak se nok waaraan jy 'n lantern kan hang.

Afmetings 3 x 3 m
Slaapplek 5
Prys R5 500 by Falkson



CAMP MOR WEEKENDER Dis naweek – kom ons duik!

Dis Campmor se intreevlakmodel, maar hy word nietemin gemaak van 320 gsm-materiaal met 'n 550 gsm-PVC-vloer. Die Weekender het slegs een venster, en dié het muskietbestande maas. Daar is 'n gleuf by die ingang vir 'n verlengkoord. Die tentpensak het 14 reguit penne wat 5 mm dik is. Die materiaal het 'n 2 jaar-waarborg en die YKK-ritssluiters se waarborg hou vir 5 jaar. Wanneer hy in sy sak opgerol is, is die afmetings 80 x 40 x 38 cm. Hy weeg 22 kg, maar dié gewig sluit die pale uit.

Afmetings 3 x 3 m
Slaapplek 5
Prys R7 200 by Campcraft



CAMPOR OVERLANDER

Gereed vir 'n landreis

Die Overlander het twee vensters met muskietbestande maas en 'n reënstoepseil oor die ingang wat deur drie pale regop gehou word. Daar is sakkies onder elke venster vir persoonlike items en 'n gleuf by die ingang vir 'n elektriese koord. Hy's gemaak van 320 gsm-ripstop-poliëster en die vloer van 550 gsm-PVC. Die tent weeg altesame 27 kg en die afmetings van die sak waarin jy hom bêre, is 80 x 40 x 38 cm. Jy kry 20 tentpenne wat elk 5 mm dik en 300 mm lank is. Die toue het glimstroke sodat jy nie snags daaroor struikel nie.

Afmetings 3 x 3 m

Slaapplek 5

Prys R6 600 by Outdoor Warehouse



TENTCO SENIOR WANDERER

Elke aand op 'n ander plek

Tentco se Senior Wanderer word gemaak van 260 gsm-Howard-materiaal en het 'n 440 gsm-swaardiens grondseil. Hy weeg 24 kg en die afmetings in sy sak is 72 x 36 x 40 cm. Die pale word in 'n aparte sak van 122 x 16 x 8 cm verpak. Hy staan 2,2 m hoog sodat selfs langerate gemaklik binne kan aan- en uittrek, en twee vensters sorg dat 'n bries op warm dae kan deurtrek. Nes die res van die tente op hierdie blaaie het hy ook 'n gleuf vir 'n verlengkoord. Die materiaal is liggewig, wat die opslagslag heelwat makliker maak.

Afmetings 3 x 3 m

Slaapplek 5

Prys R5 500 by Outdoor Warehouse



TENTCO SENIOR SAFARI BOW DELUXE

'n Erfstuk vir jou nageslag

Teen 33 kg is dit die swaarste tent wat ons hier wys, maar hy word gemaak van dik 330 gsm-poliësterkatoen met 'n 540 gsm-PVC-grondseil. Hy't drie vensters wat van binne én buite af kan oopmaak, lugopeninge in die dak, swaardiens YKK-ritsluiters en 'n stoepdak wat deur twee pale omhoog gehou word. Die pale is van vlekvrystaal wat nie sal roes nie, daar's vakies vir sleutels en 'n beursie onder die vensters, en die gebruiklike gleuf vir 'n kragkoord. Hy's een van die taaiste tente op hierdie blaaie.

Afmetings 3 x 3 m

Slaapplek 5

Prys R7 000 by Outdoor Warehouse



CAMPOR SAFARI BOW

Bielie van die Bosveld

Hy weeg 27 kg sonder sy pale en penne – dié word apart verpak, want hy word gemaak van duursame 400 gsm-doekeil – die dikste materiaal van al die tente op hierdie lys – en sy grondseil is 550 gsm-PVC. Jy kry 28 tentpenne (5 mm dik en 300 mm lank) en die pale is 8,3 mm dik en met gebakte poeierverf behandel teen roes. Sy stoep is nie net onder dak nie, maar daar is ook 'n kantseil om jou teen wind en weer te beskerm. Campmor verskaf ook 'n 80 x 45 mm-net wat as vloermatjie dien.

Afmetings 3 x 3 m

Slaapplek 5

Prys R6 900 by Futurama



Vat 5!



Hou die kossake
eenvoudig met net
vyf bestanddele
per resep –
dis nou goed
soos olie, sout en
peper uitgesluit.
Proe is glo.

Resepte en stiling **Johané Neilson**

Foto's **Ed O'Riley**

ROMERIGE SPEKPASTA

Vang (pasta)slange

'n Houertjie gegeurde roomkaas is 'n gawe
kampvuurkortpad vir pastasous.

Jy benodig

(genoeg vir 6)

- 200 g spek, gesnipper
- 1 rooi soetrissie, dungsny of gekap
(of gebruik 4 klein slaaipepers)
- 2 knoffelhuisies, fyngedruk
- 1 houertjie (230 g) roomkaas
(ons het Lancewood se Jalapeño
& Chilli-geur gebruik)
- 400 g spaghetti

Só maak jy

1 Verhit 'n bietjie olyfolie in 'n pan en
braai die spek en soetrissie tot mooi
bruin en glansend. Roer die knoffel by
en braai dit vir 'n laaste minuut.

2 Roer die roomkaas by die pan, draai
die hitte baie laag en hou dit warm
terwyl die pasta kook.

3 Kook die pasta in soutwater tot
al dente. Skep die pasta nat-nat in die
roomkaasmengsel en meng alles deur.
Die pastawater is nodig om die pansous
effens los te maak en help ook om al
die linte warm pasta met sous te bedek.
Geniet die pasta warm.

Ry & Sleep sê As jy nie van
'n brandsmaak hou nie, is roomkaas
met 'n sprietuigeur ook heerlik.



GROENKERRIE-HOENDERBOUDJIES

Dis groen en goed!

'n Lepeltjie gekoopte groenkerriesmeer, gemaak
met 'n rits geurige bestanddele soos groen brand-
rissie, gemmer, sitroengras, lemmetjie en knoffel,
beteken jy hoef minder bestanddele in te pak na
die kamplek toe.

Jy benodig

(genoeg vir 4)

- 8 hoenderboudjies
- 1 eetlepel gekoopte groenkerriesmeer
- 1-2 eetlepels sojasous (ek hou van Kikkoman
s'n met 'n laer soutinhoud)
- 1 koppie witrys (ek hou van jasmynrys)
- ½ komkommer, in dun skyfies gesny

Só maak jy

1 Sny twee of drie diep kepe tot op die been in
elke hoenderboudjie.

2 Meng die groenkerriesmeer met 'n eetlepel
sojasous en 1 eetlepel water en vryf die hoender
oraloor met dié geurige mengsel in, ook onder
die vel en diep in die kepe. Marineer dit in die
braaibak terwyl jy die vuur regkry.

3 Braai die hoender oor matige kole vir omtrent
20 minute tot gaar. Draai dit gereeld om. Geur
dit na smaak met sout en peper en besluit of jy
die ander lepel sojasous ook wil aanverf.

4 Kook die rys in soutwater tot gaar (volg die
instruksies op die pakkie) en sny die komkom-
mer lekker dun. Sit die rys en komkommer saam
met die gebraaide hoender voor.

Ry & Sleep sê Klappergeur rys is ook heerlik
saam met dié hoender.

>



VARKWORSIES EN KAPOKAARTAPPELS (S)pan saam

Die klassieke kombinasie van smul-lukker *bangers* – vark, bief of hoender; ook boerewors is lekker – met 'n uiesousie en kapokaartappels is 'n ou gunsteling.

Jy benodig

(genoeg vir 4)

- 500 g varkworsies (ons het dun chippolatas gebruik)
- 2 rooi- of wituie, in dun skyfies gesny
- 1 eetlepel souspoeier (ons is gek oor Ina Paarman se Roast Onion Soup & Gravy Powder)
- 6 middelslag-aartappels, geskil en in blokkies gesny
- ¼ koppie gesmelte botter (of gebruik ½ koppie warm melk)

Só maak jy

1 Verhit 'n skeut olie in 'n dikboompan en braai die worsies stadig tot goudbruin en net-net gaar. Skep

die worsies uit die pan, maar hou die olie daarin.

2 Roer die ui saam met 'n bietjie warm water in die pan en kook dit tot die water verdamp het en die ui glansend is. Gooi, indien nodig, nog olie by. Braai die ui tot goudbruin en glansend. Kook intussen die aartappels in soutwater tot sag.

3 Klits die souspoeier by 1 koppie kookwater tot dit opgelos is, en roer die mengsel by die ui. Skep die worsies terug in die sous en prut dit stadig terwyl jy die kapokaartappels maak.

4 Dreineer die gaar aartappels, geur dit na smaak met sout en peper, en voeg die botter of melk by. Druk dit met 'n aartappeldrukker fyn. Sit die aartappel voor saam met die worsies, uiesous en 'n ekstra klont botter.

Ry & Sleep sê Dié resepte maak redelike stywe kapokaartappels; voeg gerus nog melk, room of botter by indien jy dit verkies.



MIELIEKOEKIES

Moenie die mielie kielie nie

Maak genoeg van hierdie happies, want hulle verdwyn net so vinnig as wat jy hulle braai!

Jy benodig

(genoeg vir 6)

- 1 blik (400 g) geroomde mielies
- 1 eier
- 1 koppie bruismeel
- 1 eetlepel gekapte sprietuie
- stroop om voor te sit

Só maak jy

1 Klits die geroomde mielies en eier met 'n vurk saam en voeg dan die meel en sprietuie by tot jy 'n dik beslag het. Voeg 'n knippie sout by.

2 Skep eetlepel vol van die beslag in 'n bietjie olie in 'n pan of jou skotelbraai, en druk elkeen effens platter om die koekies te vorm.

3 Vlakbraai die koekies in sarsies tot dit oraloor mooi goudbruin en deurgaar is. Hou die hitte matig sodat dit nie te vinnig bruin braai nie, want dan gaan die binnekant nog nie gaar wees nie.

4 Geniet die koekies net so as bygereg by die braai of saam met 'n klontjie botter of stroop as 'n lekker bederf. Natuurlik kan jy albei byvoeg as jy nie bestanddele tel nie.

Ry & Sleep sê As jy van die koekies 'n maaltyd wil maak, geniet dit met bros spek en kersietamaties of romerige repies avokado en kaas.

PAP MET SPINASIE

Popeye se gunsteling

Ek het hierdie resepidée gekry in Zola Nene se nuwe boek, *Seven Colours*. Zola se wenresep kry ook 'n gekapte ui en 'n knippie rissievlokkies by, en gebruik olyfolie eerder as botter en aftreksel – eksperimenteer gerus.

Jy benodig

(genoeg vir 6)

- 'n groot klont botter
- 1 knoffelhuisie, fyngedruk
- 1 bossie (150 g) spinasie, are en blare apart gekap
- 3 koppies kookwater, gemeng met 1 hoenderaftrekselblokkie
- 1 koppie meliameel

Só maak jy

1 Smelt die botter in 'n middel-slag-kastrol en braai die knoffel en spinasieare tot sag en glansend. Roer die blaarstukkies by en roerbraai alles vir 'n minuut of twee tot die spinasie verwelk het.

2 Gooi die aftreksel in die pot en klits die meliameel geleidelik by om te keer dat dit klonte vorm. Jy kan ook eers die pap in 'n mengbak met die aftreksel meng voor jy dit byvoeg.

3 Roer die pap oor matige hitte tot dit verdik en borrel. Prut dit rustig vir 20 minute tot deurgaar – roer dit gereeld om te keer dat die onderkant vasbrand. Vir my is die aftreksel 'n lekker kortpad om seker te maak die pap het nie nog sout en peper nodig nie.

Ry & Sleep sê As jy nie vars spinasie byderhand het nie, kan jy bevrore spinasie by die warm pap roer nadat jy die knoffel in die botter gebraai het.



CHORIZO-EN-BOONTJIE-JAFFELS

Botter jou brood buite

'n Lekker sterk chorizo is vir my heerlijk saam met effense soet sousboontjies en romerige kaas, maar bros spek is ook nie te versmaai nie!

Jy benodig

(genoeg vir 6)

- 1 chorizowors, in skyfies gesny
- 1 blik (400 g) sousboontjies
- 12 snye winkelwitbrood
- sagte botter om te smeer
- 2 koppies gerasperde kaas – moenie skaam wees nie!

Só maak jy

1 Braai die skyfies chorizo in 'n bietjie olie tot bros. Roer die sousbone by en verhit die mengsel tot deurwarm en effens ingedamp – roer dit gereeld.

2 Smeer een kant van elke sny brood met botter. Pak 6 snytjies met die botterkant na onder op 'n snyplank en verdeel die sousbone en kaas tussen hulle. Pak die orige 6 snytjies bo-op met die botter boontoe.

3 Knyp die broodjies toe in 'n jaffelpan, sny die brood wat oorsteek af, en braai dit vir 'n paar minute aan elke kant oor lae hitte tot die broodjies goudbruin is en die kaas binne-in gesmelt. Braai die res van die broodjies en lê weg terwyl dit nog warm is.

Ry & Sleep sê Belê gerus in 'n jaffelpan wat meer as een broodjie op 'n slag kan rooster, of pak 'n ekstra jaffelpan in om tyd te spaar. 🍴



Weg! Ry & Sleep KOOFGIDS



In die mark vir 'n karavaanskuiwer?

Die heeltemal nuwe en beste in die wêreld-woonwaskuiwer

powrtouch
EVOLUTION
auto



outomatiese karavaanskuiwer

Met 1-4 helling werkverrigting. Slegs een stel benodig vir dubbelas-woonwa. Vanaf R27 820,00 installasie en BTW ingesluit. Battery, batterylaaier en batterykas is **NIE INGESLUIT** by die prys.

GRATIS
5 JAAR
GEEN GEKIBBEL
ONDERDELE & WERK
WAARBORG

SOMILL PTY LTD,
RIETFontein, R51 DISTRIK
BALFOUR

KOÖRDINATE
S 26.977890 O 28.593968

KANTOOR TEL: 058 821 0006
info@powrtouch@somills.co.za

www. **Eco4x4africaA** .com

BEPALINGS EN VOORWAARDES GELD VIR ALLE TOERE

1. B&V verskyn in reisplan vanaf 1 Jan 2023
2. Alle pryse kan verander met vroeë in kennisstelling, maar is vas nadat deposito betaal is
3. Die wisselvalligheid af van die mark is te veranderlik

KONTAKBESONDERHEDE



ALEX



ALTA

EIENAARS

1996 tot 2030

📞 **ALTA/KANTOOR:** +27 12 80 493 80

📱 **ALEX/OP TOER:** +27 82 570 6010

📞 **Bel Alta 1^{ste}** +27 82 551 2982

📞 **Alex slegs WA/telegram of deur Alta**

📧 **BESPREKING ALTA:** alta@eco4x4africa.com

📧 **NAVRAE:** alex@eco4x4africa.com

📧 **"Eco4x4africa" vir fb**

PROGRAM VIR 2023 MET ECO4X4AFRICA – TOEROPERATEUR ALEX SMIT / *BETEKEN VERANDERBARE DATUMS

TOERNR.	TOERLAND	BEGINDATUM	ENDDATUM	PRYS PER VOLWASSENE	TOTALE AANTAL DAE
TOER 1	NAMIBIË KAOKOLAND	4 MRT OUTJO	18 MRT PALMWAG	R8,900pp	14 Dae Kampeër
TOER 2	BOTSWANA MOREMI/CHOBÉ	1 APR ZEERUST	15 APR KWANOKENG	R14,500pp	14 Dae Kampeër
TOER 3	SERENGETI SELFBESTUUR	21 MEI PRETORIA	*30 JUN KASANE	Vanaf USD \$3800pp	*35dae+ Kampeër
TOER 4	SERENGETI INVLEG-RETOER	*6 JUN OR TAMBO	*20 JUN OR TAMBO	Vanaf USD \$4750pp	14 Dae Lodge / Kampeër

ALLE TOERE SLUIT IN (1) ONTBYTGRAAN EN (2) AANDETES

TOERNR.	TOERLAND	BEGINDATUM	ENDDATUM	PRYS PER VOLWASSENE	TOTALE AANTAL DAE
TOER 8	ANGOLA NA KONGORIVIER	11 AUG ONDANGWA	25 AUG CALUEQUE	R17,500pp	14 Dae Lodge / Kampeër
TOER 9	ANGOLA MIL-CUITO	4 SEP CALUEQUE	15 SEP ANG GREN	R7,500pp	12 Dae Kampeër
TOER 10	LESOTHO MALUTI-BERGE	7 OKT FOURIESBURG	14 OKT MASERU	R8,900pp	7 Dae Lodge / Kampeër
TOER 12	NAMIBIË	16 DES WINDHOEK	31 DES WINDHOEK	R9,500pp	15 Days Kampeër

Ons aanlyn-winkel lewer landswyd af
voor jou deur of waar jy kamp
<https://www.shop.pretoriacaravans.co.za/>

Breek weg ...
Jy verdien dit!



PRETORIA
caravans
& OUTDOOR
- SINCE 1988 -

Jou een-stop handelaar vir nuwe of gebruikte karavane, sleepwaens, kamptoeerusting en parte



Tel: 012 329 2259 Karavaan -en sleepwa verkoopsagente: www.pretoriacaravans.co.za h/vJohan Heyns Rylaan & Jacobs Str.
Jacqui 072 478 5506 Michael-John 060 504 8884 info@pretoriacaravans.co.za Gezina, Pretoria



Invoerders van
ENDURO
TECHNOLOGY®
Semi & Vol Outomaties
Duitse Tegnologie
Koordlose Afstandbeheer



DAK LUGVERSORGING
VANAF EUROPA
NUUT
12000 BTU, R32 Gas
Wifi Gereed, Warm & Koud
Gewig 35kg

Kontak ons ook vir

Mobiele dienste
Onderstel dienste
Versekeringsseise
Ongelukskade

Veselglaswerk
Yskas inbouings
Buite kombuise
Lugversorging

Ombouings
Herstelwerk
Houtvrot
Haelskade



012 944 2487 / 082 575 1924

www.caravanfitmentcentre.co.za
info@caravanfitmentcentre.co.za

[Facebook.com/caravanfitmentcentre](https://www.facebook.com/caravanfitmentcentre)

REG VIR JOU WILDE AVONTURE?

LAASTE KANS OM TE
BESTEL VOOR DIE
PRYSVERHOGING
IN FEB 2023



[info @wildacc.co.za](mailto:info@wildacc.co.za)
083 284 6929

WILD
Accessories
www.wildacc.co.za

VANAF

R21 500 BTW ingesl. (Dubbelkajuit)

R23 800 BTW ingesl. (Ekstra kajuit)

R27 000 BTW ingesl. (Enkelkajuit)

Groter groottes sluit uit Mahindra, Land Cruiser ens.

SherpaLeisure

Carrying Loads Lightly

Sherpa Tiny en Rough Rider



NOU
BESKIKBAAR
Sherpa Tiny Lite &
Sherpa Fibretrail

Liggewig veselglas-karavane & -sleepwaens

- Maklik om te sleep
- Pas in gewone motorhuis
- Geen houtverweer
- Doelgebou



Rambler



Wanderer

Tel: 011 452-8188 • 082 554 8335 • e-pos: sherpa@telkomsa.net • www.sherpaleisure.co.za
Kontak ons vir 'n handelaar in u area.

Safe-T- Locksmiths



- Transpondeersleutels gesny
- Sleutelkodering en -programmering
- Rekenaarboks-herstelwerk

Commissionerstraat 307A,
Boksburg

083 226 3003 or 011 917 2016

BATTERY & OUTDOOR KING

Beste Kwaliteit Heel Beste Diens

DUBBELE BATTERYSTELSLS Ook litium



Ons stel vir u 'n **doelgemaakte sonkragpakket**
saam vir u spesiale sonkragbehoefte!



Kry dooie batterye
aan die gang

MPPT

DC-DC

Litium "jump starters" vanaf R1,499

Winkel: Rubensteinrylaan 870, Moreletapark, Pretoria-Oos

Tel: 066 2288 919 / 082 4444 911 | E-pos: jaco@mrek.co.za | www.batteryking.co.za



FB @batteriesking | FB-groep "Battery & Outdoor King"



EERSDAAGS OP DIE RAK!

In Weg Ry & Sleep se 4x4-gids 2022 deel ons reiswenke en selfdoen-projekte. Ons wys ook meer as 70 stukke toerusting om 'n doodgewone bakkie te omskep na 'n wafferse kampwa. Beskikbaar vanaf 28 Oktober in jou naaste supermark en boekwinkel.



Prys
R120

OUTDOOR WAREHOUSE

vir elke avontuur

Suid-Afrika se
grootste verskeidenheid

AVONTUUR TOERUSTING

kampeervatke • 4x4 • stap • klere • kook
stoor • kampmeubels • tente
watersport • yskaste en verkoelers



OUTDOOR REWARDS

32 winkels landswyd

Vir jou naaste tak, skakel 0800 007 261 tol-vry

Besoek outdoorwarehouse.co.za om meer uit te vind en aanlyn te koop

OutdoorW

Outdoorwarehouseza

Besoek ons by die
Gallagher-karavaanskou
24-26 Februarie 2023
Stalletjie F9

Rhino Bag Mate

DAKSAK

UITERS DUURSAME MILITÊRE GRAAD-MATERIAL WAT
REËN- EN STOFBESTAND IS

Skou-aanbod
R1500⁰⁰ BTW uitgesl.

- Voorsien ekstra 540L-bergingspasie op jou voertuigdak
- Kan opgevou en in jou katebak gebêre word wanneer nie in gebruik
- Maklike installasie met spesiale knippe
- Ook gebruik in die 4x4-mark vir ekstra bagasie of kamptoeusting



HEELTEMAL WATERDIG

- Materiaalbeskerming & waterdigte ritssluiters
- Naatloos warm gepeers in plaas van gestik




MAKLIKE INSTALLASIE
Gereed binne minute!

**PAS PERFEK MET OF
SONDER DAKRAK**
Pas op enige kar met 'n dak!

VIR INLIGTING EN PRYSE KONTAK | Tel: 011 315 4348 | Epos: maclaren@ust.co.za

WOONWA-BONANZA

Hier is elke denkbare keuse op een plek. Dit was nog nooit makliker om die regte besluit te neem nie.



Die gids sluit in

- Boswaens, grondpadwaens en tradisionele woonwaens
- 250 modelle – almal plaastik gebou
- 148 bladsye met meer as 650 foto's
- Sleepvoertuig-gewigte en rybewysvereistes
- 59 vervaardigers en 100+ handelaars
- Pryse en spesifikasies

Besikbaar by Spar, Woolworths, OK Foods,
Shoprite, Checkers en elders.*

* uitgesoekte winkels

Prys
R120

Hou jou KOEL hierdie SOMER!




CJ Aircon's

072 413 3899

Jacques | Cindy

www.cj-aircons.co.za | info@cj-aircons.co.za

- Woonwaens
- Kommersieel
- Wonings
- Installering
- Herstelwerk
- Dienste
- Ewiks Skuiwers
- Spaarwielhak
- Ondersteunings Hulpbane



Skuiwers wat jy kan vertrou!

ewika
caravan mover
www.ewika.co.za



OM HIER TE ADVERTEER, KONTAK:

DANIE NELL


082 859 0542

danie.nell@media24.com

SHARLENE SMITH

083 583 1604

sharlene.smith@media24.com



BLOKRAAI-OPLOSSING

BOOXE™

KEEP IT TIDY

Gerieflike bergingsoplossings en
duursame, beskermende matte & bufferskerm

- Glywerende katebak-, bak- & vloer-rubbermatte vir meer as 250 voertuigsoorte
- Oorspronlike katebakhouer vir TOYOTA FORTUNERS
- BOOXE GAP CAPS – vir Toyota Fortuner 2016-huidige modelle
- Ongelooflike katebakhouer vir enige voertuig
- Afhaalbare bufferskerm
- Voertuigbybehore – wat die lewe makliker, beter, slimmer maak

BOOXE-noodhulp- & noodstelle beskikbaar om aan te koop



Gemaak in SA

BOOXE NEAT SEAT OORTREKSELS

- Puik gehalte neopreen
- Universele passing
- Sweet- & waterdig
- Glywerende voor- en agterkante
- Lugsakversoensbaar
- Troeteldiervriendelik
- Taktiel
- Trek maklik oor en af.



Vir ons volledige produkreeks, gaan na www.booxe.co.za

+27 87 379 7539 / +27 56 176 2522
E-pos: info@booxe.co.za



OM TE ADVERTEER SKAKEL:

DANIE NELL

082 859 0542

danie.nell@media24.com

SHARLENE SMITH

083 583 1604

sharlene.smith@media24.com



**ONS DOEN VERSEKERINGS-
EN PRIVAATWERK**



Silver Lakes Caravans

950 LYNNWOOD ROAD * EQUESTRIA * PRETORIA

TEL: 012- 9441919

Karavaan Verkope & Verhuurings



MACLAREN AIR

Vir inligting en pryse kontak | Tel: 011 315 4348 | Epos: maclaren@ust.co.za

MacLaren HB9000-onderbank-lugverkoeling vir karavaan/kampeerwa

- ▶ Stil werkend
- ▶ Verkoeling & verhitting (hittepomp)
- ▶ Eenheid ten volle op eie aangedrewe, reg om in te prop
- ▶ Maklike installasie (dele & patroonplaat ingesl.)
- ▶ Ideaal vir wiptent-dakkaravane en ander
- ▶ Liggewig, ideaal vir karavane
- ▶ Geen lekkasies wat houtverrotting veroorsaak
- ▶ Eenheid kan met 'n omskakelaar bedryf word

MacLaren Karavaandak-lugversorger

- ▶ Ingeboude Wi-Fi
- ▶ Kragstelsel AC 220-240 V/50 Hz
- ▶ Ontwerp-verkoelingskapasiteit **3500W**
- ▶ Ontwerp-verhittingskapasiteit **3500W**
- ▶ Kraglewering (verkoeling/verhitting) **1300W/1100W**
- ▶ Koelmiddel **R410a**
- ▶ Algehele afmetings (mm) **710 W x 253 H x 1035 L**
- ▶ Verpakkingsafmetings (mm) **760 W x 310 H x 1090 L**

2 JAAR
VOLLEDIGE
VERSKAFFERS-
WAARBORG
OP ENIGE
EENHEID



INDIEN VOLGENS SPESIFIKASIES GEÏNSTALLEER, BELEMMER JY NIE ENIGE VAN DIE WAARBORGE OP JOU KARAVAN/KAMPEERWA NIE

ewiks

caravan mover
www.ewiks.co.za

Beweeg jou groot of klein karavaan self sonder moeite deur net 2 skakelaars te gebruik. Dit word deur die karavaanbattery aangedryf en permanent gekoppel om op padbande te ry.

Vir 'n toerustingsentrum of doen-dit-self inligting, kontak asseblief:

Kyle ☎ 084 33 00 606 ✉ info@ewiks.co.za



* Standaard stelle, battery uitgesluit, en laaier weeg minder as 30 kg



GEHALTE

WEELDE

EENVOUD

uiterste avonture in uiterste weelde

GECKO XTRME IS 'N STOFDIGTE VEELTERREINKARAVAN GESKIK OM IN WEELDE DEUR AFRIKA TE REIS. TOEGERUS MET 'N KONINGINGROOTTE BED, BINNESTORT (MET 220V/GASGEYSER), AFSONDERLIKE CHEMIESE TOILET, WARM- EN KOUEWATER-RETIKULERING ASDOK 12V, 220V EN SONKRAGLAATSTELSEL.

BESIGTIG D.M.V. AFSpraak

Tel: 015 004 1356

www.gecko-offroad.co.za
info@gecko-offroad.co.za



ADVENTURE TRAILERS

REG VIR 'N NUWE AVONTUUR



PRODUKTE

- Warrior
- Warrior Delux
- 2-slaper Delux (Spartan)
- Dinette (Gladiator)



SKAKEL JOU NAASTE HANDELAAR

CAMP WILD AFRICA
082 603 5105
Arum Lilly-weg 8
DuVillie Industrial Park
Eenheid 5, Durbanville
Kaapstad
7551

**SONPARK CAMPING
& LEISURE**
013 492 2996
Mystic River-singel 3
Riverside Park
Nelspruit
1200

**MOTOR KING &
MARINE**
012 335 2800
Steve Biko-weg 954
Wonderboom-Suid
Pretoria-Noord
0084

**SILVER LAKES
CARAVANS**
012 944 1919
Lynnwoodweg 950
Equestria
Pretoria
0184

**EAST RAND CARAVAN
WORLD**
011 025 7639
H/V North Rand- &
Elizabeth-weg 157
Beyerspark, Boksburg
1459

AUTO BOUTIQUE
060 529 7803
Stretch-singel 35
Vryheid
KwaZulu-Natal



Paul Kilian 083 626 49 65

info@trolleycompany.co.za • www.trolleycompany.co.za



Jolly Trolly® XL



Gewig 18kg
Vragkapasiteit 100kg
Oop & toe in 2 sekondes



Tipper trailer

Vragkapasiteit 500kg
Bakgrootte 120cm x 95cm x 30cm



Mule

Gewig 3kg
Vragkapasiteit 50kg
Sitplekkapasiteit 90kg



HOPPER



Vragkapasiteit 300kg
Bakgrootte 106cm x 58,5cm x 30cm

Baby HOPPER



Vragkapasiteit 200kg
Bakgrootte 97,5cm x 52,5cm x 22,5cm

Mesh XL



Vragkapasiteit 350kg
Bakgrootte 122cm x 60cm x 31cm

Mesh



Vragkapasiteit 200kg
Bakgrootte 97cm x 52cm x 25cm

Weg! Ry & Sleep

Oordgids 2023

206

UITGESOEKTE
KAMPPLEKKE
IN SUID-AFRIKA



Falkson
Tents & Outdoor

Dis jou wêreld. Voel tuis.

falksontents.co.za

Gratis aflewering landswyd



Boogtent



Boogtentverlengings



Raamtent



Safarilodge-tente



Kampbenodigdhede



tel: +27 87 265 8114 www.falksontents.co.za



Kameelboomkoelte

☆☆☆☆



Die ideale oornagplek op Askham in the Kalahari



Kontak ons
Nina 076 991 2561
 info@kameelboomkoelte.co.za
 www.kameelboomkoelte.co.za

Nuwe **selfsorg-eenheid** met fantastiese fasiliteite.


NOORD-KAAP **ASKHAM**



Scottburgh
KARAVAN PARK

TOP OORDE
 2009-vandag
 Caravan and Outdoor Life

- Een kilometer-strandfront
- Rotspoele
- Beskutte swemplek
- Varswater-swembaddens
- Alle staanplekke is hard of met gras
- Strandkothuis gemeubileer
- Elektriesiteit op alle staanplekke



039 976 0291
 caravanpark@scottburgh.co.za
 www.ScottburghCaravanPark.co.za

www.alloutbookings.co.za

KWAZULU-NATAL **SCOTTBURGH**



DUBE
 PRIVATE GAME RESERVE

MIDWEEK, SPESIALE AANBOD:
KAMP VANAF SONDAG TOT VRYDAG
SLEGS 2 PERSONE R800,00

EENHEDE, SPESIALE AANBOD:
BLY VANAF SONDAG TOT VRYDAG
SLEGS 2 PERSONE R2 700,00

Natuurreservaat in malaria-vrye gebied
 Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits. Selfsorghuise en woonwapark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer. Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild

- Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tafels • Springmatte • Mini-gholf • Binnenshuise verhitte swembaddens • Jacuzzi's • Koue swembaddens • "Lazyriver"
- Waterglybane • Wegneemetes

Luukse selfsorgeenhede DStv • Lugverkoeling • Kombuis binne en buite met braai-area • Volbadkamer met stort • Ten volle toegerus vir 2 persone



Tel: +27 66 298 5379 / +27 66 298 1664 / +27 73 171 8331 / +27 82 375 6179
 E-pos: info@dubegame.co.za • www.dubegame.co.za • **Bespreek aanlyn: www.alloutbookings.co.za**

Die grootste een nóg!



NOU
TE
KOOP

Weg!
Ry&Sleep

In ons *Oordgids 2023* het ons vir jou die inligting oor meer as 200 kampbestemmings in een publikasie opgesom. Daar's nie 'n makliker manier om jou wegbreke vir die jaar te beplan nie!

Charles Kros van Scottburgh wen 'n **koelsak ter waarde van R220** vir sy korrekte blokraai in ons Oktober-November 2022-uitgawe. Jy kan ook wen – stuur 'n foto van jou voltooide blokraai na rysleep@weg.co.za of vul hom aanlyn in by <https://bit.ly/3GyzE2z>. Onthou jou kontakbesonderhede. Die vorige oplossing is op bl. 106.

				Dorp in Mpumalanga	↓	'n Viertrek gebruik	↓	Na binne Vereer	Versoek	↓	Kampplek aan die Oranjerivier				
				Vrolike fees			Geldloos	→			Onsin				
				Pyn hê	→		Materiaal-soort								
'n Voël het op my kop ...	↓	Moeg	↓	Sweer		Knibbel	→					Buustelyfie	↓	Houer vir stokery	↓
		Pronkerige voël										ledere		Paai	
						Prior	→		Die tuig ...	→					
						Aria, bv.									
Vasstel											Liewer ... as nooit	→			
Hoogdrawend	→										"Dis seer!"				
				Gemeen	→				Ou Wes-Europeër				Vloer op 'n skip		
				Neerslag									Spot só	→	
Skelm		Werklike	→					Stukkie	→						
		Wyfie-rooibok	↓					... en skraap	↓						
					Onkuis	→									
					Weg-pakkery	↓									
Uitbars van die lag				Af en ...		Langsaam (musiek)	→	Eerste Griekse letter	→						
Ongelyk pad	→									Met die minste inhoud	↓	Legendariese pas op die Lesothogrens			
				Dwarshout aan die mas van 'n skip	→		Ligte biere	→				Ontgin dit (mv.)	↓	Triomf	↓
				Vaas	→			Oorhaal	→					Om te wees	↓
				Klein kind				Hanswors							
							Ná die tagtigs	→							
Vervaar-diger van die Jimny	↓	Ongebruikte	↓	Soort beskuit										Koningsgesindes	↓
				Weet										Snak	↓
						Flap	→				Indien	→		Bismut (simbool)	↓
						Praat	↑				Die spreker				
Oor-meester		Man of vrou	→				Nikkel (simbool)	→	Hemel-ruim	→			Afsnou	↓	
													Naasaan	→	
							Hoogdrawend	→							

OPGESTEL DEUR GERDA ENGELBRECHT

Wen 'n koelsak ter waarde van R220!

Of jy nou kamp, piekniek hou of langs die krieketveld sit, dié koelsak het onder meer plek vir 'n kosblik én genoeg ruimte vir 'n 1,5ℓ-koeldrankbottel. Daar is ook nog pakplek in die boonste helfte vir 'n bottel wat die helfte so groot is.

Verder is die binnekant met 'n PVC-laag uitgevoer wat dit maklik maak om die koelsak skoon te hou. Die sak het ook 'n handvatsetel wat bo-oor kom en met klitsrits heg, plus 'n skouerband as jy te min hande het.

winkel.weg.co.za



Kleur dié prent in



KLEUR IN

Kry die vetkryt en inkleur-
potlode gereed en gee
lewe aan die wildehond.

WOORDSOEK

Soek die woorde op die
lysie en merk hulle af.

SOEK DIE VERSKILLE

Daar is minstens tien verskille
tussen die twee sketse.
Kyk of jy hulle almal kan kry!

DOOLHOF

Wys die doolhof wie's baas.
Onthou om eers 'n potlood te
gebruik – ingeval jy 'n fout begaan.



Woordsoek

R K D P J Z E E C V E H C L F F P V C O N B
 Z H C Q Q F U K Z K S K E B G N A Y R V H V
 O O U R U B Z D A L R Y D V Y X Z F O I Q J
 C X H Y Z K Y R J T G B S L S G S E D C H I
 O K R J Z Q D D Y N B I O O Z H K Q X X I L
 P U S H D N N Y C F X E N B P F M J R P O L
 S L A R A C R O F T C C I T P F X D Z Z S V
 K W S H Y J P I U M J K C G B I R X K Y M A
 G C T B Y O R W U T F Z T B T C I Q Y M Z L
 R A Y J Q H I V C T A S H B P X X F C T Y E
 N G H L H N N A D X S P E J U D J J L A I N
 M E H T M M C F Q J L A H M K E N B O Q M T
 M R Y W T A E G J T W C E O T W J B U T A I
 Y A S X G R S W N V X J D G P T Q W D F F N
 Y L R I Z S S T Y I E D G I E Z U O S Q K E
 B T B I O T Z O E V H F E E E Q V S T Z N N
 B O T I O O E K T R C L H M Q X C O R C Z M
 O F O B G N L J C Z C U O K N A H L I L G R
 W R B J V D D I Q W M H G V L S E I F E H Q
 S I D V M K A K L G Z Z I E Y E A D E E K U
 E V I U I Y Z D H N M B W E J P T S T N U V
 R I B G V S O L D C O G A R F H J N F P D S
 J A I N T E P R F Y M D I Z L I K A E R U T
 O U G B E H K R G C Z G P M U R S K J B K W
 L X B B I U R P K K G J U Z M O F E I S E K
 G F O H Z F A Z S Z R T N E X T V F M Q N C
 U G S R T L T K D D R V L Z J H Q J F Y U M
 T C S S V O O K C C X A Y Z L U R L V C K V
 P R I N C E S S P E A C H X A W I U K H E G
 W O W U K I K F E X K M I Y H B D I B H M I


GEWILDE KARAKTERS IN VIDEOSPELETJES

Big Boss	Jill Valentine	Master Chief
Big Daddy	John Marston	Nathan Drake
Bowser	Kratos	Princess Zelda
Cloud Strife	Lara Croft	Ryu
Duke Nukem	Luigi	Sephiroth
Gerald of Rivia	Mario	Solid Snake

Soek die verskille



Doolhof



Dierefeite



MISKRUIER (SCARABAEIDAE)

- Miskruiers behoort tot drie basiese groepe: rollers, tonnelgrawers en inwoners.
- Die rollers vorm die mis in bolle en rol hulle weg. Tonnelgrawers bêre hulle mis deur 'n tunnel onder die hopen mis te gawe, terwyl inwoners binne in die mishopie woon.
- Miskruiers kom op elke vasteland voor, met die uitsondering van Antarktika.
- Die meeste verkies die mis van herbivore, maar jy kry dié wat omnivore se mis uitsoek.
- Miskruierlarwes vreet soliede mis, terwyl volwasse miskruiers net vloeistowwe inneem.
- Miskruiers is die sterkste diere ter wêreld en kan 1 141 keer hulle eie liggaamsgewig sleep.

Tref Hilux uiteindelik die kol?

Voorheen het hy nie regtig die Toyota Hilux oorweeg as sy nuwe ryding nie, maar nou dink hy anders – nadat hy die nuwe GR Sport onder oë gehad het, sê **Mic van Zyl**.

Ek is 'n Toyota-aanhanger, en beslis nie omdat die vervaardiger opwindende voertuie bou nie. Dis allermins die geval. Vir my gaan dit meer oor die hoë vlakke van betroubaarheid. En hoewel Toyota nie regtig enigiets doen wat as die beste in sy klas geag kan word nie, doen hy baie selde iets swak of verkeerd.

Wat 4x4-bakkies betref, is ek eintlik 'n baie groter aanhanger van die Ford

Ranger. Na my mening kry jy baie meer waarde vir jou geld met 'n Ranger as met 'n Hilux.

Die probleem kom egter in met langtermyn-eienaarskap.

Dis nie altyd maklik om die eienaar van 'n Ranger te wees nie. Ek kan self hiervan getuig nadat ek 'n kort ruk 'n Ranger Wildtrak gehad het. Dit was ongetwyfeld 'n lieflike ryding, maar het vir baie probleme gesorg. (Terloops, ons het ook nie meer enige Rangers in ons uitgebreide vloot by die werk nie.)

My huidige 4x4-voertuig, 'n Land Cruiser 76-stasiewa, moet in Augustus vervang word. Ek is gaande oor die kar met sy brullende V8-enjin en moeitelose veldryvermoë. Hy is egter nie te waffers op die pad nie.

Ek bring 80% van my tyd agter die stuur deur – óf in die spitsverkeer op pad werk toe of terug óf op die ooppad. Dis dus die meeste van die tyd harde werk, maar ek was nietemin van plan om hom met 'n Land Cruiser 79-dubbelkajuit-bakkie te vervang.

Ek het egter oor die feestyd 'n bietjie gedink, en die inspanning wat dit verg om met die Cruiser op teer te ry het my hierdie moontlikheid laat heroorweeg. Ek is ook op 'n punt in my lewe waar ek op soek is na meer gemak en luukse as wat die 70-reeks bied.

Die huidige Hilux was nog nooit voorheen vir my 'n keuse nie. Selfs sy vlagskipmodelle het te min wat standaard aangebied word (vergeleke met sy mededingers) en die swak ritgehalte het my nog altyd dwars in die krop gesteek. Ek kan nog iets doen aan die ritgehalte,

maar daar is nie salf te smeer aan die tekort aan weeldes nie.

Ek moes egter my mening heroorweeg toe daar onlangs 'n nuwe Hilux GR Sport in ons werkswinkel beland om met veldrykatoeters toegerus te word. Omdat ek 'n petrolkop is, het die bykomende krag en wringkrak op die nuwe bakkie my dadelik laat regop sit.

Van nader beskou, was dit duidelik dat die nuwe model jou baie meer bied vir jou geld as die GR Sport van 'n klompie jare gelede. Die nuwe bakkie het al die luukse waarna ek op soek is, alles op een plek... in 'n Hilux, nogal! Die donker binnerruim met sy rooi afwerking is so reg in my kraal. Dan is standaardkenmerke soos dubbelsone-lugreëling, die elektriesverstelbare bestuurdersitplek, die vensters wat met een druk van 'n knoppie oop- en toemaak sonder om jou vinger daar te hou, die deure wat oopsluit wanneer jy twee keer aan die bestuurder se deur trek, en die sleutellose aansitter alles op my wenslys.

Wat veiligheidkenmerke betref, is die lys indrukwekkend. Buiten die verpligte hantering- en remstelsel wat noodsaaklik is, is daar 'n klomp ekstras wat ek met ope arms verwelkom. Dit sluit in aanpasbare kruisspoedbeheer, elektroniese baanbeheer, parkeersensors voor en agter, en 'n trukamera met 'n wyehoeklens.

Hierdie stelsel wys alles om jou en gee jou 'n boonsig oor die bakkie. Dit krom handig te pas wanneer jy oor 'n begpas – of dalk 'n sypaadje by die *mall* – moet ry.

Welgedaan, Toyota. Jy het my.

Ek het hom reeds bestel en sal hier my terugvoer gee.



DStv
Premium

Die liefde gaan
weer plaas toe!

 BOER
- SOEK 'N -
VROU

Donderdae 20:00

K
kykNET
Kanaal 144

f t i @kykNETtv
www.kykNET.tv



Hou die reis interessant

Dit is net jou eie verantwoordelikheid om seker te maak die langpad raak nie vervelig nie, sê **Neels van Heerden**.

Tegnologie soos GPS, navigasie-apps op slimfone, die internet en 'n verskeidenheid reisgidse maak dit maklik om jou reis op roetes soos dié tussen Beitbrug en Kaapstad en Zeerust en Maputo te beplan.

Nasionale en provinsiale roetes word genommer en op padkaarte gemerk wat jy van die internet kan aflaai. Mense wat nuwe bestemmings wil ontdek of uitgekuier is met kampplekke, kan nuwe lewe blaas in hulle soeke na onvergeetlike ervarings.

Die N1, N2 en N3 is alombekend as nasionale roetes, terwyl paaie soos die N4 tot N21 en provinsiale roetes (R21 tot R80) minder bekend is. Op die lys wat ek geraadpleeg het, is daar nie 'n N13, N15, N16, N19, N20, R32, R47, R77, R78 en R79 nie.

Ja, Wikipedia het sy tekortkominge, maar bevat tog nuttige inligting en lys ook al die bestaande roetes. Die webwerf bied boonop 'n magdom skakels wat meer insae bied op onontdekte reiskeuses.

As die internet jou nie aanstaan nie, is daar goeie publikasies soos *Op pad in Suid-Afrika* deur Barend Erasmus. Hierin is staaltjies uit verskeie gehuggies, dorpe en stede.

Die oorsprong van plekname word in besonderhede beskryf en die karakter en attraksies van plekke geskets. Streekkaarte en roeteaanwysings word ook by elke hoofstuk ingesluit. Die boek is logies gerangskik van Kaapstad af en kring dan verder noordwaarts uit.

Die boek (2014) is al effens verouder en plekname het dalk al verander, maar jy kan opgedateerde inligting op die internet kry.

Groepe op sosiale media soos Overnight Camping Pitstops in Southern Africa bied taamlik beperkte inligting. Elke gesin behoort self skouer aan die wiel te sit om interessante of nuwe roetes op te spoor.

Een voorbeeld is 'n roete wat wegdraai by Britstown op die N12 tussen Kimberley en Drie Susters.

Van Britstown af volg jy die R384 wat 'n alternatiewe roete na die Weskus bied. Dié roete strek oor of verby Giesenskraal, Vosburg en Carnarvon. By Carnarvon volg jy die R63 deur Williston. Tussen Williston en Calvinia sluit die R63 dan by die R27 aan en jy volg dié pad deur Nieu-

woudville en Vanrhynsdorp, waar jy die N7 Clanwilliam toe vat.

Tussen Clanwilliam en Malmesbury lewer sekondêre roetes soos die R362, R363, R364, R399, R311, R315 en R45 juweelbestemmings in die suidelike Weskus op. Oornagplekke, padstalle en diensverskaffers tussen Britstown en Vanrhynsdorp kan saamspan om 'n egte Karoo-ervaring aan te bied en reisigers by te staan in geval van nood.

Stel 'n kaart op en maak 'n lys van besienswaardighede en geografiese bakens wat maklik bereikbaar is of gesien kan word op die roete. Geskiedkundige hoogtepunte, gekoppel aan elkeen van die dorpe op die roete, kan op 'n soekenjin beloer word. GPS-koördinate kan vooraf op 'n slimtoestel gelaai word om rigting te hou.

Die roetes in Bloemfontein, Kimberley en Upington se omgewing kan erg vervelig raak, veral as die kinders besig gehou moet word. 'n Speletjie soos roetekrieket is net die ding om die kilometers draagliker te maak. Elkeen in die kar kry 'n kolfbeurt en lopies word soos volg aangeteken met die hulp van aankommende verkeer: vir elke vragmotor kry jy 'n 6, vir bakkies 'n 4, vir sedanmotors 'n enkellopie en vir 'n sleepkombinasie wat van voor af kom, 2 lopies. Besluit vooraf watter voertuigmaak die kolfbeurt beëindig – in die ou dae was dit natuurlik die Volkswagen Kewer.

Die Suid-Afrikaanse Woonwavereniging-legende, wyle Christo van der Merwe, se sleepfilosofie was dat jou vakansie begin sodra jy begin sleep. Om daarby aan te sluit is my filosofie dat kennis oor bakens en stilhouplekke geleenthede skep om gereeld blaaskanse te neem, en dit behoort almal, van oud tot jonk, se reiservaring interessanter en meer stimulerend te maak. 



Ligte drama met 'n goeie kans
vir humor word voorspel!

Mooiweer en Warm

Dinsdae 20:00

K
kykNET
Kanaal 144

f t i @kykNETtv
www.kykNET.tv

Die jakkalsies kuier saam...

Die lewe staan nie stil in die kampplek nie... ook hier
kan dinge skeef loop, sê **Leon Botha**.



DW

Nes soet gewoonlik ook 'n titsel suur behels, het 'n heerlike tydjie in die kampplek ook maar sy ongelukke, glipse en rampe. Dinge soos om jou teen die braaier te brand, of, nóg erger, jou armhare weg te skroei terwyl jy die vuur aan die gang probeer kry met 'n proppie vol petrol. (Jy is net te dankbaar daar's nog iets oor van jou wenkbroue en kuif...)

Ek onthou 'n kampongeluk twintig jaar gelede in Mosambiek toe 'n lekkende gassilinder vir 'n Suid-Afrikaanse gesin nare gevolge gehad het.

Nader aan die huis het ek gehoor van 'n sleepspieël wat 'n voetganger getref het en die slagoffer onder die woonwa se wiele laat beland het. En een jaar op pad na die noorde van die land het ons 'n woonwa flenters langs die pad gesien – dit het gelyk of die sleepkombinasie teen die Abel Erasmusas af buite beheer geraak het...

Ja, dinge kan ernstig skeef loop.

En dan is daar die klein jakkalsies. Een jaar kamp ek as student met my Volla en 'n geleende waentjie in die destydse Transkei. Dis Desember, die wêreld is nat en die gladde modderpaaie op pad terug van Koffiebaai af is g'n grap nie.

Op een kol is die pad in 'n draai te steil en die Volla met die waentjie gly na links tot teen die rand van die pad waar die agterwiele net staan en tol. 'n Groep seuns kom toe verbygestap. Ek besef ek kan hier uitkom as ek die waentjie afhaak en die seuns help stoot.

Ek haak die waentjie af – teen dié tyd is ek druipnat van die reën. Die Volla voel-voel vir vastrapplek en ek kry stadig maar seker weggetrek.

Ek hou stil op die bultjie. Dit was eers toe ek terugstap om die waentjie uit te kry dat ek besef ek het nooit die ligte-propdraad uitgetrek nie...

Een Vrydagmiddag laat daag ons by die Soetdoring-kampplek in die Vaaldriehoek op. Dis die koeler maande, en ná ete sit ek nog tot ounag en staar na die lustelose vlamme van die kampvuur. Omdat dit koeler is, verruil ek my gewone plakies-en-kortbroek vir 'n langbroek. Die volgende oggend word ek wakker en besef ek het kliere waarvan ek nie eens geweet het nie... alles pyn!

Terug by die huis beaam die dokter: 'n Wolfspinniekop het sy pad teen my broekspyp opgekry. Gelukkig is dit darem nie 'n lewensgevaarlike agtpotige nie.

Op 'n ander kamptoeer deur Mosambiek het ek gesien hoe een van die gaste inderhaas huis toe moes vlieg nadat iets giftigs haar in die vlak rotspeele aan die hand gebyt het. Dit was die einste land waar ek vroeër 'n maand lank getoer het, net om die volgende week tuis in die hospitaal te beland met malaria.

Tot vandag toe is ek versigtig vir hoogwaterbranders wat naby die strand breek. Dit kom nadat ek een vakansie op Richardsbaai gedink het ek is onstuitbaar op my lyfplank. Kort voor lank gryp een van die branders my en druk my met een hengse krag teen die seebodem vas. Dit het soos minute gevoel, en ek besef as dinge nie nou los nie, is dit bokveld toe met my. Gelukkig het die woeste gemaal om my bedaar en ek kon bo die water uitgebeur kry.

“

Van sy kledingstukke beland in die aandrywingsas en begin hom soos 'n koeksister vasdraai.

”

As kind het ons as gesin elke jaar oor vakansietye op Sodwana se strande geboer, én dan het ons nog menige kerkkamp bygewoon.

En so 'n kamp was by die Bergheimoord in die Magaliesberg. Ek was nog op laerskool, en as ek reg onthou, was ons staanplek 'n oop kol onder groot ou koeltebome. Pa het vir ons gewys hoe maak jy 'n “yskas” van streepsakke: Jy gooi die sakke – die “mure” van die yskas – nat en dan koel die wind die inhoud af.

Ons het nie die kampeerders langs ons geken nie, want hulle was nie deel van die kerkgroep nie.

Daar was iets fout met hulle kar en die oom was onder die enjinkap doenig. Maar ongelukkig was hulle staanplek baie skuins, en die kar aan die bopunt van die opdraande geparkeer. Niemand weet wat gebeur het nie, maar die kar het skielik teen die skuinste begin afloop.

Die man het vervaard agter die kar ingespring om te probeer keer, maar beland toe in die proses onder die wiele. Van sy kledingstukke beland in die aandrywingsas en begin hom soos 'n koeksister vasdraai.

Dit was skaars oomblikke toe hardloep al wat leef en beef nader en tel die kar se stertkant op. Almal het toe darem heel-huids daar uitgekom.

My eerste kampwaentjie was 'n Venter Bushbaby wat ek nog destyds by die Randse Paasskou gekoop het. Ek het 'n afsonderlike daktent gekoop en dit self bo-op die waentjie vasgebout. Ons dogter, Eloïse, wat teen die ouderdom van ses maande omtrent elke uithoek van ons land gesien het, was nog in die doeke. (Sy het haar selfs saam met my die duine by Witsand laat uitklouter, want sy móés net die ervaring beleef.)

So beland ons in 'n kampplek by Louis Trichardt. Ons is fietsryers en neem deel aan die jaarlikse Kremetart-fietsresies. My broers en ouers is ook daar en ons slaan in 'n laer kamp op.

Die daktent staan hoër as enigiemand anders se tent – jy moet uiteraard met die leertjie tot by jou slaapplek klouter. En soos jy inklim, draai jy weer om sodat jy met jou kop by die deur slaap.

Eloïse kry haar plekkie tussen ons, maar ek word iewers in die nag wakker en besef hier is moeilikheid. Eloïse het in haar slaap vorentoe gekruip, onderdeur die gaasskerm wat onder die matras ingevou is... en sy's halfpad by die tent se deur uit!

Gelukkig het ek dit dadelik agtergekom. Ek skiet soos 'n pyl agterna, gryp blindelings, en kry haar aan die enkel beet voor sy met moederaarde kennis maak. Ek onthou nog die kraakgeluid in my ore wat my kennebak gemaak het toe ek een van die trappies tref, maar ons het saam te lande gekom, verder gelukkig ongedeerd.

Dinge het amper lelik skeef geloop. ●

Die blou trein

As jy dié potblou sleepkombinasie langs die pad sien, moet jy mooi kyk, want hy is waarlik enig in sy soort.

Teks **Leon Botha** Foto's **Etienne van Zyl**

Enige helderblou voertuig staan uit bo die res. Voeg nou 'n eenderse blou woonwa hierby en die spulletjie saam staan uit soos 'n vuurtoring op die rotse.

Dit is presies wat die eienaar van Tojem, Etienne van Zyl, gedoen het. In woonwakringe is Etienne en sy seun, Jean-Pierre, bekend vir die unieke Tonga-woonwa, en dis einste een van hulle wat Pa en Seun onder hande gehad het.

Die Tonga se standaardkleur is roomwit, maar die blou wa het 'n ander boodskap: Jy kan 'n Tonga in enige kleur bestel. Natuurlik sal voornemende kopers 'n soortgelyke kleur as hulle sleepvoertuig oorweeg.

Aanpassings is niks vreemds vir Etienne nie. Hy het 30 jaar gelede sy eie paneelklopperonderneming op die been gebring, maar dit was nie lank voor veselglas deel van sy wêreld geword het nie (die Tonga word ook van veselglas gebou).

Tot vandag toe voorsien Etienne-hulle veselglas-onderdele vir vragmotors, en dis waar die veselglasding begin het.

Op 'n kol moes die kajuit van vragmotors groter gemaak word om meer slaapplek vir die bestuurders in te ruim.

Een oplossing was om die vragmotordak met 'n veselglasweergawe te vervang.

Net soos jy 'n spesifieke kleurafwerking aan metaal kan gee, is dit ook met veselglas moontlik. Maar met veselglas is daar in dié geval twee benaderings afhangende van jou kleurkeuse. As jy 'n soliede kleur kies – dus sonder blinkertjies – word die spesifieke kleur deel van die veselglas se buitenste laag in die bouproses. As jy 'n metaalafwerking kies, is spuitverf die antwoord.

As jy dus gedink het jy sit sonder 'n pasmaat vir jou rooi Volkswagen Tiguan, oranje Renault Duster of geel Subaru XV, dink weer!



Het jy iewers dalk 'n seldsame sleepsel of ryding raakgeloop? Vertel ons daarvan en stuur vir ons 'n foto na rysleepp@weg.co.za





Kennis Caravans & Motorhomes

Die enigste motorwoonwa-deskundiges in SA vir meer as 40 jaar. Besoek www.kennis.co.za vir 'n kykie na ons immer wisselende keuse van nuwe en gebruikte motorwoonwaens.

Skakel 011 664 7000 of  **MOTORHOME-WORLD**
besoek ons by www.kennis.co.za



QUANTUM
LEISURE
Caravan Manufacturers

PLAASLIKE VERVAARDIGER VAN LUUKSE KARAVANE

COMFORT



**COMFORT
COUNTRY**



**COMFORT
DELUXE**



**COMFORT
FAMILY**



CARNIVAL



CONNECT



INFINITY



PINNACLE



**LANDWYD
BESKIKBAAR BY
EEN VAN ONS
HANDELAARS**

Kempton Caravans • 011 974 5595
GC Caravans Witbank • 013 697 5121
Natal Caravan & Marine • 031 702 7291
Middelburg Karavane • 013 243 5060
Quantum Caravan World Cape Town • 071 583 3669

www.quantumleisure.co.za

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Johan

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 🤔

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24